James Boyd White (1990: 19) stelt, anders dan Posner, dat een schrijver evenals een rechter altijd vanuit een bepaalde politieke of ethische visie schrijft:

I see the lawyer, then, as engaged in a set of linguistic and literary activities, just as the poet or novelist is [...]. Likewise, I see the poet or novelist [...] as engaged in certain forms of political and ethical discourse – of ‘legal’ discourse – just as the lawyer is, and on all sides whether they know it or not.

Volgens White spreekt niet alleen de rechter vanuit een bepaald discours dat zijn oordeel zal kleuren maar geldt dit eveneens voor schrijvers. André Brink zet zijn verhaal bewust in voor een politiek doeleinde; zijn roman, inclusief de “akte van beschuldiging” en de “sententie”, vormen in die zin de retoriek van zijn betoog. Zowel uitspraken als romans pleiten voor een bepaalde “zaak”. Zoals de rechter zonder literaire middelen zijn oordeel niet kan (weer)geven, zo zal een schrijver onvermijdelijk vanuit een bepaalde ethische en politieke optiek schrijven. Voor André Brink is deze onvermijdelijke inmenging van ethiek en politiek in de literatuur geen ongewenst effect; hij wendt integendeel de literatuur bewust aan om zijn boodschap over te brengen. Weisberg (1984: 42) stelde al dat literatuur bijzonder geschikt is om zaken of misstanden bloot te leggen:

No other medium can so expose the inevitable mix of professionalism and personal bias that motivates the socially powerful lawyer. Perhaps what we learn here is that professional success in law necessitates a kind of resonance between the lawyer's private biases and those of the wider power structure he serves.

In *Houd-den-bek* zijn de vooroordelen van de Raad aantoonbaar in samenhang met de opvattingen van de heersende groep die zij op die manier dient. Zo werden de klachten van de slaven over mishandelingen weerlegd of gebagatelliseerd en werd de rust in het land als belangrijke waarde gezien, waaruit een conservatieve houding is af te leiden omdat verandering dikwijls tot onrust leidt. Deze conservatieve houding diende de heersende klasse van slaveneigenaars. De roman toont op deze manier het verband met de tijd van de apartheid, omdat de rechters die in deze tijd rechtspraken hun oordeel velden op grond van de wetten van de apartheidspolitiek. Ook deze rechters hebben via een geconstrueerd verhaal hun oordeel gemotiveerd. Gebrekkige stukken in een dergelijke uitspraak kunnen door kritische lezing worden gevonden. Het gezag van het oordeel is hierdoor niet meer vanzelfsprekend.

Door de onrechtvaardigheid van de uitspraak van de Rade van Justitie aan te tonen en de nadruk die het legde op de rust en orde in het land wordt ook het apartheidsregime, waarvoor voorstanders ervan vooral pleitten omdat het orde zou scheppen en rust zou geven, aan een kritische blik onderworpen, of zoals Weisberg (1984: 43) stelt: “the storyteller wishes to criticize the ensconced social structure by demystifying its advocates”. Via zijn roman laat Brink zien dat (ook) rechters, die onpartijdig zouden moeten zijn, de machthebbers kunnen vertegenwoordigen, ook al zouden ze zo objectief en neutraal mogelijk recht moeten spreken. Dit werpt een ander licht op rechters, waardoor het besef van feilbaarheid van de Rade van Justitie over kan slaan op sommige rechters van de eigen tijd in het apartheidsregime. André Brink toont hiermee op literaire wijze de onrechtvaardigheid van de apartheid, waardoor hij een belangrijke bijdrage heeft geleverd aan de ondermijning van dit stelsel dat de menselijke verhoudingen zo op scherp stelde.

7. Conclusie

In dit artikel heb ik het effect onderzocht van de wederzijdse wisselwerking tussen de aanklacht en uitspraak tegen de slaven die in 1825 in opstand kwamen enerzijds en het middenstuk, waarin Brink dertig betrokkenen een stem geeft, anderzijds. Voor dit onderzoek heb ik voornamelijk gebruik gemaakt van de theorieën van “law and literature”, een onderzoeksgebied dat meestal wordt beschouwd als kader relevant voor juristen, maar dat mijns inziens ook ten dienste kan staan aan literatuurwetenschappers, zeker bij de analyse van een roman die zo doordrongen is van recht als *Houd-den-bek*.

In de tweede paragraaf heb ik aangegeven dat door bepaalde overeenkomsten tussen recht en literatuur beide onderzoeksgebieden in hun combinatie een meerwaarde kunnen bevatten. Literatuurwetenschap kan bijvoorbeeld worden ingezet om de retoriek en betekenisduiding in een juridische tekst te analyseren, terwijl het door juridische aspecten die voorkomen in een roman bevorderlijk kan zijn voor de interpretatie van een dergelijke roman om deze aspecten vanuit juridisch oogpunt te aanschouwen. Hierbij moeten echter ook de verschillen tussen recht en literatuur in het oog worden gehouden. Door ook deze verschillen in het onderzoek te betrekken kan men de juridische elementen binnen een literaire tekst beter bestuderen.

Omdat het recht aan het begin van de negentiende eeuw eigenlijk alleen maar gunstig was voor de heersende groep, moesten de slaven en werkers buiten dit systeem opereren en kwamen zij uit bij de enige denkbare oplossing waarvan Galant niet wilde dat het nodig was geweest: opstand en wraak. Dat ook binnen dit kader morele regels gelden, werd in de derde paragraaf beschreven.

In de vierde paragraaf is aangetoond dat een regime waarin bevolkingsgroepen tegenover elkaar worden gesteld, waarbij één groep vrijwel alle macht bezit, uiteindelijk vrijwel enkel uit slachtoffers en daders bestaat. Het zijn niet zozeer de mensen die juist of verkeerd handelen; het overheidsbeleid is zodanig corrumerend dat men voor extreme keuzes komt te staan. Men is gevangen in een bepaalde rol en zal deze rol bijna alleen maar met geweld van zich af kunnen schudden.

In paragraaf vijf werd een kritische blik geworpen op de “akte van beschuldiging” en de “sententie”, bezien in het licht van de verhalen van de betrokkenen zoals door Brink is opgetekend. Door zorgvuldige lezing van het feitenrelas en het uiteindelijke oordeel dat door de Rade van Justitie is gegeven komt de subjectiviteit van dit betoog naar voren, waarbij voornamelijk opvalt dat de Raad sommige kernpunten die pleiten voor de slaven naar de periferie wegdrukt, terwijl op omstandigheden die gunstig zijn voor de heersende groep nadrukkelijk wordt ingegaan.

Het verband dat bestaat tussen de wijze waarop door het overheidsbeleid de verhoudingen tussen groepen op scherp worden gesteld en de consequenties daarvan tijdens de slavernij en het apartheidregime, is behandeld in de zesde paragraaf. Hier werd de politieke boodschap die André Brink beoogt middels de roman over te

brengen uitgemeten. Brink heeft zijn roman geschreven in 1982, toen de apartheid in Zuid-Afrika nog gelding had en hij protesteert tegen dit overheidsbeleid via zijn roman. In deze paragraaf is ook uiteengezet op welke punten en om welke redenen mijn literatuuropvatting verschilt van die van Richard Posner. André Brink toont op literaire wijze de onrechtvaardigheid van een regime dat bestond in de tijd dat hij de roman schreef. Hierdoor heeft hij een bijdrage geleverd aan de ondermijning van dit stelsel dat de menselijke verhoudingen zo op scherp stelde.

Vrije Universiteit Amsterdam

Bibliografie

- Brink, André.** 1988 [1982]. *Houd-den-bek*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Cover, Robert M.** 1983. The Supreme Court, 1982 Term – Foreword: Nomos and Narrative. *Faculty Scholarship Series*, paper 2705. http://digitalcommons.law.yale.edu/fss_papers/2705. Geraadpleegd op 16 mei 2013.
- Gaakeer, Jeanne.** 2000. De canon in recht en literatuur: Van Wigmore via Weisberg naar het WorldWideWeb? In: Willem Witteveen en Sanne Taekema (reds.). *Verbeeldingsmacht. Wat juristen moeten lezen*. Den Haag: Boom Juridische Uitgevers.
- Giliomee, Herman.** 2003. *The Afrikaners. Biography of a People*. Charlottesville: University of Virginia Press.
- Jansen, Ena.** 2009. Slavernijromans als beginpunt voor een vergelijkend onderzoek tussen literatuur uit Zuid-Afrika en het Nederlands-Caribisch gebied. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 16(1): 3-28.
- Lenta, Patrick.** 2010. Introduction: Law and South African literature. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 22(2): 1-18.
- Pons-Vignon, N. en Anseeuw, W.** 2009. Great expectations: Working conditions in South Africa since the end of apartheid. *Journal of Southern African Studies*, 35(4): 883- 900.
- Posner, Richard A.** 1988. *Law and Literature. A Misunderstood Relation*. Cambridge: Harvard University Press.
- Theal, George McCall.** 1904. *Records of the Cape Colony from 1793*. Londen, volume XX: 188-340. <http://ia600402.us.archive.org/4/items/recordsofcapecol20theauoft/recordsofcapecol20theauoft.pdf>. Geraadpleegd op 15 mei 2013.
- Van Coller, H.C. (z.j.).** *Houd-den-bek* as meervoudige ek-roman. <https://lic.ned.univie.ac.at/af/node/5192>. Geraadpleegd op 16 mei 2013.
- Ward, Ian.** 1993. Law and literature. *Law and Critique*, 4(1): 43-79.
- Weisberg, Richard H.** 1984. *The Failure of the Word: The Protagonist as Lawyer in Modern Fiction*. New Haven: Yale University Press.
- Weisberg, Richard H.** 1992. *Poethics and Other Strategies of Law & Literature*. New York: Columbia University Press.

White, James Boyd. 1990. *Justice as Translation. An Essay in Cultural and Legal Criticism.* Chicago: The University of Chicago Press.

Noten

1. Dit artikel is een bewerking van mijn scriptie voor de master moderne Nederlandse letterkunde aan de Vrije Universiteit te Amsterdam. Grote dank gaat uit naar mijn begeleider prof. dr. Ena Jansen.
2. Zie voor de documenten waarop André Brink zijn roman heeft gebaseerd: George McCall Theal, *Records of the Cape Colony from 1793*, volume XX (Londen, 1904), 188-340, <http://ia600402.us.archive.org/4/items/recordsofcapecol20theauoft/recordsofcapecol20theauoft.pdf> (geraadpleegd op 15 mei 2013).
3. Niet iedereen die op de boerderij werkte was slaaf, er waren ook vrije mensen die in dienst waren bij de eigenaars van de boerderijen. Deze mensen waren autochtone inwoners van Zuid-Afrika, zoals de Khoikhoi (Ena Jansen, "Slavernijromans als beginpunt voor een vergelijkend onderzoek tussen literatuur uit Zuid-Afrika en het Nederlands-Caribisch gebied," *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 16 (2009-1): 6. De rechtbank spreekt over Hottentotten. De positie van deze vrije mensen verschilde echter vrijwel niet van die van de slaven, omdat zij onder nagenoeg dezelfde werkomstandigheden verkeerden en sterk afhankelijk waren van hun meesters.
4. Marjoleine de Vos, "Jurist moet romans lezen," *NRC Handelsblad* 31 januari 2012, 4-5.
5. Zie paragraaf 2 van dit artikel.

Die storie van Afrikaans

Perspektiewe op die verlede, hede en toekoms¹

Wannie Carstens

“A society can be terribly punished by a distorted understanding of the past.” (CW de Kiewiet)

The story of Afrikaans: Perspectives on the past, the present and the future

In this article the focus falls on the way the history of Afrikaans has been written in the past. Its premise is that, when the history of the shared past of Afrikaans is documented, it must reflect the contributions and experiences of all the persons who have spoken Afrikaans. Traditionally, only the contributions of the white speakers of Afrikaans were taken into consideration, but this does not provide a true reflection of what led to the development of Afrikaans. Afrikaans certainly is – and has never been – a language for white people only. It is therefore clear: The big picture of the development of Afrikaans can only be sketched when the story includes the roles of everyone who has spoken the language, irrespective of ethnic group. The shared rather than the divisive past of Afrikaans must be told. This article describes how the process of reconciliation between the various groups has progressed in order to create an environment for writing such a shared history.

1. Ter inleiding

Prof. Gert van der Westhuizen, dosent in Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Johannesburg, het in Augustus 2012 'n kort artikel in *Beeld*, een van die Afrikaanse koerante in Suid-Afrika, gepubliseer met as titel “Julle is die laaste groep”, bedoelende: “julle is die laaste groep aan wie ek 'n klas in Afrikaans aanbied”. In hierdie brief brei hy uit op die taalverskuiwing wat sedert 2004 op die kampus van hierdie universiteit, vroeër bekend as die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), plaasgevind het. 'n Universiteit wat gestig is om die belang van die Afrikaanse gemeenskap in die Johannesburgse omgewing te dien, is nou bykans 'n volwaardige Engelsmedium universiteit ten spyte van aansprake deur die bestuur van die universiteit dat dié universiteit 'n meertalige universiteit is. Hierdie brief word hier genoem om te illustreer wat die aard van die verskuiwing is wat besig is om in Suid-Afrika plaas te vind en dat wat in hierdie artikel ter sprake kom, nie in 'n lugleegte geskied nie.

Afrikaans is een van elf tale in die politieke landskap in Suid-Afrika ná afloop van die politieke skikking van 1994. Tot en met die aanvaarding van die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet in 1993 (opgevolg deur die aangepaste Grondwet van 1996) was Afrikaans een van slegs *twee* amptelike tale (die tweede een is naamlik Engels), maar ná 1994 is Afrikaans slegs één van *elf*. Met die komste van die nuwe bedeling ná 1994 is Afrikaans

se posisie dus beduidend geraak: magsgewys, statusgewys en getalsgewys (vergelyk Carstens, 2006a, 2006b).

Gekoppel aan Afrikaans se verlede is 'n stuk negatiewe geskiedenis en dit raak Afrikaans en haar sprekers se posisie in die Suid-Afrika van vandag en dit is 'n aspek wat verreken moet word. Die tyd ná 1994 het groot druk op Afrikaans meegebring en dit het onafwendbaar 'n effek gehad op die wyse waarop na Afrikaans as taal in Suid-Afrika gekyk word en hoe Afrikaans as taal in die Suid-Afrika van vandag gehanteer word. Dit is baie duidelik dat daar enorme druk op Afrikaans is en dit skep groot kommer in die Afrikaanse gemeenskap oor Afrikaans as taal onder tale in Suid-Afrika. Daarvoor kan bloot die daagliks briewekolomme van Afrikaanse koerante en internetgespreksforums (soos LitNet) geraadpleeg word. Dit wys op ernstige kommer oor wat van Afrikaans gaan word.

Omdat daar so baie is wat oor Afrikaans gesê kan word, moet daar keuses gemaak word en daarom word in hierdie artikel aandag gegee aanveral twee aspekte wat die posisie en status van Afrikaans raak: (a) *hoe Afrikaanssprekendes self kyk na die weerspieëeling van Afrikaans se verdeelde verlede en wat tans gedoen word om hieruit 'n gedeelde verlede te skep;* en (b) *wat die toekoms vir Afrikaans kan inhoud op grond van politieke verwikkelinge in die land.*

Daar is duidelike bedreigings en gevare op die horison vir die tale-opset in Suid-Afrika en stapte sal geneem moet word om Afrikaans en die inheemse tale se posisie te beveilig. Die rol van interne versoening in die Afrikaanse gemeenskap sal ook betrek word in die uitpak van die argument. *Die uitgangspunt is dat daar sonder versoening in die Afrikaanse gemeenskap geen toekoms vir Afrikaans kan wees nie.*

Ten einde die agtergrond vir die gesprek te bied, word 'n kort oorsig (dit is bloot net *enkele* hooftrekke) gegee oor die herkoms van Afrikaans. Dit is moontlik dat sekere sake en beklemtonings uitgelaat kan word, maar die ruimte vir 'n artikel is beperk. Dit is egter nie te sê dat dit wat dalk nie genoem word nie, nie van belang is nie.

2. Die VERLEDE van Afrikaans

Die storie van Afrikaans is 'n storie wat oor 'n lang tydperk loop. Om die waarheid te sê, begin hierdie storie ongeveer 7 000 jaar gelede toe daar onbekende stamme op die vlaktes van Europa rondgetrek het (vergelyk De Vries, e.a. 1993: 12-13; Van der Wal & Van Bree, 2008: 45 en verder; Verdam, 1923: 5 en verder). Wat oor die eeue gebeur het totdat Nederlands via die verskillende fases as taal sy vorm begin aanneem het, is ook vir Afrikaans van belang, want Afrikaans se verlede tot 1652 is presies ooreenstemmend aan die geskiedenis van die Nederlandse taal (vergelyk Raidt, 1991: 84-85). Raidt (1991: 84) druk haar soos volg hieroor uit (My kursivering – WAMC):

Die geskiedenis van die Nederlandse taal tot omstreeks 1700 – in sy taalverscheidenheid en sy variëteite – is die gemeenskaplike agtergrond van die moderne Nederlands en van Afrikaans. Die verandering van Nederlands aan die Kaap en die ontwikkeling van Afrikaans moet steeds teen dié agtergrond gesien en bestudeer word.

Alles wat dus deel is van die geskiedenis van Nederlands tot en met 1652, is óók deel van die geskiedenis van Afrikaans (vergelyk Raidt, 1991). In enige studie oor die ontwikkeling van Afrikaans as taal kan die rol van Nederlands as taal van Europa gevoleklik nie ontken word nie.

Natuurlik het die Nederlands van die 16de en 17de eeu nie dieselfde gebly op die bodem van Afrika nie (vergelyk Van der Wal & Van Breë, 2008: 45), want in Afrika het die steeds wordende Nederlandse taal 'n eie vorm en struktuur gekry en hier deur prosesse geaan wat die taal die vorm help gee het wat dit vandag het. Afrikaans het derhalwe in wese twee geskiedenis – die geskiedenis van Afrikaans (via die Nederlandse taal) in Europa en die geskiedenis van die ontwikkeling, wording en vestiging van die nuwe taal aan die suidpunt van Afrika.² Vervolgens kortliks net enkele opmerkings oor elkeen van hierdie sake.

2.1 Die Europese geskiedenis van Afrikaans

Die Nederlandse taalgeskiedenis word gewoonlik verdeel in drie fases, naamlik (i) die fase van Oud-Nederlands (ongeveer 400-1150 n.C.) en alles wat dit voorafgegaan het (soos die onderskeid tussen die verskillende vertakkinge van die Indo-Germaanse taalfamilie in Germaans, Romaans/Latyn, Grieks, ensovoorts, en die verdere ontwikkeling van die tale van die Germaanse volkere tot die stadium van Oud-Wesnederfrankies – die eintlike eerste vorm van Nederlands); (ii) die fase van Middelnederlands (\pm 1150-1550) wat gekenmerk word deur die opkoms van 'n aantal eiesoortige dialektes (Vlaams, Limburgs, Brabants en Hollands) wat weer die begin was van 'n ryk letterkundige nalatenskap en (iii) die fase van Nieu-Nederlands (\pm 1550 en later) wat gekenmerk word deur veral die volgende twee aspekte: die strewe na en opkoms van 'n "algemeen-beskaafde" taalvorm (ABN) in die 16de en 17de eeue en die totstandkoming van die vertaling van die Nederlandse Bybel (die sogenoemde "Statenvertaling") in 1637. In Nederlands is daar 'n magdom bronre wat hierdie ontwikkeling deeglik uiteensit – soos Beekes, 1990; De Vooys, 1975; De Vries e.a., 1993; Lecoutere & Grootaers, 1948; Van den Toorn e.a., 1997; Van der Auwera & König, 1994; Van der Horst & Marschall, 1989; Van der Sijs, 2005; Van der Sijs, 2006; Van der Sijs e.a., 2005; Van der Sijs & Verhoef, 2009; Van der Sijs & Willemyns, 2009; Van der Wal & Van Breë, 2008; Verdam, 1923; Willemyns 2013.

Die Nieu-Nederlandse fase is hier van besondere belang, want die eerste nedersetters aan die Kaap het uit hierdie tydvak gekom. Dit was mense wat uit verskillende uiteenlopende sosiale en geletterdheidslae gekom het en in 'n groot mate ook nog dialekties-geskakeerd was, maar reeds in die fase was waarin hulle begin gewoond raak het aan 'n wordende algemene taalvorm (die taal van die Statenvertaling van die Bybel). Dit is met hierdie mate van taalonvastigheid wat die klompie aanvanklike nedersetters (wat hoofsaaklik uit die area rondom die hawestede Rotterdam en Amsterdam gekom het) teen einde 1651 saam met die amptenaar Jan van Riebeeck die reis na "De Kaap de

Goede Hoop” op drie onstabiele skepies (in vandag se terme) aangepak het om in opdrag van die “Here Sewentien”, die direksie van die VOIC, ’n verversingspos aan die suidpunt van Afrika by die “Kaap van Storms” te kom stig (vergelyk Steyn, 1980: 102-104; Raidt, 1991: 84 en verder). Hier was nie tyd vir “taalverfyning” nie (aldus Raidt, 1991: 84) – die eise was te groot om die taak wat hulle moes kom uitvoer, ten uitvoer te bring. Hulle het dus hier gekom in ’n grootliks onstabiele taalomgewing.

Hulle het beslis nie gekom met die edele idee om ’n nuwe nasie tot stand te laat bring (of ’n nuwe taal te vestig) nie, maar eerder met die opdrag om (a) ’n plek tot stand te bring waar die Nederlandse handelsvaarders op hulle heenreise na die Ooste kon aandoen vir vars voorraad en (b) ’n hospitaal vir siek seelui op te rig (Steyn, 1980: 102-104). Hulle was beslis ook nie die eerste Nederlanders wat ’n tydperk aan die Kaap deurgebring het nie – verskeie jare voor hulle koms was daar al Nederlandse skipbreukelinge vir etlike maande aan die Kaap gestrand waar hulle reeds begin kontak maak het met die inheemse bevolking (vergelyk Raven-Hart, 1967; Steyn, 1980: 102-104; Van Rensburg 2012). Hierdie keer het hulle egter gekom met die doel om ietwat langer te bly en om die strategies geleë suidpunt goed te benut vir hulle eie doeleindes (vergelyk Steyn, 1980: 102 en verder, Van Rensburg, 2012).

2.2 Die Afrikageskiedenis van Afrikaans

Enkele flitse uit die geskiedenis van Afrikaans in Afrika word hier onder genoem:

Op 6 April 1652 het kommandeur Jan van Riebeeck met sy geselskap bestaande uit slegs 90 persone (insluitende ’n aantal vroue en kinders) amptelik in die Kaap aan wal gestap om sy opdrag uit te voer, naamlik om ’n verversingspos te stig wat met die hulp van die produkte wat hulle moes lewer, die handel tussen die ooste en die weste sou kon bevorder (vergelyk De Villiers, 2012a: 41-42). Dat dit uiteindelik sou lei tot die totstandkoming van ’n nuwe land met ’n eiesortige taal en tradisie, sou hy waarskynlik nooit kon dink nie. Hier aan die suidpunt van Afrika het daar mettertyd uit die saamleef van verskillende volkere wel “iets anders” ontwikkel, ’n volk wat ’n taal van Europese oorsprong sou praat, maar wat stewige wortels in Afrika (en ook in Asië) sou hê.

Die klompie amptenare wat onder die eerste koloniste was, het probeer om ’n tradisie van amptelike Nederlands onder die nedersetters te vestig – dit was egter nie heeltemal geslaag nie omdat aan die een kant die amptenare redelik gewissel het (as gevolg van normale verplasings en verskuiwings in die amptenary) en die nedersetters aan die ander kant min gepla was met die behoud van ’n amptelike Nederlandse skryfform. Dit was vir hulle eerder ’n stryd om fisiese oorlewing as om die handhawing van ’n nog wordende taal wat ver verwyder was in Europa. Die res van die nedersetters (wat natuurlik ook in diens was van die kompanjie) was gewone matrose en boere en hulle was oorwegend dialeksprekers van Vlaamse, Utrechtse, Seeuse, Brabantse en Hollandse (veral Suid-Hollandse) herkoms. Aan die Kaap was daar dus aan die een kant ’n voortsetting van ’n stedelike Nederlands (soos oorwegend gepraat deur die

amptenare) en aan die ander kant 'n dialektiese Nederlands (soos gepraat deur die res van die nedersetters) (vergelyk Raidt, 1989, 1991).

Die nedersetters was beslis ook nie die eerste inwoners van die Kaap nie. Hier was reeds 'n inheemse bevolkingsgroep soos die *Khoekhoen* gevestig en hulle kontak met die koloniste was nie altyd te positief nie (vergelyk Bredekamp, 1982; Elphick 1985; Van Oort, 2008: 24 en verder; Van Rensburg, 2012; Van Rensburg, 1997). Mettertyd het van hulle in diens getree by die kompanjie en as veewagters, ensovooorts, opgetree; ander groepe het weer verder getrek die binneland in. Dit is 'n ongelukkige feit van die geskiedenis dat die kontak met die blanke nedersetters in 'n beduidende mate bygedra het tot die uiteindelike ondergang van 'n groot deel van die Khoekhoenbevolking weens onder meer (pes-) siektes (soos tifus en pokke). In later jare het van die Khoekhoenbevolking ook probeer om die Nederlandse taal aan te leer, maar daar was min sukses daarmee (vergelyk De Villiers, 2012a: 41-43; Steyn, 1980: 104-106). Hulle kontak met die aanvanklike en ook die latere koloniste word vandag nog steeds gereflekteer in die talle name van Khoekhoenoorsprong vir dier- en plantsoorte, plekname, en so meer.

Teen omstreeks 1690 was daar reeds al tekens (en daar is voldoende dokumentêre bewys daarvan – vergelyk Raidt, 1991: 115 en verder) van 'n veranderende Nederlandse taalvorm aan die Kaap. In die tussentyd het die Kaap met sy hawegeriewe 'n gewilde aankomplek vir reisigers geword en talte reisigers het ook besluit om aan die Kaap aan te bly. Voordat die Franse Hugenote teen 1688 hulle opwagting aan die Kaap begin maak het, was daar al 'n stellige klompie *slawe* uit die Ooste (Indië, Ceylon en Batavië) en Afrika (Angola) aan die Kaap – hulle is hoofsaaklik ingevoer om die groot arbeidstekorte aan te vul (vergelyk De Villiers, 2012a: 44-45; Groenewald, 2002; Shell, 2012; Steyn, 1980; Van Oort, 2008: 28 en verder). Dié slawe is baie sterk aangemoedig om Nederlands aan te leer – hulle kon byvoorbeeld hulle vryheid koop as hulle Nederlands kon praat en in die NG Kerk aangeneem is. Via die slawe het talte Maleise en Kreools-Portugese woorde die veranderende Nederlandse taal binnegedring en mettertyd deel geword van die alledaagse woordeskat van Afrikaans.

Die *Franse Hugenote* was in der waarheid 'n betreklik klein groepie en om te verhoed dat hulle invloed uitbrei, is hulle tussen die Nederlandssprekende boere in die skiereiland en omstreke geplaas (vergelyk De Villiers, 2012a: 45; Raidt, 1991: 93-95; Steyn, 1980: 111-114). Sodoende kon die totstandkoming van 'n eie Franse groep binne die groeiende Kaapse gemeenskap verhinder word. Teen 1725 was die Franse taal as afsonderlike taal aan die Kaap net nie meer lewensvatbaar nie (vergelyk Pheiffer, 1980) en hulle is ook in die Nederlandssprekende (eintlik vroeg-Afrikaanssprekende) gemeenskap geïntegreer.

Ook 'n aantal *Duitsers* (veral as soldate, matrose, onderwysers, predikante, ambagsmanne), *Dene*, *Swede* en immigrante uit ander bevolkingsgroepe het in die loop van die tyd hulle opwagting aan die Kaap gemaak (vergelyk Raidt, 1991: 93-95; Steyn 1980: 111-114). In nie een van die gevalle was hulle teenwoordigheid en getalle van so

'n omvang dat dit 'n groot invloed kon hê op die steeds veranderende Nederlandse taal aan die Kaap nie.

Wat wel belangrik is uit hierdie kontaktyd, is die gebrekkige Nederlandse taalvorm van die vreemdtaalsprekers. Hulle pogings om die taal van die Nederlandse bewindhebbers van die tyd te praat, het nie net aanleiding gegee tot 'n versnelling in van die veranderinge wat reeds in die Kaapse taal aan die gang was nie, maar ook tot die aanhelp van die proses van *normale taalverandering* wat momentum begin optel het (vergelyk Raidt, 1989).

Die groot *kreoliseringdebat* kom hier ter sprake – Roberge (1994), Deumert (2004), Groenewald (2002), en talle ander beskryf hierdie prosesse goed. Hans den Besten se navorsing oor die rol van kreolisering in hierdie proses moet ook hier vermeld word (vergelyk Van der Wouden, 2012). Teenoor die burgers en vreemdtaalsprekers se pogings om die taal van die tyd te praat, was daar steeds die soms verbete pogings van die Nederlandse amptenary om die status van die Nederlandse skryftaal te bewaar.

Teen 1740 was die algemene omgangstaal nie meer die Europese Nederlands van die 18de eeu nie, maar eerder 'n vorm wat duidelik daarvan begin afgewyk het (byvoorbeeld in terme van die werkwoord- en naamwoordstelsel wat aan die vereenvoudig was, in woordeskat, en so meer). Daar is na dié vorm verwys as "Kaaps-Nederlands".

Teen omstreeks 1790-1795 was Nederlands as sodanig in min gevalle nog die werklike omgangstaal onder Kapenaars. Navorsing (deur onder meer J. du P. Scholtz) duï daarop dat die basiese grammatale struktuur van Afrikaans al teen 1795 duidelik gevestig was en daar is dan ook al redelik vry na dié taalvorm verwys as "Afrikaans-Hollands". Nederlands was wel nog die amptelike skryftaal (selfs nog tot in die vroeë 20ste eeu), maar die *praattaal* was beslis nie meer Nederlands nie.

Vanaf 1795 kom die tydperk van kontak met die Engelse (vergelyk De Villiers, 2012b; Giliomee, 1975; Scholtz, 1964; Steyn, 1980: 124 en verder). Brittanje het die Kaap die eerste keer beset vanaf 1795 tot 1803 om strategiese oorlogsredes. Hulle het aanvanklik geen poging aangewend om die Kaap te verengels nie. Eers ná die tweede Britse besetting van die Kaap vanaf 1806 tot 1814 en veral nadat die Kaap in 1814 'n permanente Britse kolonie geword het, is daar in alle erns probeer om van die Kaap 'n volwaardige Engelse kolonie te maak. Deur die pogings van goewerneurs soos Sir John Cradock en Lord Charles Somerset (laasgenoemde met sy bekende taalproklamasie van 1822) is daar ver gevorder met hierdie ideaal toe onder meer Skotse onderwysers en predikante na die Kaap ingevoer is. Dit was ook nodig om Engels te kan gebruik alvorens jy werk in die staatsdiens sou kry. Die dominansie van Engels as taal van wyer kommunikasie is hier al gevestig.

Vir heelwat van die inwoners was die kontak met die Engelse taal en kultuur heel aangenaam en het hulle hul ook daarmee versoen, want dit het goed met hulle gegaan. Talle ander het in opstand gekom teen die afdwing van Engels en het begin om te propageer vir eie Nederlandse skole en kerke. Wat hier egter teen Nederlands getel het, was die feit dat Nederlands nie meer werklik teen Engels bestand was nie, want

Nederlands was eintlik nie meer 'n lewende taal in Suid-Afrika nie. Die taal wat algemeen gepraat is, was *Afrikaans*, maar dit het weer nie die nodige status as "taal van die volk" gehad om die stryd teen Engels aan te knoop nie (vergelyk Pienaar, 1943; Scholtz, 1964; Steyn 1980). Daar was dus 'n soort skaakmatsituasie teen die wêreldtaal Engels, die taal van die bewindhebbers van die tyd. Teen 1865 het Engelse dienste in selfs die Nederlandse kerke 'n instelling geword en hiermee het Nederlands eintlik die stryd finaal teen Engels verloor.

Daar was intussen 'n ander baie belangrike ontwikkeling aan die gang. Boere aan die Oosgrens het naamlik uit ontevredenheid met die Engelse regering se onvermoë om hulle te beskerm teen die swart stamme teen omstreeks 1836 begin om die binneland in te trek (die sogenaamde "Groot Trek") (vergelyk Steyn, 1980: 131 en verder, Visagie 2012a, 2012b). Daar is deur die uitwissings (die *difaqane*) van talle swart stamme deur Shaka se magte teen omstreeks 1830 'n natuurlike vakuum geskep waarin die voorttrekkende boere kon inbeweeg (vergelyk Visagie, 2012a: 108-115). Talle van hierdie boere het oor die Drakensberge Natal binnegetrek, ander het hulle in die Vrystaat gevestig en nog ander het deurgegetrek na die Transvaal. Sommige (soos Louis Trigardt) het selfs aanhou trek tot in Mosambiek en ander nog verder tot in Kenia. So is die Afrikaanse taal verder die binneland ingedra.

Die vorm van Afrikaans wat hierdie trekkers met hulle saamgeneem het, staan vandag bekend as *Oosgrensaafrikaans* – dit is naamlik daardie variëteit van Afrikaans wat aan die sogenaamde Oosgrens sy beslag gekry het in die jare 1770-1835 (vergelyk Van Rensburg, 1989, 2012). Dit word wyd aanvaar dat hierdie variëteit mettertyd die basis gevorm het vir die huidige Standaardafrikaans.

Daar is ook twee ander historiese variëteite waarmee deeglik rekening gehou moet word, naamlik (a) *Kaapse Afrikaans* (dit is daardie variëteit wat sy beslag gekry het in die Kaapse skiereiland en omgewing en wat veral na die wegtrek van 'n aantal grensboere tog 'n eiesoortige vorm ontwikkel het onder invloed van veral die taal van die slawe en hulle nakomelinge) en (b) *Oranjerivieraafrikaans* (dit is daardie variëteit van Afrikaans wat ontstaan het as gevolg van die kontak wat Afrikaanssprekendes gemaak het met van die stamme wat aan die Oranjerivier gewoon het) (vergelyk Van Rensburg, 1989, 2012).

Die nie-erkenning van die Nederlandse taal en ook die verpligte gebruik van Engels vir talle doeleindes, het geleidelik aanleiding begin gee tot 'n bewuswording van die eie identiteit van die Afrikaner en van sy bestaansreg as volk met 'n eie taal en kultuur (vergelyk Giliomee, 2004, 2012c; Steyn, 1980: 129 en verder). Daar was ook 'n groeiende ontevredenheid met die houding van die Britse regering oor bepaalde aspekte soos byvoorbeeld hulle optrede (eintlik gebrek aan optrede) tydens die Basoetoe-oorloë (1865-1866, 1867-1868), die stryd oor (en anneksasie van) die diamantgebied in die 1870's, die miskennings van die regte van baie Afrikaanssprekendes in dié tyd. Dit het geleid tot 'n groter bewuswording van die politiek en tot die besef dat hulle iets moet doen aan hulle posisie. Dit het weer geleid tot die groei in nasionalisme by die Afrikaner

en veral taalkwessies het hier 'n rol gespeel (vergelyk Giliomee, 2004, 2012b; Steyn, 1980, 1987).

Teen 1870 was daar al 'n aandrang onder talle sprekers dat Afrikaans as taal tot sy reg moet kom. Dit is verder aangehelp deur die ywer van Nederlanders soos Arnoldus Pannevis en C.P. Hoogenhout wat hulle sterk beywer het vir die vertaling van die Nederlandse Bybel in die *omgangstaal* van die tyd, Afrikaans, om die "Woord van God ook vir die bruin mense verstaanbaar te maak". Dit het dus nie uitsluitlik gegaan om die verhef van die spreektaal tot statustaalt ter wille van die taal self nie, maar eerder daarom dat die taal vir godsdiensdoeleindes 'n wyer gebruik kon kry. Saam met 'n persoon soos ds. S.J. du Toit het daar op 14 Augustus 1875 'n "Genootskap vir Regte Afrikaners" (d.i. vir persone met "Afrikaanse harte", naas dié met "Engelse" of "Hollandse harte") tot stand gekom en hieruit het heelwat Afrikaanse publikasies voortgespruit – hierin kon die spreektaal ook in 'n skryftaalvorm weergegee word, byvoorbeeld in die blad *Die Afrikaanse Patriot* (en die latere *Ons Klyntji*). Daar word gewoonlik na hierdie fase verwys as die "Eerste taalbeweging", maar 'n mens sou missien eerder kon sê dat dit die eerste fase was in die beweging om die taal van die Afrikaanssprekende naas Engels en Hollands erken te kry. 'n Patriotiese strewe was dus gekoppel aan 'n taal- en godsdiensstrewe; vergelyk byvoorbeeld die leuse van die GRA: "om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land" (vergelyk Botha, 1989; Pienaar, 1943; Steyn, 1980).

Daar word deur sommige persone beweer dat GRA-dag (14 Augustus 1875) en die plek (Paarl) waar die GRA tot stand gekom het, die belangrikste dag en plek in die geskiedenis van die Afrikaanse taal is. Dit is nie die volle waarheid nie, want Afrikaans was teen daardie tyd al 'n lewendige spreektaal (en ook skryftaal in verskeie koerante van die tyd) onder verskeie bevolkingsgroepe. Daar is byvoorbeeld duidelike bewyse dat Afrikaans al teen 1830 as skooltaal deur die Moslems (hoofsaaklik Maleiers) in hulle skooltjies gebruik is en ook dat daar al teen 1856 'n boek of wat in Arabies-Afrikaans gepubliseer is – die eerste werklike publikasie in boekvorm was inderdaad in Arabies-Afrikaans. Ook in die bruin gemeenskap, veral by die sendingstasie te Genadendal, was daar al duidelike pogings om Afrikaans as skryftaal in die Broederkerkers se kerkpublikasies *De Bode* (1859) en die latere *De Kinder-Vriend* weer te gee (vergelyk Du Plessis, 1986; Steyn, 1980: 136-138).

Wat wel belangrik is van die Paarl en die GRA-dag, is dat dit die stimulus verskaf het tot die verdere groei van Afrikaans as *skryftaal* en dat dit indirek daartoe bygedra het om die strewe na 'n eie taal en die erkenning van 'n eie taal onder die Afrikaanssprekendes aan te wakker.

Die eerste fase van die Afrikaanse taalbeweging was teen omstreeks 1898 afgehandel, hoofsaaklik omdat een van die hoofrolspelers, ds. S.J. du Toit, se politiek verander het (van ondersteuning vir pres. Kruger tot ondersteuning vir Cecil John Rhodes) en hy die ondersteuning van die Afrikaanssprekendes verloor het. Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog) teen Brittanje (1899-1902) was die Afrikaanse volk verpletter en verslaan (vergelyk Pretorius, 2012).

Van die leiers het opnuut die strewe na en erkenning van 'n eie taal begin gebruik om

die verslaande Afrikaner sy selfrespek te laat herwin en dit het veral in die jare 1904–1925 momentum gekry met die verdere opbloei van nasionalisme onder die Afrikaners (vergelyk Giliomée, 2004, 2012b). Verskeie toesprake en lesings deur invloedryke persone het die Afrikaner tot die besef laat kom dat sy taal erkenning verdien as taal van die land. Afrikaanse koerante en tydskrifte het tot stand gekom, die strewe na eie skole het toegeneem, redes is aangevoer in die parlement waarom Afrikaans erkenning verdien en dit het in 1925 uitgeloop op die besluit in die parlement om onder die begrip “Hollands” ook “Afrikaans” te verstaan (die Wet op Officiële Talen van de Unie, Wet nr. 8 van 1925) (vergelyk Giliomée, 2004, 2012a, 2012b).

Afrikaans het erkenning gekry as skooltaal (eers op laerskoolvlak in 1914) en binne enkele jare daarna ook op hoërskool- en universiteitsvlak (teen 1918), as kerktaal (tussen 1916 en 1919), as taal van ’n groeiende letterkunde (vergelyk Botha, 1989; Pienaar, 1943; Raidt, 1991: 242; en verder, Steyn, 1980). In 1915 is begin met die samestelling van ’n Afrikaanse woordelys en spelreëls (wat in 2009 reeds sy tiende, hersiene uitgawe beleef het), in 1926 is begin met die saamstel van ’n woordeboek van die Afrikaanse taal (van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* het reeds 13 dele – tot by die letter S – in 2012 verskyn). In 1933 het die eerste volwaardige vertaling van die Bybel in Afrikaans verskyn (die jongste vertaling van die Afrikaanse Bybel het in 1983 verskyn, terwyl daar tans ’n proses aan die gang is om ’n nuwe vertaling van die Bybel tot stand te bring – waarskynlik teen 2015) (vergelyk Pienaar, 1943).

In die jare 1925 tot 1961 het Afrikaans geweldig vinnig ontwikkel. Omdat Afrikaans skielik in 1925 van *status* verander het (van ’n laefunksiespreektaal tot ’n volwaardige skryftaal ook vir hoëre funksies) en hy eintlik nie die taalkundige apparaat daarvoor gehad het nie, het hy redelik vryelik by Nederlands geleen om sy tekorte aan te vul (vergelyk Uys, 1983 oor die eerste en tweede vernederlandsing). Vandaag het Afrikaans in ’n groot mate hierdie invloed afgeskud en kan hy as ’n volwaardige standaardtaal in alle opsigte erken word.

Afrikaans is eintlik eers in Mei 1961 in die nuwe grondwet van die Republiek van Suid-Afrika naas Engels erken as amptelike taal van Suid-Afrika. In 2013 is Afrikaans ’n taal wat gebruik word vir die uitvoer van alle funksies (hoog en laag) en kan hy aanspraak maak op ’n uitsonderlike en eiesoortige letterkunde. Hier onder word die posisie van Afrikaans sedert 1994 vlugtig bekyk in afdeling 3.

Afrikaans wat begin het as taal van Europa, het geëindig as taal van Afrika – dit is daarom ’n taal met ’n stewige Europese penwortel, maar ook met duidelike wortels in Asië en Afrika.

Hierdie kort oorsig oor die proses van die ontwikkeling en groei van Afrikaans is wel redelik eensydig, soos die ingeligte leser sou agtergekom het. En dit is juis een van die groot redes waarom Afrikaans se verlede nie as vlekkeloos beskou kan word nie en waarom sienings oor die verlede so gekritiseer word. Te veel van die een kant van die storie van Afrikaans – die wit kant – is naamlik vir te lank voorgehou as dié geskiedenis van Afrikaans en in hierdie proses is die ander kant – die geskiedenis van ook die bruin

en swart sprekers van Afrikaans – opsy geskuif. In die volgende afdeling word dieper op hierdie saak ingegaan.

3. Die HEDE van Afrikaans

3.1 *Apartheid en Afrikaans*

Afrikaans is sedert die 1970's onder druk. Hierdie druk hang in 'n groot mate af van die assosiasie van Afrikaans met die politieke filosofie van *apartheid* wat sedert 1948 na vore gekom het in Suid-Afrika en bestendig is met die bewindsoorname van die Nasionale Party (NP) in 1948. Ná die verkiesing in 1948 het Afrikaans die taal van die nuwe regering geword en in hierdie taal is onregverdighede teenoor landsgenote gepleeg. Daar is al baie geskryf oor die beduidende impak van apartheid op Afrikaans (vergelyk o.a. Giliomee, 2004, 2012c, 2012d, 2012e, 2012f; Scher, 2012; Steyn, 1980, 1984).

Giliomee (2012d: 307-308) wys daarop dat die apartheidsbeleid as sodanig wel 'n betreklik klein rol in die NP se verkiesingsveldtog gespeel het en dat dit eerder die omstrede oorlogsverklaring was – om aan die Tweede Wêreldoorlog deel te neem op aandrang van genl. Jan Smuts – en die ontwrigting wat dit in die land meegebring het, wat tot die oorwinning van die NP op 26 Mei 1948 by die stembus gelei het. Die gevolg van die oorwinning was egter dat Afrikaans as taal spoedig die "simbool van die Afrikaners se kollektiewe identiteit geword" het (Giliomee, 2012d: 308). Die manier waarop sommige Afrikanerleiers in die jare daarna "die taal as eksklusiewe Afrikanerbesit toegeeëien het, het egter 'n kloof tussen hulle en bruin en swart sprekers van die taal geskep" (Giliomee, 2012d: 308). En hiermee het Afrikaans die stigma van taal van die onderdrukker begin kry, want oor jare is die beleid in meer detail uitgewerk en geïmplementeer.

Die jare sedert 1948 in Suid-Afrika het daartoe gelei dat die greep van Afrikanernasionalisme al hoe sterker op die land en die breë Suid-Afrikaanse samelewing geword het en dat die belang van ander groepe beduidend hieronder gely het. Die belang van die eie (wit) groep het voorkeur gekry bo die belang van die groter (wit, bruin, swart) groep (vergelyk Scher, 2012: 325-327). Dit het mettertyd gelei tot die beleid van rasvoorkeur, die vestiging van afsonderlike woonbuurte vir die onderskeie groepe, die verskuiwing van mense uit woongebiede om dit moontlik te maak, aparte skoolstelsels, die ontneem van die stemreg van bruin en swart mense, en so meer.

Dit het mense ook ontneem van hulle menseregte, van hulle menswaardigheid, dit het van hulle minderwaardige burgers in hulle eie land van geboorte gemaak, mense is daagliks verneder, gedwonge verskuiwings het families ernstig ontwrig, mense mag mekaar nie oor kleurgrense liefgehad het nie, en so meer (vergelyk ook Jackson, 2012). *Die effek op menseverhoudinge oor kleurgrense heen was dus catastrofies, ook vir die verhouding tussen taalgenote oor kleurgrense heen.*

Die huidige wit Afrikaanse post-50-geslag in Suid-Afrika, het hierdie proses en

die gepaardgaande stuk geskiedenis beleef en kan ook oordeel oor die rol wat gespeel is om die beleid van apartheid, met voorkeur aan die eie, in die land waar te maak. Dit het so diep ingewortel geraak dat dit mense se denke en menslikheid geraak het. Hierdie geslag kan ook oordeel oor die proses wat gevolg is om hierdie beleid ongedaan te maak. Hulle (ons) het tegelykertyd ook 'n rol om te speel deur die skade van die verlede deur hulle (ons) eie optredes en bydraes ongedaan te probeer maak. Meer daaroor hier onder.

3.2 Aftakeling van apartheid

Tussen 1948 tot 1994 het daar baie verwikkelinge gekom. Daar is al baie hieroor geskryf en gesê, en daarom word hierdie stuk geskiedenis nie weer opgehaal hier nie. Wat wel duidelik is, is dat via verskeie politieke prosesse, wat die land in groot onrustigheid gehad het, en ook weens druk op politieke prosesse, die nuwe Suid-Afrika in 1994 tot stand gekom het (vergelyk onder meer Brits, 2012; Giliomee, 2012e, 2012f; Grobler, 2012a, 2012b; Scher, 2012). In hierdie proses staan verskeie punte tog uit:

- Die Soweto-opstand van 1976 waar Afrikaans die skuld gekry het vir die opstand in die land.
- Die gebruik van Afrikaans as taal van bevryding deur die United Democratic Front (UDF) in die 1980's.
- Die opkoms van die ANC en die gewapende stryd in Suid-Afrika (met die hulp van bomme, ontploffings, ensovoorts).
- Die geleidelike demokratisering van die politieke klimaat, ook as gevolg van die buitelandse druk (soos sinksies, die kulturele boikot deur Nederland, ensovoorts).
- Die onderdruk van politieke onrus deur die veiligheidsmagte en die reaksie wat dit meegebring het.
- Die ontbanning van die ANC en ander verbode partye in 1990.
- Die onderhandeling van 'n nuwe demokratiese bedeling in die 1990's.
- Die totstandkoming van 'n nuwe (onderhandelde) grondwet vir Suid-Afrika in 1993.
- Die eerste demokratiese verkiesing in April 1994.
- Die nuwe ANC-regering wat in Mei 1994 beheer oorgeneem het.

Dit is so dat die proses sedertdien ook groot ontnugtering meegebring het omdat die bestuur van die land vandag op verskeie vlakke onder groot druk is weens wanprestasie van die nuwe regering (vergelyk Brits, 2012; Joubert, 2012). Die neiging is nog steeds om gebreklike prestasie te wyt aan apartheid – alhoewel daar duidelik al stemme opgaan teen die ophaal van apartheid as verskoning as sake verkeerd loop in die land. Sandile Memela (2012) het onlangs gesê dat dit tyd is om op te hou om apartheid verantwoordelik te hou vir alles wat in die land verkeerd loop. Mense moet naamlik

ophou om redes te gee waarom dinge nie gedoen kan word nie sodat ons kan voortgaan om te werk aan die samelewing wat ons graag wil hê ... *Kom ons aanvaar dat apartheid 'n gefaalde stelsel was en iets van die verlede is. Dit behoort tot die asblik van die geskiedenis.* (My kursivering – WAMC.)

Ook rakende die taalopset ná 1994 is nie die verwagte resultate gekry nie.

3.3 Die talebedeling ná 1994

Soos vroeër reeds aangedui, was daar voor 1994 slegs twee amptelike tale in Suid-Afrika, te wete Engels en Afrikaans. Die Afrikatale was beperk tot afgebakende gebiede (die eufemistiese benaming vir die ou tuislande) waar hulle gebruik is. Ná 1994 is daar nou elf tale wat amptelike status geniet, waarvan Afrikaans en Engels slegs twee is. Dit raak dus die status van beide Afrikaans en Engels. Weens die negatiewe persepsies oor die Afrikaans (veral sedert 1976 met die Soweto-opstand en die uitkringende gevolge daarvan) kry Engels voorkeurbehandeling as kommunikasietaal in Suid-Afrika en as taal van die regering. Daaroor is daar geen twyfel nie, al word dit ook hoe ontken. Die *beloofte* van meertaligheid wat die nuwe talebedeling meegebring het, realiseer gewoon nie in die praktyk nie (vergelyk Carstens, 2006b). Meertaligheid is dikwels meer lippediens as praktyk in die Suid-Afrika van vandag.

Daar is mense wat sê dat hierdie meertalige bedeling nie kan werk nie – dit is naamlik nie “prakties haalbaar” om aan elf tale dieselfde status en gebruikswaarde te gee nie – en dat Engels daarom eerder as die voorkeurtaal in Suid-Afrika gebruik moet word (vergelyk Carstens, 2006a, 2006b). Dit maak sake soveel eenvoudiger en goedkoper, is die tipiese argument. ’n Joernalis, J. Rantoa, het in 2005 in die *Cape Argus* ook gesê Afrikaans verdien geen spesiale behandeling nie:

So, what is special about Afrikaans? Why is this language being treated as something special and accorded a status higher than the other 10 official languages of this country? The truth is that there is nothing special about Afrikaans. It is a language like any other. The only “special” thing about it is that it was the official language of a racist regime which tried, unsuccessfully, to ram it down the throats of all South Africans. Other than this infamous historical significance, Afrikaans is not special and should be treated as such.

Dit verwoord ook baie swart en bruin mense se persepsie oor Afrikaans – dit bly ’n taal wat so baie skade aangerig het en verdien daarom nie ’n kans tot oorlewing en selfs bewaring in die nuwe Suid-Afrika nie. Die herinnering aan Afrikaans is te veel gekoppel aan menslike lyding en verwerping. Waarom verdien Afrikaans daarom ’n kans?

Demografiese ondersoeke wys ook dat baie van die tradisioneel bruin sprekers van Afrikaans na Engels oorgegaan het en dat dit die taal van prestige en opvoeding onder bruin en swart inwoners geword het. Dit is werklikhede waarmee Afrikaans rekening moet hou in die bedeling sedert 1994. Dit geld wel nie net vir Afrikaans nie, maar

ook vir die nege geïdentifiseerde Afrikatale in die Grondwet, want ook hulle groei en ontwikkeling het min werklike groei en ontwikkeling opgelewer. Die krag van Engels as internasionale taal is daarvoor te groot.

Wat staan die sprekers van Afrikaans en die Afrikaanse taalgemeenskap dan te doen? Is dit 'n geval van boedel oorgooi en dan in die spreekwoordelike hoekie gaan sit om sodoende uit die openbare oog te kom? Of is dit eerder 'n geval van vrede maak met die foute en ongeregthede van die verlede en dan aan te gaan om 'n bydrae tot die uitbou van die land en sy inwoners te lewer? So baie Afrikaanssprekendes het reeds geïmmigreer: of na die *buiteland* (volgens beskikbare syfers van die vakbondbeweging Solidariteit meer as 800 000 na lande soos Australië, Nieu-Zeeland, Kanada, die VSA en dele in Europa) of na *binne* (“onttrek jou dus uit die samelewing agter jou spreekwoordelike mure in en laat die res van die land rondom jou aangaan, want ons is duidelik nie meer nodig nie” – maar lewer tog telkens kommentaar op die samelewing wat in 'n staat van verval is).

In die res van hierdie artikel word aan die hand van Carstens (2006a, 2006b, en veral 2013) terugvoer gegee oor 'n proses wat tans mee help om die Afrikaanse gemeenskap weer nader aan mekaar te laat beweeg en wat daartoe kan bydra om die *interne immigrasieproses* om te keer: dit is 'n proses wat *onderlinge versoening* ten doel het.³

3.4 Van 'n verdelende na 'n gedeelde verlede⁴

Steyn (1984: 19-20) se woorde oor die kloof tussen die komponente van die sprekersgemeenskap van Afrikaans is hier ter sake:

Afrikaans kan dit nie bekostig dat dit ('n deel van) sy blanke sprekers of ('n deel van) sy bruin sprekers verloor omdat sy kultuurskeppings, as geheel genome, nie genoeg verskeidenheid vertoon nie. *Afrikaans moet iets beteken vir sowel die konservatiewe as liberale deel van sy gemeenskap; dit moet, sy dit in verskillende publikasies, draer bly van die ideale, belang en streeves van wit en bruin.* (My kursivering – WAMC.)

Sedert die middel 1990's het daar al hoe meer 'n bewuswording onder Afrikaanssprekendes (wit, bruin en swart) gekom dat die toekoms van Afrikaans in Suid-Afrika in die hande van die sprekers van Afrikaans self is. Dit is so dat niemand iets vir Afrikaans gaan doen as die Afrikaanssprekendes dit nie self doen nie, en veral die huidige regering toon min bewyse van entoesiasme om tale anders as Engels te bevoordeel.

Daar wag dus werk op die lede van die Afrikaanse taalgemeenskap as die gesamentlike toekoms moet waar word. Die naaste wat 'n mens aan die toekoms kan kom, is om dit self te skep. Dit beteken dat die risiko om die toekoms van Afrikaans aan die huidige regering in SA oor te laat, bloot te groot is. Twee aspekte staan hier uit:

- Die behoefté om die storie van Afrikaans so te vertel dat alle hoeke van die storie belig word – dus *die volledige storie van Afrikaans*. Die storie van wit én bruin én swart sprekers van Afrikaans; dus die volle objektiewe geskiedenis van Afrikaans.

Cleophas (2012) sê dit is kwalik moontlik om 'n gebalanseerde geskiedenis te vertel, want geskiedkundige dade is volgens hom nie emosioneel gebalanseerd nie en gevvolglik kan die vertelling daarvan ook nie wees nie. Dit keer ons egter nie om wel te *probeer* om dit te doen nie. Dit is iets wat die sprekers van Afrikaans in die belang van Afrikaans sal móét aanpak. In Van Rensburg (2012) is 'n poging aangewend om huis hierdie storie te vertel.

- Die proses van *onderlinge versoening* onder die sprekers van Afrikaans sodat daar helsing kan plaasvind.

Wat moet gebeur dat die volle verhaal van Afrikaans vertel word? Daar word vryelik aangehaal en verwys na Carstens (2013) om hierdie punt toe te lig:

Daar is al by herhaling gesê dat 'n *taal* nie die skuld kan dra vir die foute van *sommige* van sy sprekers nie (vergelyk onder andere Van Rensburg, 1989b hieroor). Gerrit Brand het in 'n meningstuk gesê dat daar ook onthou moet word dat nie alle "blankes skuldig was aan apartheid nie" (Brand, 2009). Die feit dat 'n destydse minister gesê het dat Afrikaans gebruik moet word as medium van onderrig in Soweto in 1976 (vergelyk Steyn, 2000; Pienaar, 2004), impliseer nie dat alle Afrikaanse sprekers so dink nie en dat alle Afrikaanse sprekers noodwendig onderdrukkers – of rassiste – is nie. Dit (die siening oor Afrikaans vanuit die kant van die regering) was wel die vonk wat die spreekwoordelike kruitvat laat ontploff het en die geskiedenis wys wat die uitkoms van die hele proses was. Die woede was toe gemik teen die wit sprekerskorps van Afrikaans. Daar was dus kollektiewe woede teenoor alle wit mense wat Afrikaans praat (vergelyk Brand, 2009). Aan die ander kant moet ook onthou word dat Afrikaans gebruik is om Suid-Afrika te bevry – die geskiedenis wys dit duidelik uit (vergelyk Steyn, 1980; Brand, 2009; Van Wyk 2012).

In Van Oort (2008) kom die kwessie van die verdelende versus die gedeelde verlede van Afrikaans ter sprake. Hierin kry ons 'n aanduiding van hoe ons vorentoe kan gaan, onder andere deur reeds op skoolvlak seker te maak dat die volle storie (met ander woorde: die storie van die *gedeelde* verlede van die sprekers van Afrikaans – van wit én bruin én swart) van Afrikaans vertel word. Die jeug is die vertrekpunt en daarom moet die jeug ingelig word oor dit wat onderliggend aan die inklusiewe verlede van Afrikaans lê. In hierdie verband is die volgende aksies al geloods:

- Materiaal is voorberei vir grade 4-6 en 7-10 vir opname in die nuwe kurrikulum oor Afrikaans en dit word reeds vanaf 2013 op skoolvlak infaseer.
- Onder die vaandel van die Afrikaanse Taalraad (ATR) is 'n boek – deur Van Rensburg met as titel *En so kry ons Afrikaans* (2012) – geskryf waarin die inklusiewe storie van Afrikaans vertel word, in 'n populêre styl en formaat sodat dit so toeganklik as moontlik kan wees. Dus: die verlede word bestuur deur 'n *inklusiewe inligtingsproses*. Hierdie boek sal in ander tale vertaal word om die storie van Afrikaans ook aan hulle te vertel.

Die ATR het in Maart 2011 in Stellenbosch 'n gesprek gereel oor die gebeure rakende Soweto 1976. Die aard van die gesprekke dui daarop dat die Afrikaanse jong mense al begin het om hierdie negatiewe stuk verlede te verwerk – nie te *vergeet* nie, maar te *verreken* in hoe hulle die geskiedenis van Afrikaans beleef (vergelyk Le Cordeur e.a., 2012). Op hierdie wyse leer hulle om hulle eie nuwe geskiedenis te skryf – soos verwoord deur mev. Helen Zille tydens 'n Vryheiddaggeleentheid op 27 April 2012 in Pretoria: "Ons het die verantwoordelikheid om ons eie storie te skryf. Ons moet eienaarskap neem vir ons toekoms deur dit stukkie vir stukkie uit te kerf." (Vergelyk Essop, 2012.)

Hieruit blyk dit dat die klimaat nou waarskynlik ryp is om hierdie verlede agter die rug te begin sit sodat aangegaan kan word met die proses om te besin oor Afrikaans as taal én in die besonder Afrikaanssprekendes se rol in die Suid-Afrika van 2013, oor die Afrikaans van 2060 (vergelyk Carstens, 2010), soos in die studie van Ronel van Oort (2008) uiteengesit. (Vergelyk ook Carstens, 2010b; Steyn & Duvenhage, 2011.) Willemse (2011) sê ons durf nie langer toelaat dat net "een kant van die geskiedenis" (dus die wit kant) vertel word nie, aangesien dit ontmagtigend op die res van die sprekers inwerk, met ander woorde asof hulle geskiedenis nie ook deel van die groot geheel is nie. Die gevolg hiervan is: "...wanneer *ons* nie *ons* storie vertel nie, werk *ons* mee aan die vernietiging van ons geskiedenis." (My kursiverings – WAMC.) Daar moet daarom onthou word dat die storie van die meerderheid Afrikaanssprekers nog nie na behore vertel is nie, en dat hulle self sal moet begin om eienaarskap te neem van die proses om wél hulle storie te vertel. As "hulle" dit nie gaan vertel nie, gaan dit nie vertel word nie.

Vir die res van die artikel volg enkele opmerkings oor 'n proses wat ten doel het 'n *inclusiewe* Afrikaans, 'n Afrikaans wat *verteenvoerdigend* is van sy *volle* sprekerskorps. Hierdie proses sal grootliks die toekoms van Afrikaans bepaal. Daaroor is daar geen onduidelikheid nie. Die klem val hier ook op die *proses* as sodanig en nie noodwendig op die beplande uitkom nie. Sonder die proses kán daar nie 'n uitkom wees nie (vergelyk Carstens, 2013).

4. Die toekoms van Afrikaans

Uit die omvattende literatuur (vergelyk die bronnellys van hierdie artikel vir 'n oorsig van bronne) blyk dit dat die toekoms van Afrikaans bepaal gaan word deur 'n hele aantal faktore. Aan die een kant *verteenvoerdig* hierdie faktore 'n diversiteit, maar aan die ander kant is dit weer die faktore wat saám werk om 'n uitkom te verkry.

- Die nakom van die *taalbepalings* in die Grondwet (vergelyk Steyn & Duvenhage, 2011). Sonder *grondwetlike beskerming* kan 'n taal op die lange duur tot niet gaan. Die aandrang op die instel van die nuwe wet op die gebruik van Suid-Afrikaanse tale is daarom van kardinale belang omdat dit die raamwerk skep vir die bestuur van tale in Suid-Afrika (vergelyk Cornelius & Malan, 2012; Lourens, 2012; October, 2012).

- Die rol van taalaktiviste en van die burgerlike gemeenskap in hierdie proses moet nie onderskat word nie. Dit is wel ook duidelik – in die woorde van ’n spreker tydens ’n onlangse (2012) byeenkoms oor die nuwe talewet in Suid-Afrika – “dat Afrikaans te belangrik is om aan die regering oor te laat”.
- Die *demografiese profiel* van die sprekerskorps van Afrikaans: dit moet uitbrei eerder as afneem. Ook die sekondêre Afrikaanse sprekersgemeenskap (dit wil sê die tweede- en vreemdetaalsprekers) moet toeneem.
- Die *relevansie* van Afrikaans en sy sprekersgemeenskap in die nuwe Suid-Afrika. Watter bydrae maak hierdie gemeenskap tot die uitbou van die land? Word Afrikaanssprekendes deur die regering van die dag ervaar as afbrekend, as kermkouse oor alles wat verkeerd loop? Of lewer die sprekers van Afrikaans ’n bydrae om die land te laat werk?
- Die *betrokkenheid* van die sprekers van Afrikaans by die bedryf en bestuur van die land. Om op die kantlyn te staan en te kritiseer, is nie bevorderlik nie.
- Die verandering van *gesindhede* oor Afrikaans en sy verlede. Wat moet gedoen word om die negatiewe gesindhede oor Afrikaans se verlede in ’n positiewe lig te kan beskou?
- Die oopmaak en vertel van al daardie dele van Afrikaans se verlede wat nog nie behoorlik vertel is nie. Ook oor daardie variëteite van Afrikaans wat nog besinning verdien – soos in Julie 2012 toe ’n simposium oor Kaaps as variëteit van Afrikaans aangebied is (vergelyk Kotze, 2012; Pakendorf, 2012; Titus 2012). Die gesprek ook die Maleise variëteit van Afrikaans kry ook heelwat aandag (vergelyk Willemse & Dangor, 2011) en heelwat woorde uit die Maleise gemeenskap is reeds in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 2009 opgeneem.
- Maar veral ook deur die proses van *interne versoening* wat in die Afrikaanse gemeenskap aan die deurloop is (vergelyk Carstens, 2013; Van Oort, 2008). In Steyn (1984: 19-20) se woorde moet Afrikaans “iets beteken vir sowel die konserwatiewe as liberale deel van sy gemeenskap; dit moet, sy dit in verskillende publikasies, draer bly van die ideale, belang en strewes van wit en bruin” (My kursivering – WAMC). Eers dan is daar hoop vir Afrikaans.

Kortlikse enkele opmerkings hieroor.

Die “storie” wat hieroor vertel word, het drie onderskeibare fases.

4.1 FASE 1: Die Afrikaanse Oorlegplatform (1990's)

In 1996 is in Afrikaanse geledere met ’n proses begin wat ten doel gehad het ’n liggaam wat namens Afrikaans as taal moes praat en wat verteenwoordigend sou wees van die demografie van Afrikaans (vergelyk Steyn, 1998 hieroor). Dit moes in die woorde van prof. Herman Gilioomie ’n “soepele Afrikaanse Raad van Afgevaardigdes waarin wit, bruin en swart Afrikaanstaliges hulle ewe huis voel” (Steyn 1998: 253) wees. So ’n liggaam sou dan

oor die potensiaal beskik “om met ’n magtige stem oor sake soos die verontregting van Afrikaans ... te spreek” (My kursiverings – WAMC).

Reaksies en steun van skrywers en vanuit mediageledere het die voorstel gesteun en Breyten Breytenbach het selfs gepleit vir “n organisasie wat verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes kan wees”. Dit moes ’n “koördinerende liggaam” wees, ’n “saamstaan”, “n ‘adres van uitklaring’ waar aangeklop kan word vir inligting en raad en bystand. *So ’n ‘adres’ moet die belang van swart en bruin en wit Afrikaners kan artikuleer en verteenwoordig.* Maar die inisiatief moenie van politieke partye en ou patriargale bonde en koukusse en klieks kom nie” (My kursiverings – WAMC).

Daar is uiteindelik ’n verkenningskomitee aangestel met as doel die stigting van ’n “oorkoepele Afrikaanse organisasie”, ’n “saambrelorganisasie” wat “hoofsaaklik ’n taal- en kulturele inslag sal hê en nie-polities van aard sal wees”. Hierdie organisasie moes die volgende doen:

- Verleen krag en kohesie “aan die dikwels versplinterde aksies van ’n magdom Afrikaanse organisasies”.
- Moet “voorspraak vir Afrikaans doen en dit versterk”.
- Moet “die welsyn van die deel van die Afrikaanse gemeenskap wat histories benadeel is, probeer bevorder”.
- Moet “bondgenootskappe met ander minderhede probeer sluit”.
- Die klem moes “op ’n saambindende proses eerder as ’n struktuur ... val”.
- ’n Nuwe denke en die bou van vertroue tussen Afrikaanssprekendes as deel van die burgerlike gemeenskap moes gevestig word om uit “die slagyster van die verlede” te ontsnap (Steyn, 1998: 260).
- *Inklusiwiteit* moes ’n kernrol speel in die ontwikkelende proses.

Steyn (1998: 262)oordeel dat die denkverskuiwing wat plaasgevind het sedert die idee van so ’n AO die eerste keer in 1996 genoem is, van belang is omdat dit op ’n mate van eenheid dui wat vroeër nie bestaan het nie. ’n Ander groot voordeel was dat rolspelers wat aanvanklik los van die proses gestaan het, wel by die proses betrokke geraak het. “Mense met uiteenlopende sienings oor die kultuur en politiek vind dat hulle soveel gemeen het dat hulle gesamentlik kan beplan vir Afrikaans.”

Dit blyk dat “mense van soveel uiteenlopende rigtings, ook aanvanklik antagonistiese mense betrek kon word” (Steyn, 1998: 262) by ’n breë proses in die belang van Afrikaans.

Die AO was uiteindelik nie die beplande sukses nie en inisiatiewe het kort daarna ook begin doodloop. Die rede is waarskynlik dat die *tydsgees* vir die totstandkoming van so ’n liggaam in Suid-Afrika (nog) nie ryp was nie. Dit was nog te kort ná die aftakeling van apartheid en die begin van die nuwe Suid-Afrika om Afrikaans so te posisioneer. Dit kan wel beskou word as die *begin* van ’n proses van herposisionering van Afrikaans eerder as die *resultaat* van die proses self.

4.2 FASE 2: 'n Nasionale strategie vir Afrikaans (2003-2008)

Die lede van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (die NTLA), 'n substruktuur van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), het in Maart 2003 'n proses aan die gang gesit wat ten doel gehad het die ontwikkel van 'n nasionale strategie vir Afrikaans. Die proses was aanvanklik broos en min organisasies het belang gestel om hierby betrokke te raak. Die dryfkrag agter die proses was wel die strewe om 'n liggaam tot stand te bring wat die belangte van alle Afrikaanssprekendes moes verteenwoordig, niemand moes uitgesluit word nie. Hierdie liggaam moes 'n forum wees "waar almal wat belang by Afrikaans het met mekaar in gesprek kon tree". Gerrit Brand (2004) het hom soos volg hieroor verwoord:

Die bedoeling van so 'n forum moet juis wees om aan almal die geleentheid te gee om hulle standpunt te stel. Die forum moet dus nie pro- of anti-Afrikanerraad wees nie. Voor- en teenstanders van so 'n raad moet hulle sprook kan spraak. Swart, wit en bruin Afrikaanspraters, sowel eerste- as tweedetaalsprekers, moet daar hul mening kan lug. *Die hele kleurvolle spektrum van standpunte, belang en voorgestelde strategieë moet daar die podium kan betree.* (My kursivering – WAMC.)

En verder:

Die voordeel van so 'n gespreksforum met 'n *leë agenda* is dat dit almal kan betrek sonder om enige spesifieke groepering uit die staanspoor te marginaliseer of hulle aktiwiteite in die wiele te ry. *Alle organisasies en individue wat op een of ander manier met Afrikaans gemoeid is, kan nog steeds rustig (of onrustig) voortgaan met dit wat hulle doen, maar terselfdertyd kan hulle begin om gemene grond te verken en stadig maar seker 'n mate van konsensus rondom bepaalde sake te stig.* Hardnekke verskille in standpunt of strategie hoof nie in so 'n forum te verdwyn nie, maar kan juis duideliker aan die lig kom terwyl daar besluit word om op daardie punte "to disagree to agree". Onderlinge misverstande en wanpersepsies kan egter ook uit die weg geruim word. (My kursiverings – WAMC.)

Hierdie proses is sedert 2003 deur verskeie stappe, wat as fases beskou kan word. Die afhandel van elke stap/fase was nodig om die klimaat te skep vir die volgende stap/fase.

- Die aanbied van 'n *simposium* onder beheer van die FAK in September 2003: die idee van 'n "groter voetspoor vir Afrikaans" is hier as vertrekpunt gebruik en die gedagte van 'n proses van *samewerkung* in die groter belang van Afrikaans, is hier geloods.
- 'n *Voortsettingskomitee* het sedert 2003 die proses gedryf en wel deur die beplan en aanbied van die *Eerste Nasionale Afrikaanse Taalberaad* in Augustus 2004 in Stellenbosch. Verskille oor kleurgrense heen oor die aard van die proses na afloop van die beraad het wel bykans die beweging reeds daar gekelder. Dr. Neville Alexander, taalaktivis verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, se raad was egter duidelik om hieroor te kom: beweeg stadig vorentoe en konsultereer voortdurend

met mekaar. Letterlik “voetjie vir voetjie”. En: wees bereid om selfs ’n tree terug te neem as die proses dit sou verg. Vooruitgang moes nie ten alle koste geskied nie.

- Die formuleer van ’n goed nagevorste en gekonsulteerde *taalplan* en die bekendstelling daarvan in Februarie 2005. Die proses is hierna bestuur aan die hand van die taalplan.
- Die *Nasionale Forum vir Afrikaans* (NFA) het in April 2005 tot stand gekom as die instrument waardeur die proses verder gestuur moes word. Die doel van die NFA was tweeledig: om gespreksgeleenthede te skep waartydens Afrikaanssprekendes met mekaar kan praat oor sake en ook die doen van navorsing oor Afrikaans (soos die opvolg van die eerste taaloudit van 2004). Die bewuswording in die komitee was ook deurgaans: tyd is nodig om wonder te heel en kanale weer oop te maak.
- Die *Tweede Nasionale Afrikaanse Taalberaad* is in Februarie 2007 in Pretoria aangebied en die NFA het hier die mandaat gekry om op die gekose pad – die pad van inklusiwiteit en versoening – voort te gaan.
- Die behoefte aan ’n verteenwoordigende liggaam wat kan mee help om die onregte van die verlede te oorbrug en sodoende helsing te kan bewerkstellig, het in die maande daarna harde werk en verskeie konsultasies met belangegroepe gevorg. Dit het uiteindelik op 24 Mei 2008 in Wellington gelei tot die totstandkoming van die *Afrikaanse Taalraad* (ATR) onder die leiding van prof W.A.M. Carstens (vergelyk Prinsloo, 2006a, 2006b, 2007, 2008a, 2008b).

4.3 FASE 3: Die Afrikaanse Taalraad (2008-)

Die betrokkenes by hierdie proses het die volgende vertrekpunte (vergelyk Carstens, 2009b, 2013) gebruik.

- Die einddoel van die proses sou wees *heling* in Afrikaanse geledere en dit sou verkry kon word deur *versoening* aktief en sigbaar te bestuur.
- Die besef dat versoening van twee kante kom en dat daar van *alle* kante oopmaak en bereidheid tot versoening moes wees.
- *Toewyding* tot en ’n strewe na *versoening* en *werklike inklusiwiteit* binne die Afrikaanse gemeenskap.
- Die besef dat die betrokkenes met ’n *proses* besig was. Die proses as sodanig sou waarskynlik waardevoller as die *produk* kon wees.
- Soveel as moontlik organisasies en instansies moet betrek word. Die ATR het reeds tans (2013) 41 lidorganisasies wat ongeveer 450 000 persone in die georganiseerde Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig.
- Die proses sou *tyd* neem. Om die seer van die verlede te oorkom, neem tyd en dit word nie net “reggedokter” nie.
- Die afbreek van *wantroue* oor mekaar as groepe – as wit, bruin, swart.
- *Wedersydse vertroue* sal opgebou moet word gebaseer op gedeelde waardes en visies.

- Die proses sou *harde werk* verg.
- Die proses sou *geduld* en *verdraagsaamheid* met mekaar vra.
- Die proses vra dat tyd gemaak word vir werklike *luister* na mekaar. Maar ook vir die *hoor* van mekaar.
- Vordering sou kom mits die toewyding daar is en daar ook die geduld is om die proses sy natuurlike loop te laat neem.
- Doelbewuste pogings en projekte tot *samewerking* oor grense heen moet aangepak word. Sonder voorbeeld van sodanige suksesse is daar geen bewys dat die proses sigbare resultate oplewer nie – dit is nodig om te wys dat ons wel kán saamwerk.
- Die geloof dat die Afrikaanse taalgemeenskap wel die vermoë het om homself te organiseer.
- Die *deel* van gedeelde *ervarings* (mislukkings en suksesse).
- Die bereidwilligheid om aanpassings te maak soos die proses vorder, en die besef dat daar by tye selfs *kompromisse* aangegaan moet word. Die proses het laat blyk dat kompromisse van kernbelang is sodat daar nooit 'n verloorsituasie vir enigmend ontstaan nie.
- Die samewerking met die breë burgerlike gemeenskap – dus 'n soort *vennootskap*. By tye blyk hierdie vennootskap onder druk te kom, maar gelukkig bly die ATR nog steeds op koers.
- Die *deel* van bronne en strukture.
- Die *saamvier* van suksesse.
- Die *oopstel* van mekaar se *menswees* vir ander. Dit is 'n kernvoorwaarde vir enige vordering.
- Daar moet ruimte gelaat word vir *verskille* en vir verskillende benaderings tot die hanteer van sake.
- Daar is 'n gedeelde *liefde*: Afrikaans.
- Die proses moet lei tot die *beskerming* en *bevordering* van Afrikaans en tot die *bemagtiging* van die sprekers van Afrikaans.

Hierdie proses het tyd geneem om deur te loop, maar dit was uit terugvoer duidelik dat die uitkoms van die beweging wel gelei het tot 'n liggaam wat nou sy plek volstaan in die Afrikaanse gemeenskap van 2013 (vergelyk Carstens, 2013 vir 'n vollediger uiteensetting hiervan). Slegs die geskiedenis sal vorentoe kan oordeel oor die uitkoms van wat hier bo uiteen gesit is. Omdat die proses gebaseer is op onderlinge vertroue en 'n gedeelde visie, het dit wel 'n groter kans op sukses as die destydse Afrikaanse Oorlegplatform. Terugvoer dui daarop dat groot vordering gemaak is (vergelyk Carstens, 2010, 2011, 2013) en dat daar goed gevorder word met die vestiging van versoening in Afrikaanse geledere.

In enige proses is daar ook probleme wat hanteer moet word en die proses het onder meer die volgende uitdagings opgelewer:

- Die tekort aan fondse om projekte uit te voer om werklik bemagtigend te kan werk.

- Onderlinge verskille kom by tye nog na sterk vore. Telkens is wel daarin geslaag om dit te oorbrug. En dit sal nog lank so voortduur omdat ons mense is met verskillende sienings van die verlede van Afrikaans.
- Daar is nog werk om die gedeelde visie na almal uit te brei.
- Nog nie genoeg organisasies uit bruin en swart geledere het aangesluit nie.

Hoe oordeel ander oor die versoeningsproses? Lei dit tot die verlangde en verwagte uitkoms? Die Afrikaanse literator Annemarie van Niekerk, wat in Den Haag woon en die voorreg het om van die buitenland af terug te kyk na Suid-Afrika, oordeel in 'n onderhoud op LitNet (3 Februarie 2012) soos volg oor die stand van versoening in die Suid-Afrikaanse gemeenskap:

Ek is op kort termyn nogal pessimisties oor die versoeningsproses tussen Suid-Afrikaners. Daar gebeur baie goeie dinge en daar is 'n baie mense wat werklik probeer om versoening te bewerkstellig, maar daar is ook nog soveel wrokkigheid en haat en rassisme wat bly smeul. *Die wonde van die verlede kan nie so vinnig genees nie; ons moet geduldig wees; die skade wat aangerig is deur apartheid, is onvoorstelbaar groot.* Dit smeul nog voort, en elke nou en dan word daar weer nuwe vuurtjies aangestek. Maar daar is ook baie mooi dinge wat gebeur en daar is definitief positiewe veranderinge te sien onder groot dele van die jonger generasie. Dit gaan 'n tydjie duur voordat al die vrot uit die appel gesny is. (My kursiverings– WAMC.)

Dit kom pessimisties voor, en by tye voel dit nog steeds so in Suid-Afrika as 'n mens die agteruitgang in die land raaksien. Daar is sekerlik nog werk voor en daaroor kan nie geswyg word nie. Die eerste belangrike stappe na mekaar is egter reeds geneem en dit gee alreeds hoop op 'n gesamentlike toekoms.

5. Samevatting

Uit die argumentasie hierbo blyk dit dat die verlede nie so maklik afgeskud word nie. Dit sal altyd met ons wees en ons sal moet leer om dit te hanteer (vergelyk Carstens, 2013). Die onregte van die verlede durf nie vergeet te word nie, want dit het Afrikaanssprekendes van mekaar vervreem en wat bymekaar gehoort het, om politieke redes uit mekaar gehou. As daar wel nie daarby (dit is wrokkigheid oor die verlede) verby beweeg kan word nie, gaan daarby vasgesteek word en dit gaan uiteindelik verlammend inwerk op menseverhoudinge. Daarom moet daar ook 'n toekomsvisie vir Afrikaans geformuleer word. Scholtz (2012) sê die regte stap om dit vorentoe te kan verwesenlik, behels die volgende:

Afrikaans se redding lê in *oopmaak, in grense afbreek*, en *inklusiwiteit*, nie in toemaak en afskerm nie. Afrikaans is groter as die Afrikaners, want laasgenoemdes deel hulle moeder met die meeste bruin mense en selfs sommige swart mense en Indiërs. ... *Afrikaans moet die instrument van aanvaarding en transformasie wees ...* (My kursiverings – WAMC.)

Daar wag dus doelbewuste werk op die lede van die Afrikaanse taalgemeenskap om die gesamentlike toekoms vir almal waar te wil maak. Daar moet saamgewerk word aan 'n stem wat kan aanspraak maak dat "namens Afrikaans" gepraat word, en wat in die belang van Afrikaans dalk sal kan bydra tot 'n waarlik getransformeerde Afrikaans, oftewel 'n inklusiewe Afrikaans wat voorsiening maak vir *al* sy sprekers (vergelyk Carstens, 2013). Slegs as 'n inklusiewe benadering gevolg word, is daar hoop om 'n plan van aksies te formuleer wat kan slaag. Vir so 'n aksie word die toewyding en ondersteuning van die totale Afrikaanse gemeenskap benodig (vergelyk Van der Rhee, 2012) en nie net van een groep nie.

Slegs langs hierdie weg lê die pad vir Afrikaans vorentoe – daar moet sáam gedink en sáam gedoen word en in hierdie proses moet dieselfde visie vir Afrikaans as taal van Suid-Afrika ontwikkel word. Afrikaans is beslis nie net 'n taal vir een groep sprekers nie – daarvoor is die inherente verskeidenheid te groot. Slegs as doelbewus almal in die Afrikaanse gemeenskap ingesluit word in prosesse en verwikkelinge, sal daar 'n *gedeelde Afrikaanse visie* ontwikkel kan word en slegs as daar 'n gedeelde Afrikaanse visie is, kan daar gepraat word van die Afrikaanse gemeenskap wat homself waarlik aangepas en verander het in die nuwe Suid-Afrika ná 1994 (vergelyk Gouws, 2012).

Hoe raak hierdie stappe versoening van vandag in Suid-Afrika, veral versoening tussen die wit en bruin sprekers van Afrikaans? Weer eens is die *proses* van groot belang: die luister met 'n oop gemoed, die aanhoor van slechte ervarings, die oopstel vir en die skep van kommunikasie tussen wit en bruin sprekers, die gelyke behandeling van mense (die *menswaardigheid* waarvan die Grondwet melding maak) en ook boetedoening deur bemagtigende optredes by die voorheen benadeeldes. Dit is al 'n stap in die regte rigting. Dit mag ook nie paternalisties wees nie, dit moet spreek van eerlikheid en opregtheid, van 'n erns om 'n verskil te wil maak (vergelyk Carstens, 2013).

Dit is 'n lang en soms moeilike pad om te volg, maar die Afrikaanse gemeenskap sal in sy totaliteit wel hierdie pad móét loop – individueel sowel as groep. Dit is daarom van belang dat doelbewuste pogings aangewend word deur *individue* (elke Afrikaanssprekende in sy/haar eie hoedanigheid), maar ook deur *instansies/verenigings* (soos die ATR, die ATKV, die Vriende van Afrikaans, die FAK, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikaanse Taalmuseum en verwante instansies, die Erfenisstigting, die Vereniging vir Regslui vir Afrikaans, die Afrikanerbond, die Rapportryers, die Dameskring, ensovoorts) om te alle tye 'n inklusiewe benadering met taal en kultuur te volg. Sodoende "... verseker 'n mens *goedgesindheid, begrip* en *kommunikasie* wat nie so maklik met ander middele bereik kan word nie" (aldus Gouws, 2012).

Daar ís dus 'n beleefde, goed deurdagte en uitgestippelde pad. Dit moet net aangepak en sáam afgestap word. Kom, laat ons begin.

Bronnelys

- Beekes, R.S.P.** 1990. *Vergelijkende Taalwetenskap: Tussen Sanskrit en Nederlands*. Utrecht: Het Spectrum.
- Botha, T.J.R. e.a.** (reds.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Botha, T.J.R.** 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu. In: Botha, T.J.R. e.a. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica: 127-154.
- Brand, G.** 2004. Op pad na 'n Afrikaanse forum. Plasingsdatum 26/04/2004. Aanlyn beskikbaar <http://www.litnet.co.za/taaldebat/forum.asp>. Geraadpleeg op 27/05/2004.
- Brand, G.** 2009. Het verzoeningsdiscours in Zuid-Afrika. Aanlyn beskikbaar <http://www.litnet.co.za>. Geraadpleeg op 07/09/2009.
- Bredekamp, H.C.** 1982. Van Veeverskaffers tot Veewagters: 'n Historiese ondersoek na betrekkinge tussen die Khoikhoi en Europeërs aan die Kaap, 1662-1679. Bellville: Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing.
- Brits, E.** 2012. Ras lê toe nie veldiep. *Beeld*, 17/08/2012, bl. 13.
- Brits, J.** 2012. Suid-Afrika ná apartheid, 1994-2004. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 549-580.
- Buyx, F.** 2004. Afrikaners moet hul toekoms help vorm. *Rapport*, 20/06/2004, bl. II (Perspektief).
- Carstens, W.A.M.** 1994. Om ou koeie uit die sloot te grawe: is daar lesse te leer uit die verlede? Enkele kantaantekeninge. *Literator*, 15(2): 16-33.
- Carstens, W.A.M.** 2006a. Die breë Afrikaanse debat (1994-2005): enkele temas en inisiatiewe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48(2): 1-19. Supplement oor Moedertaalonderrig.
- Carstens, W.A.M.** 2006b. Praktiese meertaligheid in Suid-Afrika – feit of fiksie? *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):1-19.
- Carstens, W.A.M.** 2007. Op pad na 'n getransformeerde Afrikaanse gemeenskap – die rol van die Nasionale Forum vir Afrikaans (NFA). Referaat gelewer tydens MIDP-colloquium, Universiteit van Antwerpen, Antwerpen, België, 26-28 November 2007.
- Carstens, W.A.M.** 2009a. Die ontpolitisering van Afrikaans deur 'n Nasionale Strategie vir Afrikaans. Lesing gelewer tydens die Roots-konferensie by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville; 22-23 September 2009.
- Carstens, W.A.M.** 2009b. Eerste Voorsittersrede van die ATR. Augustus 2009, Pretoria. Aanlyn beskikbaar www.afrikaansetaalraad.co.za.
- Carstens, W.A.M.** 2010a. Waarheen met Afrikaans? – My droom vir Afrikaans. Lesing gelewer tydens die Jaarsimposium van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 30 September – 1 Oktober 2010, Universiteit van Pretoria.
- Carstens, W.A.M.** 2010b. Tweede Voorsittersrede van die ATR. Augustus 2010, Kunstekaap, Kaapstad. Aanlyn beskikbaar www.afrikaansetaalraad.co.za.
- Carstens, W.A.M.** 2011. Derde Voorsittersrede van die ATR. November 2011, Paarl. Aanlyn beskikbaar www.afrikaansetaalraad.co.za.

- Carstens, W.A.M.** 2012. Versoening in Afrikaans – Is dit haalbaar? 31ste D.F. Malherbe-gedenklesing. Bloemfontein, Universiteit van die Vrystaat, 28 Mei 2012.
- Carstens, W.A.M.** 2013. Op pad van 'n verdeelde na 'n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies*, 10(1): 447-483.
- Cleophas, F.** 2012. Daar sal altyd iemand wees wat die geskiedenis vir homself opeis. *BY, Beeld*, 11/08/2012, bl. 2.
- Conradie, C.J.** 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Cornelius, S & K Malan.** 2012. Taalwet magteloos teen 'representivity'. *Rapport*, 22/01/2012.
- Deumert, A.** 2004. *Language standardization and language change: the dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam: John Benjamins.
- De Villiers, J.** 2012a. Die Nederlandse era aan die Kaap, 1652-1806. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 39-62.
- De Villiers, J.** 2012b. Die Kaapse samelewing onder Britse bestuur, 1806-1834. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 73-96.
- De Villiers, M.** 1978. *Nederlands en Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- De Vooy, C.G.N.** 1975. *Geschiedenis van de Nederlandse Taal*. Groningen: Tjeenk Willink.
- De Vries, J.W., Willemyns, R. & P. Burger.** 1993. *Het verhaal van een taal. Nege eeuwen Nederlands*. Amsterdam: Prometheus.
- Donaldson, B.C.** 1983. *Dutch. A linguistic history of Holland and Belgium*. Leiden: Martinus Nijhoff.
- Du Plessis, H. & L.T. du Plessis** (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Du Plessis, L.T.** 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Elphick, R.** 1985. *Khoikhoi and the Founding of White South Africa*. Johannesburg: Ravan Press.
- Essop, P.** 2012. Zille het opdrag vir land wat nou mondig is. *Beeld*, 28/04/2012, bl. 2.
- Giliomee, H.** 1975. *Die Kaap tydens die eerste Britse bewind*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H.** 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H.** 2012a. Afrikanernasionalisme, 1875-1899. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 219-234.
- Giliomee, H.** 2012b. Afrikanernasionalisme, 1902-1924. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 275-292.
- Giliomee, H.** 2012c. Apartheid: 'n ander blik. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 429-442.
- Giliomee, H.** 2012d. 'n "Gesuiwerde" nasionalisme, 1924-1948. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 293-310.
- Giliomee, H.** 2012e. "Aanpas of sterf", 1978-1994. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 389-404.

- Giliomee, H.** 2012f. Opstand, oorlog en oorgang, 1984-1994. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 405-428.
- Giliomee, H. & B. Mbenga** (reds.). 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H.B. & L. Schlemmer** (reds.). 2001. *Kruispad. Die toekoms van Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gouws, J.** 2012. Kultuur wat uitnooi. *Taalgenoot*, Herfs 2012: 9.
- Grobler, J.** 2012a. Swart politieke ontwikkeling, 1875-1949. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 311-324.
- Grobler, J.** 2012b. Swart verset teen apartheid, 1950's -1980's. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 369-388.
- Grobler, J.** 2012c. Sê waar Voortrekkers oor moord spog. *Beeld*, 18/02/2012, bl. 10.
- Groenewald, G.J.** 2002. Slawe, Khoekhoen en Nederlandse pidgins aan die kaap, ca. 1590-1720. 'n Kritiese ondersoek na die sosiohistoriese grondslae van die konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch.
- Jackson, N.** 2012. Was apartheid rôrig verkeerd? *Beeld*, 09/02/2012, bl. 14.
- Joubert, J.** 2012. Die demokratiese puberteit, 2004-2011. In: Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 581-600.
- Le Cordeur, M.L.A.; R. Olivier, D. Prinsloo & J. van der Elst** (redaksionele komitee) 2012. *16 Junie 1976. 35 jaar later. Jeugberaad aangebied deur die Afrikaanse Taalraad as deel van die US Woordfees 11 en 12 Maart 2011*. Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Le Cordeur, M.** 2012a. Jou taal is jou reg. *Beeld*, 28/02/2012, bl. 15.
- Le Cordeur, M.** 2012b. Persoonlike mededeling per e-pos. 03/05/2012.
- Lecoutere, C.P.F. & L. Grootaers.** 1948 (6de uitgawe). *Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlands*. Brussel: Dewit.
- Lourens, C.** 2012. Ons moet self byt gee aan nuwe Talewet. Weekliks, *Rapport*, 12/08/2012, bl. V.
- Makhanya, M.** 2010. Afrikaners set a fine example championing their language. *The Sunday Times*, 24/01/2010, bl. 6.
- Makhanya, M.** 2011. Will this nation allow its languages to die out – from sheer neglect? *The Sunday Times*, 01/05/2011.
- October, A.** 2012. "Wetsontwerp 'n triomf vir tale". *Die Burger*, 10/08/2012.
- Olivier, G. & A.E. Coetzee** (reds.) 1994. *Nuwe Perspektiewe op die Geskiedenis van Afrikaans – Opgedra aan EH Raadt*. Halfweghuis: Southern Boek-Uitgewers.
- Pakendorf, G.** 2012. Kaaps in fokus! Verslag oor die simposium aan UWK, 19-20 Julie 2012. Aanlyn beskikbaar <http://www.litnet.co.za/Article/kaaps-in-fokus-verslag-oor-die-simposium-aan-uwk>. Geraadpleeg op 30/07/2012.
- Pheiffer, R.H.** 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Kaapstad: Academica.

- Pienaar, E.C.** 1943. *Die Triomf van Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Pienaar, L.** 2004. Die Soweto-onluste van 16 Junie 1976 en die gevolge daarvan vir Afrikaans, in: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik: 133-141.
- Ponelis, F.A.** 1989. Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans. In: Botha, T.J.R. e.a. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica: 38-71.
- Ponelis, F.A.** 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Ponelis, F.A.** 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Stellenbosch: Annale, Universiteit van Stellenbosch.
- Pretorius, F.** 2012. Almal se oorlog: die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). In: Pretorius, F. (red.). *Geschiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 235-254.
- Pretorius, F.** (red.). 2012. *Geschiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Prinsloo, K.P. & M.C.J. van Rensburg** (reds.). 1984. *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- Prinsloo, Karel** (red.). 2006a. *Op pad na 'n Taalstrategie vir Afrikaans*. Verslag gereproduseer deur Content Solutions en versprei deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Maart 2006.
- Prinsloo, Karel**. 2006b. Towards a language strategy for Afrikaans: the process before, during and after the Afrikaans Language Indaba of 2004 in Stellenbosch. In: Webb, V.N. & Theodorus du Plessis (eds.). *The politics of language in South Africa*. Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Prinsloo, Karel** (Projekleier). 2007. *Opname oor Afrikaanse projekte en aktiwiteite op 'n plaaslike munisipale vlak in Suid-Afrika*, 2006. Ongepubliseerde navorsingsverslag versprei by die Tweede Afrikaanse Taalberaad, gehou in Pretoria op 23 en 24 Februarie 2007.
- Prinsloo, Karel** (red.). 2008a. *Die Afrikaanse "ons" en die nodigheid van 'n Afrikaanse Taalraad*. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, April 2008.
- Prinsloo, Karel** (red.). 2008b. *Die Afrikaanse Taalraad kom tot stand*. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, November 2008.
- Raidt, E.H.** 1989. Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans. In: Botha, T.J.R. e.a. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica: 96-126.
- Raidt, E.H.** 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E.H.** 1994. *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Wits University Press.
- Rantsoa, J.** 2005. Government should do away with Afrikaans medium schools. *Cape Argus*, 23/02/2005.

- Raven-Hart, R.** 1967. *Before Van Riebeeck: Callers at South Africa from 1488-1652*. Kaapstad: Struik.
- Roberge, P.T.** 1994. *The formation of Afrikaans*. Spil Plus 23, 1994. Universiteit van Stellenbosch.
- Scher, D.M.** 2012. Die vestiging van die apartheidstaat, 1948-1966. In: Pretorius, F. (red.). *Geschiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 311-324.
- Scholtz, J. du P.** 1964. *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P.** 1965. *Afrikaans uit die Vroeë Tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P.** 1972. *Afrikaans-Hollands in die agtende eeu*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P.** 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J. du P.** 1981. *Taalhistoriese Opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, L.** 2012. Taal gaan nie maklik onder. *Die Burger*, 20/04/2012.
- Semela, S.** 2012. Haal self remskoen van apartheid af. *Rapport*, 05/08/2012, Weekliks bl. III.
- Shell, R.** 2012. Mense in knegskap. In: Pretorius, F. (red.). *Geschiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 63-72.
- Steyn, J.C.** 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C.** 1984. Die oorlewing van Afrikaans. In: Prinsloo, K.P. & M.C.J. van Rensburg (reds.). *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery: 3-29.
- Steyn, J.C.** 1987. *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C.** 1998. Nuwe aktiwiteite rondom Afrikaans: die totstandkoming van 'n "Afrikaanse Oorlegplatform". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 38(4): 253-264.
- Steyn, J.C.** 2000. As jy op my liddoring trap, gaan ek jou slaat, vir ou goete ook. *Beeld*, 16/06/2000, p. 11.
- Steyn, J.C. & A. Duvenhage.** 2011. Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: tendense en toekomsperspektiewe. *LitNet Akademies*, 8(3), Desember.
- Titus, D.** 2012. Stiek yt vir 'n Afrikaans met curves. *Rapport*, 29/07/2012, bl. 18.
- Uys, M.D.** 1983. Die Vernederlandsing van Afrikaans. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde proefskef – D.Litt.).
- Van den Toorn, M.C. e.a. (reds.).** 1997. *Geschiedenis van de Nederlandse Taal*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Van der Auwera, J. & E. König (eds.).** 1994. *The Germanic Languages*. London/New York: Routledge.
- Van der Horst, J. & F. Marschall** 1989. *Korte Geschiedenis van de Nederlandse taal*. Amsterdam: Nijgh & Van Ditmar.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (red.).** 1969. *Inleiding tot die Taalkunde*. Pretoria: JL van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (red.).** 1972. *Afrikaans – Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: JL van Schaik.

- Van der Rhee, C.** 2012. Afrikaans: probleme en oplossings. Aanlyn beskikbaar <http://maroelamedia.co.za/blog/die-groot-debat/afrikaans-probleme-en-oplossings>. Geraadpleeg op 11/04/2012.
- Van der Sijs, N.** 2005. *De geschiedenis van het Nederlands in een notendop*. Amsterdam: Bakker.
- Van der Sijs, N.** 2006. *Calendrium van de Nederlandse taal: de geschiedenis van het Nederlands in jaartallen*. Den Haag: SDU.
- Van der Sijs, N., Stroop, J. & F. Weerman** (reds.). 2006. *Wat iedereen van Nederlands moet weten en waarom*. Amsterdam: Bakker.
- Van der Sijs, N. & P. Verhoef.** 2004. *Taal als mensenwerk. Het ontstaan van het ABN*. Den Haag: SDU.
- Van der Sijs, N. & R. Willemyns.** 2009. *Het verhaal van een taal. Een geschiedenis van twaalf eeuwen*. Amsterdam: Bakker.
- Van der Wal, M. & C. van Bree.** 1992. *Geschiedenis van het Nederlands*. Utrecht: Aula.
- Van der Wal, M. & C. van Bree.** 2008 (4de uitgawe). *Geschiedenis van het Nederlands*. Utrecht: Aula.
- Van der Westhuizen, G.** 2012. "Julle is die laaste groep". *Beeld*, 23/08/2012, bl. 12.
- Van der Wouden, T.** (red.). 2012. *Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam: John Benjamins.
- Van Eeden, P.** 1998. *Afrikaans hoort by Nederlands. Ons Afrikaanse taalverdriet*. Howick: Brevitas.
- Van Niekerk, A.** 2012. Stories uit Amsterdam – Annemarie van Niekerk vertel. Aanlyn beskikbaar <http://www.litnet.co.za/Article/stories-uit-amsterdam--annemarie-van-niekerk-vertel>. Geraadpleeg op 04/08/2012.
- Van Oort, C.P.** 2008. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n Inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.
- Van Oort, C.P., Carstens, W.A.M. & J.L. van der Walt.** 2014. *Die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum en die onderrig van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*. IN PROSES.
- Van Rensburg, F.I.J.** (red.). 2004. *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1989a. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. e.a. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica: 436–467.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1989b. Oor die depolitisering van Afrikaans: vertrekpunte vir 'n gesprek. *Tydskrif vir Letterkunde*, XXVII(II): 42–47. Mei 1989.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In: Webb, V.N. & Theodorus du Plessis (eds.). *The politics of language in South Africa*. Pretoria: J.L. Van Schaik: 181–199.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1999. Afrikaans and Apartheid. *International Journal for the Sociology of Language*, 136.

- Van Rensburg, M.C.J.** (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.
- Van Rensburg, M.C.J.** 2012. *En so het ons Afrikaans gekry*. Pretoria: LAPA.
- Van Wyk, A.** 2012. "Jy behou jou identiteit". Onderhoud met dr Danny Titus. *Beeld*, 28/04/2012, bl. 11.
- Verdam, J.** 1923. *Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal*. Zutphen: W.J. Thieme & Cie.
- Visagie, J.** 2012a. Migrasie en die gemeenskappe noord van die Oranjerivier. In: Pretorius, F. (red.). *Geschiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 97-116.
- Visagie, J.** 2012b. Oorsake van die Groot Trek na die binneland. In: Pretorius, F. (red.). *Geschiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 117-130.
- Weijnen, A.A.** 1974. *Het algemeen beschaafd Nederlands historisch beschouw*. Assen: Van Gorcum.
- Willemse, H.** 2011. Toespraak tydens die 1ste Jaarvergadering van die Kaapse Kunste- en Uitsaai-assosiasie (KKUA) en Radio Kaapse Punt, Morawiese kerksaal, Albertweg, Lansdowne, Kaapstad. 16 Julie 2011.
- Willemse, H. & S.E. Dangor** (reds.). 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims*. Pretoria: Protea.
- Willemyns, R.** 2013. *Dutch. A biography of a language*. Oxford: Oxford University Press.

Note

1. Hierdie artikel is die verwerkte weergawe van 'n referaat met die titel "Die storie van Afrikaans: perspektiewe op die verlede en die hede" wat gelewer is as 'n hoofreferaat ("keynote") tydens die agtende colloquium van die Internationale Vereeniging voor Neerlandistiek (IVN) van 28-31 Augustus 2012 by die Universiteit van Antwerpen in Antwerpen, België. Die terugvoer van keurders op die referaat is grondig verwerk in die teks van die artikel. Die titel van die artikel is verder gewysig deur ook die "toekoms" hierby te betrek. Die referaat en artikel vorm ook deel van 'n boekskryfprojek met die titel: *Die storie van Afrikaans: van Europa tot Afrika* met W.A.M. Carstens en E.H. Raidt as outeurs. Volgens beplanning sal hierdie boek teen 2014 op die mark verskyn. Dank word uitgespreek aan die Nasionale Navorsingstigting (NNS/NRF) vir finansiële steun met hierdie projek. Die bevindinge is dié van die outeur en kan op geen manier aan die NNS/NRF toegeskryf word nie.
2. In die boek *Die storie van Afrikaans: van Europa tot Afrika* met W.A.M. Carstens en E.H. Raidt as outeurs sal hierdie verhaal in meer detail uiteengesit word. Volgens beplanning sal hierdie boek teen 2014 gepubliseer word by Protea-Uitgewers.
3. In Carstens 2013 is die betoog wat verder volg, in meer besonderhede uiteengesit. Ter wille van die argument waarom dit gaan in hierdie artikel, is redelik vryelik uit hierdie artikel aangehaal omdat dit reeds daar verwoord is aan die hand van gedokumenteerde gegewens.
4. Hierdie proses word grondig beskryf in Van Oort (2008) asook in Van Oort e.a. (2014) en kom ook ter sprake in Van Rensburg (2012).

In terme van tyd

Tyd en temporaliteit in *Agaat* van Marlène van Niekerk

Heilna du Plooy

*In terms of time: Time and temporality in *Agaat* by Marlène van Niekerk*

*Time and temporality are important aspects of narrative texts in general but even more so in *Agaat* by Marlène van Niekerk. In this article the way in which the novel reflects and comments on ideological and social practices in specific historical periods is used as point of departure in order to determine the meanings generated by the esthetic representation of time. The novel can be seen as iconic in that it enacts the idea that history should be uncovered and undermined but also re-collected and weighed as part of the “Trauerarbeit” through which people can achieve a measure of peace with the sorrows of the past.*

1. Inleiding

Binne die klassieke sowel as die postklassieke narratologiese teorieë, bly die rol van tyd en ruimte in verhale 'n immer boeiende kwessie. Dit gaan naamlik daarom dat in die interpretasie van 'n verhalende teks die temporele en ruimtelike aspekte te make het met die omvatter velde van betekenis waarin die teks ingebed is. Karaktere, gebeurtenisse, tydplasing en plek as lokaliteit verskaf die basiese gegewe vir 'n storie of 'n verhaal, maar die visie op die mens in sy tyd en sy ruimtes, die mens binne die kompleksiteit van historiese, psigologiese en ideologiese omstandighede en invloede, verleen aan die roman 'n eiesoortige karakter. Hierin setel ook dikwels die belangrikste betekenis van die verhaal. Die mens gesien binne sy tyd en tydsgewrig is méér as die verhouding tussen tyd en ruimte as verhalende elemente, ook meer as die tyd en ruimte waarbinne die werklike oueur werk, maar het te make met die dinamiese wisselwerking tussen al die verskillende soorte tyd en ruimte en die filosofiese, etiese, literêr-historiese en -teoretiese invloede wat op alle vlakke van 'n verhaal werksaam is.

In die roman *Agaat* van Marlène van Niekerk (2004) is tyd inderdaad 'n baie belangrike aspek omdat die roman met die geskiedenis in gesprek tree maar ook op 'n komplekse manier met die temporele verhoudinge binne die teks te werk gaan. In hierdie artikel wil ek graag ondersoek instel na enkele tydsaspekte in *Agaat*, maar spesifiek aandag gee aan daardie omvattende tydsproblematiek wat te make het met 'n siening van tyd en historisiteit met inagneming van die kompleksiteit van die representasie van tyd in die roman.

In 2005, kort na die publikasie van *Agaat* (2004), skryf Johann Rossouw (2005) 'n artikel waarin hy die roman vanuit 'n politieke hoek lees. Hy betoog dat deur middel van die motto's en die historiese tydplasing van die belangrikste gebeurtenisse in die roman die leser gekonfronteer word met "n simboliese vertelling, 'n vertellende ontleding van die wel en die wee van Afrikanernasionalisme vanaf magsoorname

(1948) tot magsverlies (1994)". Dit lei Rossouw tot die gevolgtrekking dat die roman die "selfopheffing" van die Afrikaner uitbeeld en dat daar in die roman selfs die suggestie opgesluit is dat so 'n selfuitwissing die enigste opsie vir die nakomelinge van die koloniale heersers in Suid-Afrika is. Die artikel het tot heelwat debat aanleiding gegee,¹ maar die vraag oor die toekomstvisie van die roman, bly geldig. Hierdie lesing is inderdaad net een van vele van die roman, want, soos Rossouw ook tereg toegee, so 'n magistrale en komplekse roman mag nooit reduktief gelees word nie. Nogtans is dit so dat die byna kliniese ontleding van die karakters se doen en late, van omstandighede en motiewe en die uitsiglose afloop van gebeure die leser met 'n kil gevoel agterlaat. Die roman bied gewis nie 'n oplugtende toekomstvisie vir die nasate van grondbesitters in die koloniale era nie. Maar is dit die enigste manier om die slot van hierdie roman te interpreteer?

2. Tyd en temporaliteit

Die verhouding tussen die menslike belewenis van tyd en die narratiewe representasie van tyd is uiter kompleks. Die uitvoerige beskrywing van tydspatrone deur Gerard Genette (1980), die tegniese verskynsels soos volgorde, duur en frekwensie, is oorbekend en baie nuttig, maar my betoog hier is spesifiek gemoeid met die betekenis en abstrakte waardes van tyd en verskillende temporaliteit.

In sy drieluik *Time and Narrative* bespreek Ricoeur (1984–1988) die ontologie van tydsbelewenis, en wanneer hy oor die werk van groot romansiers skryf, blyk dit hoe hoog hy die transformerende krag van gestructureerde en gerepresenteerde narratiewe temporaliteit aanslaan. Volgens Ricoeur is die basiese eienskap van tydsbelewenis die onsamehangende, die inkongruente en disharmoniese ("discordant") aard daarvan. Tydsbelewenis is eintlik "ongerymd" in sy uiteenlopendhede. Tyd word beleef in terme van die splitsing in verlede, hede en toekoms; tyd is terselfdertyd opeenvolgend en duratief; tyd word individueel en plaaslik, dus in onmiddellikheid, beleef en is ook kosmologies; tyd is verder terselfdertyd oneindig of ewig en tog ook momenteel, verganklik en vervlietend. Tyd word dus as onsamehangend en uiteenlopend, inkongruent en ongrypbaar ervaar (Ricoeur, 1984–1988, Volume 1: 66–67). Aan die ander kant is tyd in narratiewe tekste gestructureer en gemanipuleer sodat dit samehangend en kongruent gerepresenteer kan word, al gaan dit oor die inkongruente en onsamehangende ervaring. Ricoeur praat dan van "concordant discordance". Hierdie samehangende onsamehangendheid, oftwel kongruente inkongruensie of harmoniese ongerymdheid word verkry deurdat die aporetiese aard van ontologiese tyd in die narratiewe teks hanteer word binne 'n estetiese dialektiek, wat inderdaad sy eie tekstuele aporias vertoon, dit trouens doelbewus skep, maar nogtans nuwe moontlikhede van temporele belewenis daarstel (Matz, 2011: 273).

Ricoeur (2002: 35) wil 'n grondiger begrip van tydsbelewenis ontwikkel wat aan die

digotomie tussen die chronologie van opeenvolging en die a-chronologie van ander nomologiese modelle of wetmatighede ontkom. Een van die hipotetiese stellings wat hy as vertrekpunt gebruik, stel dat daar verskillende soorte temporele organisasie in 'n lineêre narratiewe taalteks waargeneem kan word. Ricoeur (2002: 36) beroep hom op Heidegger om drie vlakke van narratiewe temporaliteit aan te dui: i) die tyd "waarin" dinge gebeur, die referensiële storietyl of verhaalinhou; ii) tyd as "historisiteit" wat dui op die "gewig" van die verlede; iii) tyd as temporaliteit in 'n teks waarin die sorgsaamheid wat voortvloei uit nadenke en refleksie oor die kompleksiteite van tyd, spesifiek die gelyktydige bestaan van hede, verlede en toekoms (ontologies en representatief), na vore kom.

'n Mens kan hierin sien dat Ricoeur (2002: 38) Heidegger se onderskeid tussen die ontologiese in-tyd-wees en die representasie van tyd onderskryf, maar ook dat hy Heidegger se konsep van die mens se geworpenheid in die wêreld aanvaar. Dit is 'n baie belangrike aspek van tyd want in die meeste traumanarratiewe word karakters buite hulle eie toedoen om in traumatische situasies gewerp en gaan die verhaal om die prosesse van ondergang of oorlewing.

Normale gedrag en lewe gebeur as 'Dasein', in Heidegger se terminologie, binne voortgaande historisiteit, maar in die vertelhandeling word historisiteit en die dieper vlakke van temporaliteit gedissimuleer, dit wil sê juis *nie* nageboots *nie*. 'n Verhaal of narratief gee die "waarheid" van belewenis-in-tyd weer deur 'n bepaalde vorm van outentisiteit wat nie ontologies outentiek is nie, maar wat wel outentiek is daarin dat dit 'n oorspronklike eksistensiële struktuur (fiksioneel of nie) weergee op 'n manier waarin die refleksie, nadenke of besinning oor die tyd, oor die omvattende historisiteit en temporaliteit van die gebeure, ingesluit is. Die representasies van tyd in verhale of narratiewe is dus oortuigende en geldige "leuens" omdat die representasie van tyd waarder kan wees en van meer insig kan getuig as die historiese belewenis self. Estetiese narratiewe bied nie mimetiese weergawes van tyd nie, absoluut en genadiglik nie, maar probeer om die waarde en sin van temporele ervaring te vind en weer te gee, in Ricoeur (2002: 40) se vertaalde woorde: "[...] narrative structure confirms existential analysis".

'n Belangrike insig wat voortvloei uit Ricoeur se sienings is die belangrikheid van die dialektiese spanning wat bestaan tussen die mens se vermoë om te handel en om op te tree, en sy verbondenheid of ondergeskiktheid aan die wêreldorde, ook in historiese sin (Ricoeur, 2002: 42). Die ongevoeligheid en onverskilligheid van hierdie orde, van die wêreld in metaforiese sin, teenoor die mens impliseer noodgedwonge die mens se geworpenheid in die wêreld. Die relevansie van die tematiese inhoud van 'n narratiewe teks en die aktualiteit daarvan vir mense in 'n bepaalde historiese tydsgewig of in 'n meer universele sin het te make met die spanning inherent aan hierdie geworpenheid, 'n aspek waarmee lesers identifiseer. Die narratiewe manipulasie van tyd is egter een van die tegnieke waardeur gewone verhalende inhoud en spannings beklemtoon word, vooropgestel word en van nuwe betekenis voorsien word: die tydsaspekte, die verloop en gelyktydigheid van tyd, die onmiddellike en wyer raamwerke van

tyd, ensovoorts, word gemanipuleer sodat die representasie daarvan nuwe betekenis tot stand bring. Hierdie transformasie van blote eksistensiële belewenis (fiktief of werklik) in 'n reeks gebeurtenisse tot representatiewe narratiewe konfigurasies vorm vir Ricoeur die temporele dialektiek wat onderliggend is aan alle narratiewe. In die proses word die uiteenlopende elemente van 'n teks saamgebind tot 'n geheel, tot 'n koherente en insiggewende idee en, soos ook in die leesproses waardeur hierdie manipulasies gerealiseer word, speel herinnering en geheue en die vermoë tot refleksie 'n bepalende rol.

3. Milla en Agaat as sentrale karakters in *Agaat*

Die komplekse verhouding tussen die twee sentrale karakters in *Agaat* en die verloop van hierdie verhouding is die belangrikste herinnering waarmee Milla worstel op haar sterfbed. In haar afhanklikheid van Agaat, wat haar versorg met 'n kombinasie van dienende liefde en oorheersende selfgelding, is Milla gekonfronteer nie net met haar eie vergrype teenoor Agaat in die verlede nie, maar ook met die omgekeerde magsbalans tussen hulle in die hede. Nogtans kan Milla haarself nie daartoe bring om aan haarself die verskuilde en indirekte geweld van haar optrede teenoor Agaat te erken nie.

Dogterskap is op Agaat afgedwing; sy is as klein dogtertjie deur Milla afgerig en gedresseer om die rol te kan vervul. Haar gedwonge aanvaarding van Milla as 'n substituut-moeder word op 'n sensitiewe stadium verbreek as Milla haarself uit die rol van moeder ontrek en Agaat uitskuif na 'n buitekamer om die rol van 'n bevoordegte bediende te vervul. Agaat moet 'n hele reeks sosio-ekonomiese, kulturele en familiale grense oorsteek om Milla se kind te word. In 'n nuwe vreemde wêreld moet sy aanpas en Milla is bykans ongenadig in haar leiding, eintlik afrigting, van hierdie proses. Agaat leer borduur, sing en boer, sy word 'n kloon van Milla, maar as Jakkie gebore word, word sy weer 'n gewone bruin meisie in 'n ondergeskikte posisie, al haar prestasies en vermoëns ten spyt. Sy kom te staan tussen twee gemeenskappe, dié een van haar geboorte, waaruit sy as 'n bruin kind weggeneem word, en dié van die blanke grondbesitters, waartoe sy nooit werklik toegang verkry nie. Sy bly dus in 'n tussenwêreld voortbestaan, sy bly staan op die uitdyende grens en hierdie liminale posisie word haar permanente werklikheid.

Al bevind Milla haar voor die finale grens aan die einde van die lewe, kan sy haarself nog nie sover kry om heeltemal eerlik te wees oor haar optrede teenoor Agaat nie. Sy bly selfs in haar gedagtes dieselfde baasspelerige toon aanslaan deur aan Agaat te bly dink as "sy" en deur die hele tyd Agaat se motiewe te ondersoek. Natuurlik ook met reg, want Agaat handhaaf haarself in hierdie stadium onteenseglik en sterk teenoor Milla. Sy moet dit ook doen om Milla aan die lewe te hou. Sy betoon wel liefde aan Milla (sy raak byvoorbeeld aan die slaap terwyl sy Milla se voete omhels), maar haar optrede vertoon ook 'n subtiese soort *Schadenfreude*, 'n variant van vergelding: sy sal die kaarte vir Milla gee wanneer sy wil. Milla moet weet dat en hoe seer sy aan Agaat onderworpe is. Daarom

kies Agaat ook die passasies vir haar voorlesings uit Milla se eie dagboek op so 'n manier dat sy Milla konfronteer met die onreg wat sy gepleeg het.

Milla se herinneringe word dubbeld gekompliseer. Nie net is die siek vrou se gedagtes vlugtig en vervlugtend en onderbroke nie, dit word ook ondermyн deur Agaat se voorlesings uit die dagboek. Die afwisseling van verskillende vertelstyle en die kompleksiteit van die gesamentlike bewuswees van die inhoud van 'n hele lewe waarin hede en verskillende fases van die verlede oormekaarskuif en bo-oor mekaar getransponeer word, word alles verteltegnies ongelooftlik vaardig hanteer om steeds binne Milla se fokalisasie te bly. Die roman bevat dus narratiewe gedeeltes, poëtiese uitvlugte, skerwe van onthoude gesprekke en weergawes van die vrye vloei van Milla se gedagtes. Al die vertelstyle bied verskillende visies op die verhaalstof en veelvuldige gegewens en veelvuldige moontlikhede van betekenis skuif in die geheue van die leser oormekaar om 'n komplekse geheel te vorm.

4. Tyd en temporaliteit in *Agaat*

Vir die argument in hierdie artikel is dit egter belangrik om te sien hoe die tydspatrone van belewenis deur tydspatrone van vertelling gerepresenteer word. Belangrike aspekte is die kwessie van ordening, herhaling en ander vooropstellingstegnieke, maar tematies ook die onderliggende spel van geheue en herinnering by sowel karakters as lesers. Ek gaan net na enkele voorbeeldelike verwyses.

Die roman is baie duidelik in historiese tyd geplaas. Die teks begin met die drie motto's, al drie histories gesitueer met datums (1937, 1966, 1929) en inhoudelik tiperend van die idealistiese en toekomsgerigte strewes van die historiese periodes waaruit dit kom. In die roman self word die kerngebeure in Milla se lewe ook histories geplaas om te korreleer met belangrike merkers en sleutelperiodes in die geskiedenis van die opkoms en teloorgang van Afrikaner-nasionalisme (vergelyk Rossouw, 2005).²

Die hele roman is dan 'n dekonstruksie, 'n bevraagtekening en grondige ondermyning van die idees wat in die motto's aan die orde gestel word. Die blinde idealisme word ontmasker en daar word gesuggereer dat hierdie ideale ontaard het in magsinstrumente wat onreg en kortsigtigheid tot gevolg gehad het. Vanselfsprekend is alles nie uitsluitend negatief nie, maar hierdie stuk geskiedenis word uitgebeeld as 'n snit uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis, meer spesifiek die laaste tonele in die koloniale drama. Tog word die roman ook 'n uitbeelding van menslikheid, die mens geworpe in die omstandighede en opvattings van sy tyd, uitgelewer en vasgevang in sy eie beperkinge sodat die roman die eindeloze en voortdurende konfrontasie tussen goed en kwaad, die spanning tussen verbintenis en afstand, die ononderskeibare versmelting van liefde en haat op 'n unieke wyse uitbeeld.

Die roman bied die onontwarbaar saamgeklonte en vervlegte feite, baie spesifiek Suid-Afrikaans, van 'n tydsperiode in mense se lewens aan sodat die verbluffende en verbysterende verwardheid van die geskiedenis in 'n ontstellende formaat voor die leser

te staan kom. Die aporias van die fiktiewe werklikheid, wat inhoudelik analogies aan die reële werklikheid is, word aangebied op 'n manier wat nuwe aporias opwerp. Wat moet daarvan gemaak word? Hoe kan dit verstaan word? Wat sou dit alles kon betekenisvolle? Referensieel suggereer die motto's dat daar reëls en wetmatighede en orde sou kon wees; representatief suggereer die motto's die moontlikheid dat hierdie kodes, rame en skripte as interpretasiestrukture en voorbeeld vir optrede sou kon en verkieslik sou moes funksioneer, maar die verhaal ondermyн hierdie betekenismoontlikhede tot in die kern. Die temporele ordening van tekselemente skep dus eers 'n verwagting en ondermyн dit dan.

Milla se herinnering bevat nie net die inhoud van haar geheue nie, maar weerspieël ook haar psigologiese onvermoë om die ideologiese aspekte van haar optrede te kan erken en verstaan. Sy het immers haar eie verlede geleef, sy dra swaar aan die gewig van daardie verlede, te meer omdat haar eie voortbestaan daarvan afhanklik was dat sy aspekte van haar lewe, soos haar verbondenheid aan Agaat, moet ontken. Die aanbieding van die magdom inligting in 'n vloeidente koherente vertelling wat energiek bly tot op die laaste bladsy van die baie dik roman, getuig van die sorgsaamheid waarmee die skrywer met die verhaalstof omgegaan het. Die slim teenoormekaarplasings, die subtile oorgange, die voortdurende komplisering en ondermyning van elke moontlike ruspunt in die voortgang van die karakters se lewens en in die interpretende leestog van die leser, is daarop gerig om 'n deurlopende bewustheid te vertoon en te bewerkstellig van die betekenis van die historiese gegewens, hetsy van die karakters of van analoë patronen in die werklikheid in daardie historiese periode. Milla se nadanke oor die verlede openbaar haarself en die groep waartoe sy behoort in hulle krag en voortreflikheid, maar ook in hulle fatale belemmeringe en tekortkominge.

Die manier waarop vertel word, vertoon dus nie net in die skrywer se kontemplasie van materiaal die sorgsame omgaan met tyd waarvan Heidegger en Ricoeur praat in historiese en representatiewe sin nie, maar dwing of verlok ook die leser tot 'n soortgelyke sorgsame kontemplasie van die verlede. Die temporele ordening van die romanmateriaal werk daartoe mee om uit te wys hoe Milla se optrede analoog is aan die politieke stelsel en hoe die gevolge daarvan analoog is aan die knope van vervreemding en verbondenheid wat Suid-Afrika in sy postkoloniale fase steeds kenmerk. Die herskikking van verhalende en historiese gegewens word 'n weefwerk wat die kompleksiteite van die verlede bykans ikonies voorstel omdat dit so gekompliseerd en ongrypbaar is.

5. Die sorgsame betragting van die geskiedenis

Samevattend kan 'n mens sê dat die roman *Agaat*, tematies sowel as tegnies, gemoeid is met tyd op 'n manier wat direk in verband gebring kan word met Heidegger se onderskeidinge. Daar is in die eerste plek die plasing in historiese tyd, wat tot uiting kom in die analoë aspekte tussen die verhaalgegewens en die histories-bekende feite,

maar wat ook op fiksioneel referensiële vlak gaan oor die verhaalsstof wat die verloop van die boeiende verhaal van die mense van Grootmoedersdrift weergee.

In die tweede plek verwys Heidegger na historisiteit as die “gewig” van die geskiedenis wat geheue en herinnering behels en wat voortdurend en gelykydig menslike tydsbelewenis bepaal. Hierdie roman is duidelik ten diepste gemoeid met die gewig van die geskiedenis. Trouens Milla se hele gedagtewêreld word uitgebeeld as obsessief besig met bestekopnames en stille monoloë, gedagtegesprekke met Agaat oor die verlede en besinnings oor hoe Agaat se optrede in die hede in verband staan met wat in die verlede gebeur het. Desnieteenstaande kan sy nie die waarheid van die verlede in die oë kyk nie. Geen leser kan na die lees van die boek koud staan teenoor die gewig van die geskiedenis nie.

In die derde plek en dit is die belangrikste gaan dit oor die sorgsame besinning oor tyd, die verlede en die hede, wat uit die roman blyk. Die vertelhandeling behels besinning, die bymekaarmaak en seleksie van kernaspekte van die verlede. Die skrywer her-dink (“re-collect”) en her-bedink die verlede en laat die karakters dit hier ook doen: dit gaan nie om ’n blote hantering van tyd nie, nie om die blote belewenis van tyd nie, maar om die proses van besinning wat die soeke na insig behels. Wat ook afgelei kan word uit die gelykelike beregtiging van Milla en Agaat, wel op ongewone vertelwyses en op verskillende maniere, is dat albei uitgelewer is aan ’n bepaalde beperkende wêreldorde waarin hulle gewerp is, om in Heidegger en Ricoeur se terme te praat, en die feilbare menslike reaksies op hierdie dwingende denksisteme van hulle tyd ontlok sowel simpatie as afgrýse.

Die roman maak deur onder meer hierdie temporele skikkings en herskikkings van elemente en feite die leser bewus van die morele ylheid van historiese feite deur nuwe kompliserende aspekte van die verhouding tussen mense en die verhouding tussen mense en gebeure voorop te stel. Die roman kan vir die leser die morele leemte vul deur die herskikking van die verhaalgegewens op ’n manier wat berus op besinning en wat insig vir die leser moontlik maak. Hieruit blyk daardie sorg vir die geskiedenis waaroor Heidegger praat.

6. Die slot van *Agaat*

Wat wel opval en wat aansluit by die problematiese aspekte van Rossouw se interpretasie van *Agaat*, is die boek se stilte oor die toekoms. Jakkie se insig dat hy nou met “treurwerk” sal besig wees en sy toekomsblik oor hoe Agaat sal kan aangaan op die plaas, is die enigste toekomsgerigte elemente wat ek kon raaklees. Daar is geen nageslag vir Grootmoedersdrift nie. Jakkie is weg en Agaat het nie kinders nie. Agaat is ook nie huisdeel van die werkers op die plaas as groep nie. Die gevolge van die verlede duur dus voort in die potensiële voortsetting van geskeidenhede. Die idealisme van die motto’s word hiermee final die nek ingeslaan, en die ondermyning van die motto’s gaan dus nie net oor die afbreek en ontmaskering van die inhoudelike en ideologiese aspekte

nie, maar ook oor 'n vals optimistiese toekomstvisie. As sodanig bly die roman aan haarself getrou deur te bly by wat reeds duidelik geword het, deur ook die hede koel en afstandelik te benader en die verhaal duskant die onbepaaldheid van die toekoms af te sluit. Ook dit is dan 'n manifestasie van die sorgsame besinning oor die tyd, die verlede en die hede en die behoedsaamheid teenoor die toekoms.

Die woord "treurwerk" lyk egter vir my hier besonder belangrik. Dit is nie 'n gewone Afrikaanse gebruiksterm nie en roep Freud se onderskeid tussen "Trauer" en "Melancholie" op. Freud (1917: 237–258) onderskei twee widdersyds uitsluitende reaksies op verlies, ener syds die proses van rou (treur)³ waartydens die verlies aanvaar word en die treurende stelselmatig herstel, en melankolie⁴ waarin die treurende wegsink totdat die situasie patologiese eienskappe vertoon. Waar die treurende persoon die verlies in verhouding tot die wêreld sien en leer om dit te aanvaar, trek die melankolieke die verlies in homself in, ondermyn sy eie selfbeeld en geestelike welsyn en die moontlikheid bestaan dat so 'n persoon nie weer uit die melankoliese toestand kan uitbeweeg nie. Ilt Ferber (2006: 15) vergelyk Freud en Walter Benjamin se sieninge van rou (treur) en melankolie en toon dan aan dat Benjamin Freud se gedagte van die werkzaamheid inherent aan rou en treur verder ontgin:

The *Trauerarbeit* [work of mourning] is what Freud defines as the servitude that the mourner performs in the long and intense process of detachment from the lost object (note here the interesting relation that can be constructed between *Trauer-arbeit* and *Trauer-spiel*, work and play)... The work is composed of a slow and painful working through of each of the memories and strands attaching the dejected subject to the object, which Freud defines as a thousand links. The detachment from the loss is done thereupon, through an extremely meticulous work of untangling the attachment, which is largely composed of memories.

Hoe moeilik hierdie werk ookal is, dit is die enigste manier om al die verbintenisse (drade) met die verlies, hetsy persoon of saak, los te knoop en te verwerk (Freud, 1917: 245). Rou is dus ironies genoeg 'n proses wat gerig is op die lewe en die herwinning van lewensenergie.

Mourning impels the ego to give up the object by declaring the object to be dead and offering the ego the inducement of continuing to live (Freud, 1917: 256).

Die melankolieke persoon internaliseer egter die verlies en kan hom dus nie daarvan losmaak nie. Hy maak die verlies deel van homself, hy aanvaar en ervaar dit as skuld wat hy deel van sy eie psigiese struktuur laat word.

Ferber (2006: 15) redeneer egter dat Benjamin Freud se konsep van melankolie en die diep erkenning en verantwoordelikheid in die proses van rou met die vereiste van "werk" kombineer. Benjamin sien hierdie treurwerk nie as 'n proses van losraak of onttrekking van die objek van verlies nie, juis nie as 'n proses waardeur daar 'n afwesigheid ontwikkel waaruit die vryheid of bevryding kom nie. Die werk is daarop

gerig om die verlies en die skuld teenwoordig te stel, om daarvan 'n stem te gee en dit dus gevvolglik betekenisvol te maak, ook dan as 'n durende betekenis as mens die klem op prosesmatigheid in al hierdie redenasies in ag neem:

Benjamin is transferring the concept of work from the realm of mourning to that of meaning, thus the work of expression will be a deepening of the loss, an extended deadening of the object. The object will not be disposed of but presented and given a voice, and thus saved (Ferber, 2006: 16).

Die vraag moet myns insiens gestel word of Van Niekerk nie huis en baie spesifiek hierdie soort verwerkingsproses in gedagte het in die loop van die roman *Agaat* en veral aan die einde nie. Die hele roman is met herinnering gemocid en die slot wat die uiteindelike tematiese beslag aan die teks as geheel gee, bevestig die belangrikheid van herinnering en rou in die suggestie dat dit die werk van die toekoms moet/kan/sal wees. Die voort-durende "Trauerarbeit" wat nie die rou self of die objekte van die rou wegskui of uitskakel nie, is 'n durende aanwesigheid en aanmaning wat die verlies teenwoordig stel en respekteer, maar veral vereis dat die betekenis van die herinnering en die verlies betrag moet word. Dit is die enigste manier om die verlies te oorleef.

Na die begrafnis dink Jakkie:

Om te rou is 'n lewenslange oefening, sê my terapeut. Dit is wat ek moet doen dan. Moet leer doen. Rou oor my moeder, oor my moeders, die witte en die bruine. Oor my land. Oor Pa wat beter as Ma verstaan het hoe dinge gewerk het tussen hulle, maar wat homself nie kon help nie ... Wat bly oor? Treurwerk. Treur tot ek die drikuns bemeester het (Van Niekerk, 2004: 709–710).

Jakkie moet die belangrikste dinge in 'n mens se lewe prysgee. Hy weet dit is onherroeplik verlore, sy ouers en sy land. Die rouproses daaroor sal geen einde ken nie, maar die belangrikheid van hierdie dinge sal ook in die rouproses voortduur, soos die skuld en die aandadigheid wat hy probeer besweer deur die plaas aan *Agaat* te bemaak. Vanuit hierdie hoek besien is die roman *Agaat* op sigself "treurwerk", die betrragting van die omstandighede wat tot die onheroeplike verlies gelei het en die betrragting van die verlies self.

So beskou, bied die roman *Agaat* inderdaad deur die hantering van tyd en temporaliteit vir die leser insig in tyd en temporaliteit. Dit gaan dus nie net om tyd in historiese referensiële sin nie, maar gewis óók daaroor. Belangriker egter is die veronderstelling dat die romanmatige illustrasie van die sorgsame betrragting van die verlede 'n noodsaaklike aspek van rou moet en sal wees. Die roman kan dus ook beskou word as 'n oefening in die hantering en betrragting van tyd en temporaliteit, 'n oefening in die voortgaande en uitgesponne besinning wat onmisbaar is in enige poging om enige menslewe in die geworpenheid in tyd, in die volle sin van die begrip, te probeer begryp.

Bronnelys

- Ferber, Ilit.** 2006. Melancholy Philosophy: Freud and Benjamin. *E-reas: Revue électronique d'études sur le monde anglophone*, 4(1). Aanlyn beskikbaar <http://erea.revues.org/413>. Geraadpleeg op 30 Januarie 2013.
- Freud, Sigmund.** 1917. Mourning and Melancholia In: Freud, S. *The Standard Edition of the Complete Psychological Works of Sigmund Freud, Volume XIV (1914-1916): On the History of the Psycho-Analytic Movement, Papers on Metapsychology and Other Works*, 237–258. Aanlyn beskikbaar http://www.barondecharlus.com/uploads/2/7/8/8/2788245/freud_-_mourning_and_melancholia.pdf. Geraadpleeg op 30 Januarie 2013.
- Genette, Gerard.** 1980. *Narrative Discourse*. Oxford: Basil Blackwell.
- Matz, B.** 2011. The Art of Time, Theory and Practice. *Narrative*, 19(3): 273–294.
- Ricoeur, Paul.** 1984–1988. *Time and Narrative. Volume 2*. [Translated by Kathleen McLaughlin and David Pellauer]. Chicago: University of Chicago Press.
- Ricoeur, Paul.** 2002. Narrative Time. In: Richardson, B. (red.). *Narrative Dynamics*. Columbus: Ohio State University Press: 35–46.
- Rossouw, Johann.** 2005. “O moenie huil nie, o moenie treur nie, die jollie bobbejaan kom weer”: oor Marlene van Niekerk se *Agaat. Vrye weekblad*, 28 Januarie. Aanlyn beskikbaar <http://www.vryearfrikaan.co.za/lees/php?id=105>. Geraadpleeg op 30 Januarie 2013.
- Van Niekerk, Anton.** 2005. Oor die wegblý van die jollie bobbejaan: Wie is dit wat regtig treur? *LitNet (SeminaarKamer)*. Aanlyn beskikbaar http://www.oulitnet.co.za/seminaar/agaat_avniekerk.asp. Geraadpleeg op 30 Januarie 2013.
- Van Niekerk, Marlene.** 2004. *Agaat*. Kaapstad: Tafelberg.

Note

1. Vergelyk Rossouw, Johann. 2005. “O moenie huil nie, o moenie treur nie, die jollie bobbejaan kom weer”: Oor Marlene van Niekerk se *Agaat. Vrye Afrikaan*, aanlyn beskikbaar by <http://www.vryearfrikaan.co.za/lees.php?id=105>.
Vergelyk ook Van Niekerk, Anton. 2005. Oor die wegblý van die jollie bobbejaan: Wie is dit wat regtig treur? *LitNet (SeminaarKamer)*, aanlyn beskikbaar by http://www.oulitnet.co.za/seminaar/agaat_avniekerk.asp.
2. Ek verwys na die belangrikste gegewens. Agaat is in 1948 gebore toe die Nasionale Party aan bewind gekom het; 1960 is die jaar van Milla se swangerskap en die geboorte van Jakkie en Agaat word na die buitekamer verskuif, maar dit is ook die jaar van Sharpeville en die referendum wat tot republiekwording sou lei. Milla begin siek word in 1993, net voor die aanvang van die “nuwe” Suid-Afrika en sy sterf op versoeningsdag, die vroëre Geloftedag, op 16 Desember 1996.
3. “Mourning is regularly the reaction to the loss of a loved person, or to the loss of some abstraction which has taken the place of one, such as one's country, liberty, an ideal, and so on.” (Freud, 1917: 243.)

4. “The distinguishing mental features of melancholia are a profoundly painful dejection, cessation of interest in the outside world, loss of the capacity to love, inhibition of all activity, and a lowering of the self-regarding feelings to a degree that finds utterance in self-reproaches and self-revilings, and culminates in a delusional expectation of punishment.” (Freud, 1917: 245.)

“De niet weg te poetsen schaduwkant.” Nederlandse buitelandse korrespondente en hulle bediendes in post-apartheid Suid-Afrika¹

Ena Jansen

[...] the spectacle of native labour in South Africa, always more or less involuntary, never adequately rewarded, has its own scandalous force.

J.M. Coetzee, *White Writing* (1988: 11)

“The shadow side which cannot be brushed away.”

Dutch foreign correspondents and their domestic workers in post-apartheid South Africa

This article provides an overview of what a number of Dutch journalists during years of living in post-apartheid South Africa wrote about domestic workers. Their autobiographical books on their sojourns in South Africa are important sources of information and moral debate. At first all were reluctant to take black people into service, but in the end they succumbed to the South African “way of life”. Due to the close proximity with domestic workers they are not only confronted with their own views on equality, but realize how burdensome the responsibilities of being a “boss” or a “madam” can be. Whilst living in a complex society with hugely unequal power relations, the South African circumstances serve as a catalyst for reflection on their own political identities and moral viewpoints. The article concludes by stating that the Dutch foreign correspondents have a part to play in global debates on the dilemmas of constructing fair working and living conditions for domestic workers.

1. Inleiding

Nederlanders beskou hulself nie graag as “baas” of “miesies” nie. Hulle betaal ’n uurloon “swart” aan werksters wat enkele ure per week by hulle in huis werk en daarmee basta. Veral klasverskil het dekades lank bepaal wie werksters is en wie werkgewers, maar ondertussen kom die meeste werksters in Europa van ander kontinente. In Suid-Afrika egter het miljoene donker vroue reeds eeue lank sedert die tyd van slawerny asof vanselfsprekend in veral wit Suid-Afrikaanse huishoudings gewerk. Feodale verhoudings van baasskap en afhanklikheid is ondanks vakbonde en minimumlone steeds in post-apartheid Suid-Afrika aan die orde van die dag. Sosiale klas, maar veral kleur bepaal steeds wie as huispersoneel werk.

In hierdie artikel wil ek agterhaal wat die houding van wit Nederlandse korrespondente jeens swart huisbediendes in Suid-Afrika is sedert Nelson Mandela in 1990 vrygelaat is en die ANC-regering in 1994 aan bewind gekom het. Is hulle verhale oor huispersoneel ’n spesifieke variant van *White Writing* waarin eggo’s van die etnografiese diskoeërs van agtiende-eeuse reisverslae deurklink?² Huishulpe blyk belangrike skakelfigure te wees om insig te kry in ’n andersins moeilik toeganklike belewingswêreld.

2. “Ze lacht als ze stoft, ze lacht als ze dweilt”

Die beginpunt van post-apartheid Nederlandse boeke oor Suid-Afrika is Adriaan van Dis se *Het beloofde land* (1990). Van Dis was reeds 'n bekende Nederlander danksy skrywersonderhoude op televisie en sy literêre debuut *Nathan Sid* (1983). Weens sy betrokkenheid by die digter-aktivis Breyten Breytenbach was bekend dat hy anti-apartheid én 'n liefhebber van Afrikaans was.

Reeds vanaf die openingsparagraaf van *Het beloofde land* fokus Van Dis op die werkster van die vriendin met wie hy deur die Karoo sal reis:

Ik logeer bij Eva Landman en Sophie is haar bediende. [...] Ze lacht als ze stoft, ze lacht als ze dweilt, ze lacht om haar buik die zo dik is dat ze liggend onder kasten en tafels moet soppen. (Van Dis, 1990: 7)

Sophie het kritiek op Eva, maar is veral ook erkentelik: “Ze is als een moeder voor me, zonder haar had ik geen huis” (Van Dis, 1990: 9). Sophie het geen vertroue daarin dat Mandela vir groot verbeterings sal sorg nie: “De enige die ik vertrouw is Eva.” (Van Dis, 1990: 13) Dit blyk duidelik dat daar behalwe 'n saaklike verhouding ook 'n hegte band tussen die vroue is: bevoogdend aan die kant van Eva en besonder afhanklik aan die kant van Sophie. Albei beweer dat hulle mekaar goed ken alhoewel Eva sê dat Sophie vir haar altyd vreemd sal bly. “Je kan je best doen de zwarte te begrijpen, maar kennen doe je ze nooit” (Van Dis, 1990: 69). Sophie benadruk dat witmense nie vir swartmense vreemd is nie, juis omdat hulle in hulle huise werk (Van Dis, 1990: 12).

Aanvanklik is Van Dis tydens die reis met Eva oordrewe beleefd teenoor diensmeisies wat hy in hotelle en by mense tuis ontmoet. Hy spreek hulle met “u” aan en sorg vir groot hilariteit wanneer hy hulle met die hand groet. Hy voel in sy verset “zo dwaas”, 'n “eigenwijze Europeaan [...] die de mensen hier weleens even zal leren hoe je met elkaar dient om te gaan en die zich stoort aan gedrag dat hij thuis niet wil zien. Of die contact zoek met mensen die hij in zijn eigen land vermijdt. Wanneer sprak ik voor het laatst mijn Turkse vuilnisman.” (Van Dis, 1990: 23)

In 2007 reis Van Dis weer deur Suid-Afrika om 'n dokumentêre filmreeks vir die VPRO te maak. Die eerste aflewering speel grootliks in Kaapstad af en heet “Weerzien in Zuid-Afrika”. “Sophie” is die eerste met wie hy voor die kamera kontak soek. Haar regte naam is Frances Magxa. Die boodskap is duidelik: 'n huisbediende is die enigste swart persoon wat Van Dis in 1990 goed genoeg leer ken het om nou weer te kan opsoek. Sy is 'n onmisbare skakel tussen stad en platteland, tussen wit en swart. Eers wys sy hom die huis wat “Eva” destyds vir haar laat bou het in die “township”. Ondertussen is sy met pensioen en Van Dis gaan soek haar later op in die Transkei. Net soos in *Het beloofde land* wat begin en eindig met Sophie, begin en eindig ook die TV-reeks met Frances. Foto's van Van Dis saam met haar is dan ook in alle advertensies vir die televisiereeks en op die omslag van die dvd-reeks gebruik. Van Dis (2007) aarsel

of hy geld moet gee vir die nuwe huisie wat Frances in haar “tuisland” aan die bou is. Hy wil nie oorkom “als een goede blanke” nie. Hy gee tog en eindig die reeks met die woorde: “Elke steen voor haar is weer een steen minder op mijn schuldgevoel.”

3. Johannesburg

Talle Nederlandse joernaliste het die afgelope jare vir lang tye in Suid-Afrika gewoon en boeke oor hulle ervarings gepubliseer. Van 1997 tot eind 2003 woon Petra Quaedvlieg in Johannesburg en stel die tuinman en huisbediende wat sy met haar huurhuis “geërf” het sentraal in *Fanie en Rose* (2010).³ Van Dis skryf tereg op die omslagteks dat die boek “meer vertelt dan in menige politieke reportage”. Knellende vrae vir Quaedvlieg en haar man was steeds: “Hoe ga je om met personeel dat maar niet uit een spiraal van armoede kan stappen? En hoe kan je aan die rol ontsnappen van de witte baas en madam die altijd klaar moet staan.”

Hierdie vrae hou ook ander joernaliste besig. Voormalige anti-apartheidsaktiviste Evelien Groenink en Bart Luirink het onderskeidelik tussen 1990 en 2012 en 1993 en 2008 in Johannesburg gewoon en die boeke *Wonderland* (1998) en *Puur goud* (2010) oor hulle ervarings gepubliseer.⁴ Albei streef bewus daarna om gelykwaardig met swartmense om te gaan. Bram Vermeulen woon tussen 2001 en 2008 in Johannesburg en publiseer in 2009 *Help, ik ben blank geworden*.⁵

Alle joernaliste se persoonlike omstandighede blyk duidelik uit hulle boeke. Groenink en Luirink, politiek aktief in die 1970s en 1980s, kom op die hoogtepunt van die “Nuwe Suid-Afrika” in Johannesburg aan en vestig hulle in woonstelgeboue in die “lefty”-wyk Yeoville. Groenink woon saam met ’n voormalige ANC-balling met wie sy ’n kind het en Luirink leer ironies genoeg sy gay identiteit veel beter in Johannesburg ken as in Amsterdam. Vermeulen woon saam met sy vriendin uit Kaapstad in “trendy” Melville.

4. “Ineens ben ik een echte madam”

Teen die einde van 1990, dus tien maande nadat president F.W. de Klerk aangekondig het dat ballinge uit die buiteland kon terugkeer, gaan Evelien Groenink na die Zambiaanse hoofstad Lusaka. Sy sal vandaar met ’n groep ballinge na Suid-Afrika reis en oor hulle tuiskoms skryf. Reeds in Lusaka val dit Groenink in ’n sogenaamde “safe house” van die ANC op dat die swart kok en sy vrou onophoudelik kook en poets vir twee swart ANC-mans wat die poetsvrou, “die met haar stoffer en dweil wel aan hun voeten lijkt te leven” (Groenink, 1998: 7), geen blik gun nie. Groenink vra aan mede-huisbewoners of die vrou op instruksie van die ANC so oordrewe skoonmaak en steeds swyg:

Victor en Nombulelo leggen verlegen lachend uit dat de invloedrike en wereldwijd ondersteunde ANC-community in Zambia nogal elitair is, en dat de verhoudingen tussen elite en Zambianen van lagere komaf nou eenmaal zo zijn. (Groenink, 1998: 9)

Victor vertel dat sommige ANC-ers hulle huispersoneel selfs *hoovers* (stofsuiers) noem (Groenink, 1998: 10). Groenink se verontwaardiging oor die kloof tussen die whisky-drinkende versetstryders en die uitslowende vrou is 'n aanduiding dat sy nie in eenenvoudige opposisies van wit is sleg en swart is goed dink nie. "Als het ANC zichzelf zo ontwikkeld vindt en de dingen anders wil aanpakken in Afrika, waarom begint het ANC dan niet hier?" (Groenink, 1998: 10). Dwarsdeur haar boek, 'n besonder interessante geskiedenis van die begin-jare van die Nuwe Suid-Afrika, bly Groenink krities, ook oor haar eie handelinge jeens huishulpe wanneer sy later met Victor en hulle baba in 'n woonstel in Yeoville woon.

Groenink is dikwels uithuisig en neem Priscilla in diens, 'n familielid van haar swart vriendin Dorothy. Eintlik sou sy liever Prudence wat op die dak van die woonstelgebou woon as "nanny" wou hê. Sy sien 'n verband met werkersklasvroue in Amsterdam vyftig jaar eerder.

Prudence doet me aan mijn oma denken. Ook zij had op Prudences leeftijd twee kinderen, een achterkamer in de Pijp en een flierefuitende, altijd afwezige echtenoot. Ook zij schrobde trappen om haar kinderen te eten te geven. [...] Mijn oma werkte hard aan het wegpoetsen van het accent van haar Amsterdamse arbeidersbuurt. [...] Ik hoor haar echo als Prudence me toestraalt en uitvoerig bedankt voor iets dat ik aan haar kinderen heb gegeven. Mijn oma praatte ook altijd zo aardig, bijna vleierig tegen haar "mevrouwen". [...] oma's bestaan hing nu eenmaal van de mevrouwen af, en achter het gefleem kon een goede waarnemer, net als nu bij Prudence, de doodsgangst zien. [...] De hoogste zekerheid die zij in haar leven kan bereiken, met haar twee kinderen en nauwelijks enige opleiding, is aanhangsel van een blank gezin te worden. Maar ik heb Priscilla al. (Groenink, 1998: 281)

Teen haar sin is Groenink werkgeefster: "Priscilla en ik, maid en madam. [...] Priscilla houdt zich aan haar rol als dienstmeisje dat weet hoe het hoort. [...] Ineens ben ik een echte madam." (281). Maar beslis nie 'n gewone Suid-Afrikaanse madam nie. Priscilla is dikwels siek "zodat baby en nanny dan gezamenlijk in het ouderlijke tweepersoonsbed de dag doorbrengen". Groenink sorg dan vir hulle. Haar man sê sy moet die arbeidsooreenkoms verbreek, maar Groenink kry dit nie oor haar hart nie:

Alles wat ik weet is dat Priscilla beneden, en Prudence boven, met hun respectievelijke aanhang steeds meer met mijn leven te maken krijgen. Ze begeleiden mij in Yeoville als de andere kant van de medaille van mijn blanke damesbestaan; een zwijgende, onontkoombare, niet weg te poetsen schaduwkant. Als ik nog schrijf, is het meestal over hen. (Groenink, 1998: 283)

Die laaste hoofstukke van *Wonderland* bevat inderdaad tientalle bladsye oor haar relasie tot hierdie vroue, oor die voortdurende appèl wat hulle op haar doen: om nalatigheid oor die hoof te sien, om namens hulle kinderonderhoud te probeer reël, om geld te leen en hulle na die dokter te vat:

Ik begin een hekel te krijgen aan het dodelijke inferioriteitscomplex van veel zwarte vrouwen hier. Ze gaan ervan uit dat ze niets kunnen en nergens komen, en dat ze bij voorbaat al verslagen zijn en niet eens iets hoeven te proberen; dat ze alleen af en toe hulp kunnen verwachten van een aardige blanke, die namens hen een telefoontje pleegt of een klachtenformulier invult. Een aardige madam is een kwestie van leven en dood. (Groenink, 1998: 301)

Vertwyfeld wonder Groenink in April 1995 wat nou eintlik vir swartmense 'n jaar ná die verkiesing verander het. Die antwoord word digby huis gesoek:

Wat is er nu eigenlijk voor mensen als Prudence veranderd? Tien jaar geleden had ze via een welgezinnde madam ook een aardige dokter kunnen vinden. Verder is haar schrob- en poetswerk hetzelfde; haar eenzame strijd voor het voeden en schoolen van haar kinderen is hetzelfde; haar onmacht tegenover de onderhoudsrechtbank die haar elke twee maanden weer voor niets terug laat komen, is hetzelfde. Haar kerk bezweert haar en haar buurvrouwen als vanouds op vervaarlike toon dat ze maar moet accepteren en lijdzaam zijn. (Groenink, 1998: 336)

5. “Oké, ik had inmiddels een werkster”

Net soos Groenink het Bart Luirink hom kort na die vrylating van Mandela in 'n woonstel in Yeoville gevestig. Die buurt verander steeds meer van kleur. Baie “lefties” is geskok oor die korruksie en geweldsmisdade in hulle direkte omgewing. Waarom, vra Luirink homself af, dink blankes eintlik dat elke swart persoon oor 'n hart van “puur goud” beskik? Lê hierdie misverstand ten grondslag aan die teleurstelling oor die uitbly van 'n Suid-Afrikaanse paradys? Toe sy nuwe yskas in November 1993 by Rockview Heights afgelewer word was hy verbyster om te hoor dat daar sleutels by hoort. “Vanwege de *maid*”, moes hy hoor. “Ik had geen maid en ik zou er nooit een nemen.” (Luirink, 2010: 9) Dit duur egter nie lank nie of hy het 'n Peggy: die moeder van sy nuwe geliefde Thomas. Sy maak alles uitstekend skoon, maar sy word die beliggaming van alles wat hy in verband met afhanglikheidsverhoudings nie wou hê nie:

Peggy, die ik natuurlik drie keer meer betaalde dan gebruikelijk en verbood om me met baas aan te spreken. In dit huis was iedereen gelijk! Zo zat dat, en niet anders. [...] ze staarde me glazig aan. [...] En uitgerekend Peggy had drickwart van de wodka overgegoten [...] om de drank waarschijnlijk door te verkopen in Soweto. [...] (Luirink, 2010: 9)

In de plichtmatige gesprekken aan de keukentafel hadden Peggy en ik gedaan alsof we gelijk waren. Zodra ik me omkeerde, goot ze de wodka over. Ze had me diep teleurgesteld, en vooral mijn vertrouwen beschaamd. In deze kleine diefsbal liet ze me zien welke waarde ze hechtte aan onze verstandhouding: geen enkele. Ik was een watje. Ik was een geldautomaat die in zo kort mogelijke tijd leeggetapt moest worden. Ik was een wandelende Novib. (Luirink, 2010: 9)

Luirink begin die yskassleutel gebruik. Groenink verwys in *Wonderland* dan ook dikwels na steeds meer siniese bediende-verhale wat sy en “B.” uitwissel. Die besef begin daag dat hulle wel wil pretender dat die bediende gelyk aan hulle is, maar dat dit deur die vroue self glad nie so ervaar word nie.

6. “Mijn schuld was ingelost”

’n Ander toevoeging tot Nederlandse korrespondente se vertoë oor post-apartheid Suid-Afrika is Bram Vermeulen se boek *Help, ik ben blank geworden* (2009). Die “rode draad” is sy ondersoek na die 18-jarige getraumatiseerde Johann Nel wat in Januarie 2008 vier swartmense doodgeskiet het in die plattelandse dorp Swartruggens. Vermeulen wou weet waarom Nel se integrasie in die nuwe Suid-Afrika misluk het: “Dat kon alleen als ik ook eerlijk naar mezelf zou kijken. Ik had meer dan zes jaar geprobeerd om te integreren in dit land.” (Vermeulen, 2009: 37) Ontwapenend eerlik ondersoek hy sy reaksies op Suid-Afrikaanse gebeure en verwys opvallend dikwels na die rol wat huisbediendes speel in die ervaring van sy identiteit.

In April 1996 is hy enkele weke in Johannesburg waar hy saam met ’n vriend by Nederlanders tuisgaan wat in die 1960’s gemigreer het. Vir die eerste keer word hy met die “bediende-situasie” gekonfronteer:

Er was iets met de tuinman. Hij werd niet aan ons voorgesteld. Hij zwierf zwijgend door de tuin, maakte zwijgend het gras en snoeide zwijgend de bomen. [Het] begon ons te dagen dat tuinmannen hier geen namen hadden. Alleen verzamelnamen [: Boy] (Vermeulen, 2009: 43)

We deden extra aardig tegen de tuinman en tegen het keukenmeisje. We maakten thee voor hen, niet andersom, ook al vonden ze dat erg ongewoon . [...] (Vermeulen, 2009: 45)

We waren wapenbroeders met de zwarten van Zuid-Afrika. We begrepen hun lot. (Vermeulen, 2009: 46)

Tog: tydens hulle verblyf laat hy en sy vriend alle huishoudelike werk “dankbaar uit handen [...] nemen door het keukenmeisje”. (Vermeulen, 2009: 47). Op ’n dag toe die twee aspirant-joernaliste as enigste blankes in ’n kombitaxi op pad was huis toe – “Wij grinnikten mee, want we waren zwart” – vra ’n vroulike passasier enkele ontmaskerende vrae: “Hoe heet de dame die daar voor jullie de was doet? [...] Wie boent daar jullie vloeren? Wie wast jullie kleren?” (Vermeulen, 2009: 47). “Niemand”, was hulle antwoord. “Dat doen we allemaal zelf. Wij Nederlanders doen ons eigen huishouden. We zijn niet zoals die blanke Zuid-Afrikanen.” (Vermeulen, 2009: 47). Met hierdie leuen het die blosende Vermeulen hom vir die eerste keer “heel even, heel erg blank” (Vermeulen, 2009: 47) gevoel.

Enkele jare later word Vermeulen Afrika-korrespondent vir onder meer NRC

Handelsblad; sewe jaar lank is Johannesburg sy standplaas. Sy voorneme is om so “Afrikaans” moontlik te word en selfs in Soweto te gaan woon. Hy bewonder die “toenmalige correspondent van de VNU-dagbladen, die ondanks de horrorverhalen stug in het centrum van Johannesburg bleef wonen. Vanuit zijn flatgebouw in Yeoville keek hij uit over de trage maar onafwendbare implosie van zijn buurt. [...] Hij bleef en hij schreef op. Zo wilde ik ook worden.” (Vermeulen, 2009: 48). *Insiders* sal onmiddellik Bart Luirink herken. Ondanks Vermeulen se voorneme om soos Luirink in Yeoville te gaan woon, moet hy in 2002 toegee dat die wyk ondertussen veels te gevaelik is. Teen dié tyd het Luirink trouens self al na ’n noordelike voorstad verhuis. Vermeulen en sy Kaapse vriendin koop ’n huis in Vyfde Laan in Melville: “Met het huis kreeg ik ook een schoonmaakster en een tuinman.” (Vermeulen, 2009: 53)

“Zolang je [Mozes] heel precies uitlegt wat hij moet doen, heb je er een prima kracht aan”, legde de vorige eigenaar uit bij de overdracht van het huis. Alsof we handeklap deden op de slavenmarkt. (Vermeulen, 2009: 53)

Tot Grace se teleurstelling verklaar Bram die bouvallige “maids quarter” in sy agtertuin onbewoonbaar, maar vergoed daarvoor deur haar dubbel soveel te betaal as die vorige huiseienaar. “Mijn schuld was ingelost” (Vermeulen, 2009: 54) – woorde wat ook deur Van Dis en Luirink gebruik is. Vermeulen verwys na ’n artikel, “Het land verandert, maar wie doet de was?”, waarin hy Suid-Afrikaners aangekla het wat die werkgewers was van ’n miljoen werksters. Asof alles anders kon wees indien hulle die vroue nie in diens geneem het nie. Hy moes nou toegee dat sy eie tuiste soos die van ander Suid-Afrikaanse huisgesinne begin lyk:

“Grace droeg elke dag een schort en had een doek om haar hoofd gewikkeld. Mozes liep altijd in overall. Ik had het vermoeden dat de vorige eigenaar die uniformen had opgelegd. Omdat ik daar niet helemaal zeker van was, zweeg ik.” (Vermeulen, 2009: 54).

Onder meer sy swye en die aanwesigheid van Grace en Mozes op sy erf dra daartoe by dat Vermeulen ná sewe jaar in Afrika besef dat hy nie kon integreer met swart mense nie: “Ik bleef proberen, telkens weer, totdat ik zeker wist dat mijn falen niet te vermijden was.” (Vermeulen, 2009: 49)

7. Slot

Deur self bediendes in diens te neem, word Nederlandse korrespondente gekonfronteer met eie politieke standpunte, met die laste en pligte van mag in persoonlike arbeidsverhoudings. ’n Onopgeloste kwessie van apartheid in Suid-Afrika word aangegryp om oor hulle eie identiteit te reflekteer, moontlik selfs om aanvanklik probleme in eie land te verberg. In Nederland is werksters immers nie

meer net van 'n laer sosiale klas as werkgewers nie, maar kom hulle toenemend uit Asië, Afrika en Latyns-Amerika sodat kleur steeds meer 'n faktor van verskil word. Openhartig ondersoek die korrespondente hulle eie voorheen veronderstelde ruimdenkendheid. Hulle verwagting dat daar sprake kan wees van 'n gelykwaardige verhouding blyk arrogant en kortsigtig te wees. Bowendien is juis buitelandse korrespondente wat ná hul Johannesburgse verblyf in Amsterdam, Shanghai en Istanbul gaan woon het, onderdeel van 'n globaliserende wêreld waarin werksters steeds 'n ernstig benadeelde posisie het. Dalk is daar 'n les te leer en deur te gee vanuit hulle Suid-Afrikaanse ervarings?

Nederlandse korrespondente se byna neo-koloniale obsessiewe geskryf oor tuinmanne en huiswerksters sluit op 'n boeiende manier nie slegs aan by wat J.M. Coetzee al 'n eggoput van vertoë oor die komplekse verhouding tussen wit en swart, tussen baas en kneeg in Suid-Afrika genoem het nie, maar ook by mondiale debatte oor "domestic workers".⁶

*Universiteit van Amsterdam
Vrije Universiteit van Amsterdam
Universiteit van Johannesburg*

Bronnelys

- Chang, Grace.** 2000. *Disposable Domestics. Immigrant Women Workers in the Global Economy*. Cambridge, MA.: South End Press.
- Coetzee, J.M.** 1988. *White Writing. On the Culture of Letters in South Africa*. New Haven and London: Yale University Press.
- Groenink, Evelien.** 1998. *Wonderland: De toekomst van Zuid-Afrika*. Amsterdam: Atlas.
- Groenink, Evelien en Bart Luirink.** 1992. *Zuid-Afrika: Tussen township en Tafelberg*. Amsterdam: Uitgeverij Atlas.
- Jansen, Ena.** 2005. "Ek het maar net saam met die miesies gebly." Die representasie van vrouwebediendes in die Suid-Afrikaanse letterkunde: 'n steekproef. *Stilet*, 17(1): 102-133.
- Liebregts, P., Praamstra, O. en Van Zyl, W.** 2013. *Zo ver & zo dichtbij, literaire betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.
- Luirink, Bart.** 2010. *Puur goud. Andere verhalen uit Zuid-Afrika*. Amsterdam en Antwerpen: Augustus.
- Quaedvlieg, Petra.** 2010. *Fanie en Rose. Een Zuid-Afrikaanse vertelling*. Amsterdam: Uitgeverij Athenaeum.
- Van Dis, Adriaan.** 1990. *Het beloofde land. Een reis door de Karoo*. Amsterdam: Meulenhof.
- Van Dis, Adriaan.** 2008. *Van Dis in Afrika*. Hilversum: VPRO (dvd).
- Vermeulen, Bram.** 2009. *Help, ik ben blank geworden. Bekentenissen van een Afrika-correspondent*. Amsterdam en Rotterdam: Prometheus.

Note

1. Hierdie artikel het eerder in die klein oplaat van 'n huldigingsbundel vir Eep Francken verskyn (Liebregts e.a. 2013: 273-284).
2. J.M. Coetzee toon in *White Writing* aan dat veral agtende-eeuse reisigers gefassineer was deur Hottentotte en hulle veronderstelde luiheid, maar toenemend ook gelet het op die feit dat blankes selde handewerk verrig het. Sien die hoofdstuk "Idleness in South Africa" (Coetzee 1988: 12-35).
3. Quaadvlieg was korrespondent vir *De Morgen* en *Het Parool* en medewerker van die Cultureel Supplement van *NRC Handelsblad*. Saam met haar Nederlandse joernalis-man en drie kinders was hulle 'n tipiese *expat*-gesin. In 2004 verhuis hulle na Shanghai.
4. Groenink het vir *De Groene Amsterdammer*, *Opzij* en *Zuidelijk Afrika* gewerk en Luirink vir Radio 1 Journaal, VPRO-radio, *Nieuwe Revu*, *Onze Wereld*, *Nieuws Tribune* en *Zuidelijk Afrika*. Saam skryf hulle 'n alternatiewe reisboek (1992). Albei woon tans weer in Amsterdam.
5. Vermeulen was tussen 2001 en 2008 korrespondent vir *NRC Handelsblad*, die NOS Journaal, die VRT en die Wereldomroep. In 2008 is hy Nederlandse Joernalis van het Jaar. Sedert 2009 is hy korrespondent in Turkye, maar keer in 2013 weer terug na Suid-Afrika.
6. Vergelyk Jansen 2005, Chang 2000 en informasie oor 'n kongres: http://www.ith.or.at/konf_c/call_2013_e.htm, geraadpleeg op 25 Februarie 2013.

Fokofpolisiekar en die musiek van vervreemding

Burgert Senekal

Alienation in the music of Fokofpolisiekar

Alienation, as Melvin Seeman defined the concept in 1959, still garners attention from sociologists and cultural commentators, as is evident from Langman and Kalekin-Fishman (2006), who discuss various aspects of the manifestation of alienation in the modern world. Within alienation studies, it is popular culture in particular that receives attention from scholars, where alienation theory is used in conjunction with amongst others the redefinition of identity, which has become increasingly prevalent since the nineties of the last century. As such, the redefinition of Afrikaner identity is an important issue that belongs within a global context, and manifests in particular in the lyrics of Fokofpolisiekar. Following among others Geyer (1996), Kalekin-Fishman (1998), Neal and Collas (2000), Langman and Kalekin-Fishman (2006) and Hermann (2006), Seeman's five-aspect model of alienation (1959) is used in this article to investigate how the lyrics of Fokofpolisiekar depict alienation.

1. Inleiding

Meer as 'n honderd en vyftig jaar nadat Karl Marx die konsep vervreemding 'n onderwerp van "lewendige bespreking" (Langman en Kalekin-Fishman, 2006: 1) gemaak het, verdien dit steeds aandag van sosioloë en kulturele kommentators. Nie alleen is die konsep steeds lewendig nie, maar lok opnuut belangstelling as gevolg van globalisasie en die drastiese kulturele veranderinge wat hiermee sowel as met die beëindiging van die Koueoorlog en die informasie-revolusie gepaard gaan (sien Geyer, 1996b: xi-xiv en Senekal, 2010: 7-16). In die buiteland het veral navorsers soos Felix Geyer, Lauren Langman en Devorah Kalekin-Fishman die konsep herontdek na die afname in belangstelling vanaf die 1980's, en plaaslik het Dirk Hermann (2006) die teorie op die Afrikanerjewg toegepas om vervreemding binne die hedendaagse Suid-Afrikaanse opset te ondersoek. Vir Langman en Kalekin-Fishman (2006: 4) is die omstandighede van die hedendaagse, geglobaliseerde wêreld van só 'n aard dat vervreemding, "in many new and varied expressions, remains a salient feature of capitalist societies in late modernity".

Vervreemding en identiteit word op die spits gedryf in Suid-Afrika (sien byvoorbeeld Klopper, 2009: 118 en Senekal, 2011: 87), waar die oorhandiging van politieke mag direk gepaardgegaan het met die beëindiging van die Koue-oorlog. Die Waarheids- en Versoeningskommissie asook die algemene verbrokkeling van die verbintenis tussen staat en kerk het 'n stroomversnelling in die bevraagtekening van metanarratiewe én die toetreden tot 'n geglobaliseerde wêreld veroorsaak wat vergelykbaar is met veranderinge in Oos-Europa.

Vervreemdingstudies gaan wêreldwyd gereeld gepaard met die studie van populêre kultuur (Prosono, 2006: 231), en Fokofpolisiekar is by uitstek die Afrikaanse groep wat hedendaagse vervreemding versinnebeeld. Danie Marais (aangehaal in Klopper, 2010) sê van hul lirieke: “Na ’n meer snydende, gekonsentreerde blik op die koerslose erfgename van die ‘oranje, blanje blues’ van die ou wit Suid-Afrika en die verslae Afrikanerdom gaan jy ver soek.” Taljaard (2010) noem Fokofpolisiekar “n groep wat die mondstuk word van ’n geslag Afrikaanse jeugdiges wat nie herwaarts of derwaarts weet nie”, terwyl De Viljee (2008) en andere verwys na ’n “Fokofpolisiekar generasie”. Daar is selfs ’n Facebook-groep, Die Fokof Generasie (Anoniem, 2013), wat beweer:

Hierdie is ’n groep vir mense wat grootgeword het onder die invloed van die beste musiek in die geskiedenis van musiek. Hulle het nie net ’n musikale revolusie oor ons land gebring nie maar ’n hele kulturele coup. Ons kultuur het in ’n kwessie van minder as vyf jaar so drasties verander dat ons as ’n hele nuwe generasie kan beskryf word. Ons is die Fokof generasie!

Reeds in die naam verset Fokofpolisiekar hulself teen regulering, orde, en die establishment – soos verteenwoordig deur die polisie én die gebruik van ’n vloekwoord. As punk-groep funksioneer hulle binne die milieu van die globale punk-toneel: ’n toneel wat van meet af aan anti-establishment was en ’n kulturele revolusie probeer aanwakker het (sien byvoorbeeld Dunn, 2008 en Langman, 2008). Hermann (2009) sowel as Senekal (2009a) sonder Fokofpolisiekar uit as ’n groep wie se lirieke vervreemding onder die Afrikanerjeug uitbeeld, terwyl Klopper (2009) se magisterverhandeling oor hulle lirieke een van weinig nagraadse studies oor Afrikaanse musieklorieke binne die letterkunde verteenwoordig. Fokofpolisiekar se eerste treffer, “Hemel op die platteland”, het in 2004 die eerste Afrikaanse liedjie geword wat “amptelike speellysstatus verkry het op die radiostasie 5FM – nege-en-twintig jaar na die ontstaan van hierdie populêre musiekstasie” (Klopper, 2009: 111). Antjie Krog (aangehaal in Taljaard, 2010) glo:

Nêrens anders in Afrikaans is die proses van hoort en behoort, kritiek en aandadigheid, aanpas en verwerping van jong Afrikaner-mans so volgehoue, skerp en intelligent, oor so ’n lang tydperk aangebied as in die lirieke van Fokofpolisiekar nie. Dit maak hulle fenomenaal.

Met die onlangse publikasie van Fokofpolisiekar se versameling lirieke, *Woorde*, die DVD-dokumentêr (Little en Domingues, 2009), hulle verskeie toekennings (Klopper, 2009: 112), en Klopper (2011) se biografie oor dié groep – én in die lig van bogenoemde uitsprake – is dit miskien nie oordreve nie om te beweer dat ons hier met een van die belangrikste Afrikaanse groepe in die nuwe Suid-Afrika te doen het (sien ook Kahn, 2009). Hierdie studie werp dus verdere lig op ’n belangrike faset van Afrikaans se kulturele hede.

Vervreemding behels “the feeling of being on the ‘other side’, where people experience a severe lack of access to some medium of vital importance. Alienation is the feeling of ‘the other’” (Misheva, 1997: 804). Ten spyte van Marx se deurslaggewende invloed op vervreemdingstudies, erken Bomer (1974: 32) dat Marx “met die definiëring van die alienasie wat vaag en te filosofisch” is (sien ook Senekal, 2010: 6). Alhoewel hy geensins so ’n bewering gemaak het nie, het Melvin Seeman verskillende perspektiewe – onder andere dié van Marx en Durkheim – in 1959 geïntegreer om ’n “model” (Kalekin-Fishman, 2008: 538) van vervreemding saam te stel wat sedertdien breedvoerig aangewend is om vervreemding te ondersoek. Hy het aanvanklik vyf aspekte geïdentifiseer: magteloosheid, betekenisloosheid, normloosheid, sosiale isolasie, en self-vervreemding (Seeman, 1959). Die meerderheid studies wat van sy model gebruikmaak, fokus op hierdie vyf nou-verwante aspekte, maar hy het later ’n sesde aspek geïdentifiseer: kulturele vervreemding. In navolging van onder andere Geyer (1996a), Kalekin-Fishman (1998), Neal en Collas (2000), Langman en Kalekin-Fishman (2006) en Hermann (2006), word die vyf-aspek model egter in hierdie artikel gebruik om ondersoek in te stel na hoe die lirieke van Fokofpolisiekar vervreemding uitbeeld. Aangesien daar heelwat probleme bestaan rondom die definiëring van die self (sien Gergen, 1996: 122, Neal en Collas, 2000: 22, Geyer, 2002: 1031, Costas en Fleming, 2009: 354, en Senekal, 2010: 48-57), word die aspek van self-vervreemding egter nie in hierdie artikel ondersoek nie.

2. Agtergrond van punk

Punk het in die vroeë sewentigerjare in New York ontstaan, maar eers werklik momentum verkry teen die einde van die dekade in Brittanje (Basson, 2007: 73). Die Sex Pistols, Siouxsie and the Banshees en The Clash is sekerlik die bekendste groepes uit hierdie era. Die genre het vinnig oor die wêreld versprei, en het sedert 1995 ook ’n rol begin speel op die Suid-Afrikaanse musiektoneel (Basson, 2007: 76). Dit was egter eers met die verskyning van Fokofpolisiekar se *Lugsteuring* (2004) dat Afrikaanse punk wyd opslae begin maak het.

As gevolg van die rebelsheid van punk is dit ook gereeld vir politieke doeleindes aangewend – in hierdie verband staan veral die Rock Against Racism en Rock Against Sexism feeste uit (Basson, 2007: 73-74). Ook tydens die oorlog in Irak is punk aangewend om musikante se verwerving van hierdie hoogs kontroversiële oorlog uit te spreek (Senekal en Van den Berg, 2010: 103). Punk word gewoonlik geassosieer met linkse politiek, maar ook is die musiekvorm al aangewend om ’n regse boodskap te propageer. In Brittanje is veral die groep Screwdriver noemenswaardig: ’n neo-Nazi punkgroep wie se voorsanger, Ian Stuart Donaldson, na sy dood in 1993 legendaries binne die globale neo-Nazi beweging geword het, en ook baie van die Sweedse White Power-groepe geïnspireer het (Eyerman, 2002: 451). In die hedendaagse Duitsland is punk sentraal tot die politiek van die jeug:

Popular genres such as metal and punk have unparalleled importance in the public struggle over neo-Nazism. Their raw sounds and energetic performance styles empower political sentiments among youths in music scenes that are distinct from state institutions and dominant public spheres (Holt, 2007: 488).

In Suid-Afrika is die Punks Against Racism konsert in 2000 in Pretoria gehou, en in 2005 is Rage for the Revolution deur die Treatment Action Campaign (TAC) aangebied om mense bewus te maak van HIV/VIGS (Basson, 2007: 81). Basson (2007: 82) skryf oor die ontstaan van punk in Suid-Afrika:

Originally inspired by the immediate novelty of taking pride in their national identity after the transition, these individuals eventually came to question their minority status and to what extent they were a part of the African Renaissance. As a small group of mostly white middle class males, punk gives them a space that allows them to enjoy being different from the norm. Their punk disguises arm them with the weapon of ridicule, allowing them to comment on the world around them and negotiate their identities in the new South Africa (sien ook Klopper, 2009: 18).

Fokopolisiekars word geag as die eerste Afrikaanse punkgroep (Klopper, 2009:14), en spreek gereeld die kwessies aan wat Basson hierbo noem. Later meer hieroor.

Punk is per definisie 'n musiekgenre wat met verveemding geassosieer word: "the prevalent themes in punk are characterized by anti-establishment messages, alienation from society, rebelliousness against authority, and anomie" (Hansen en Hansen 1991: 336). Volgens Dunn (2008: 198) het punk 'n DIY-benadering, waarvolgens bestaande norme skerp bevraagteken word met die oog op die skepping van nuwe norme; Tsitsos (1999: 408) let juis op die "rule-breaking individuality which is such a large part of being a punk." Dunn (2008: 206) beweer punk "offers resources for agency and empowerment via disalienation, a DIY ethos, and an anti-status quo disposition". Wat ook blyk uit Dunn se opmerking is dat vervreemding *reeds* bestaan en dat punk 'n reaksie hierop is – 'n poging om 'n alternatiewe solidariteit te skep onder gemarginaliseerde individue, soos ook die geval is met ander subkulture soos binne die ekstreme metal-toneel (Senekal, 2011). Langman (2006: 189) beaam dat die skepping van "alternative identity-granting communities of meaning" 'n reaksie op vervreemding is, waar mense "agency, dignity, and meanings apart from the alienating commodified ways of the dominant social order" vind.

3. Vervreemding en Fokopolisiekars

Langman en Scatamburlo (1996: 133) skryf: "when a group exercises domination over another, through relations of power, conquest, or colonization, it is likely to construct the Other (or others) on which are imposed denigrated identities". Daar moet ook gelet word op Dahms (2006: 26) se uitspraak:

Societies fraught with largely impenetrable inequalities, while maintaining a policy apparatus to combat a multiplicity of social problems – thus conceding the illegitimacy of structural inequalities – foster a type of social relations that condemns members of different social groups – according to race, class, gender, etc. – to view each other not as humans, but as representations of the attributes shared by all the members of a demographic reference group. In such societies, equal citizenship is reduced to a simulation that undermines the construction of meaningful life histories.

Hierdie tendens is nie alleen kenmerkend van die koloniale era en tydens die Apartheidsjare nie, maar is soms ook te bespeur in die nuwe Suid-Afrika, waar die politieke magstelle omgeruil is. Rossouw (2006) skryf onder ander dat die Afrikanerse geskiedenis “kriminaliseer” – ‘n gevoel wat ook in die lirieke van hedendaagse Afrikaanse protesliedjies verwoord word (Senekal, 2009a: 59). Andile Mngxitama van die Stigting van Menseregte se uitlating kan as voorbeeld dien: “whites accumulated wealth and comfort not through hard work but violence, plunder and theft” (Mngxitama, 2010), en Julius Malema het ook al by geleentheid beweer: “We all agree that they [wit mense] stole the land. They are criminals, they should be treated like that” (Laing, 2011). Sulke uitsprake etiketteer alle wit mense as oneerlike uitbuiters, en maak hulle draers van ‘n “denigrated identity” wat op wit mense as ander geprojekteer word, soos Krog (2009) erken: “it is as an ethnic group that Afrikaners stand accused.” As gevolg van onder ander die Waarheids- en Versoeningskommissie word die Afrikaner se politieke verlede gesien as een van menseregteskendings en wreedhede, en die Afrikaner word as geheel skuldig aan hierdie wandade – ten spyte daarvan dat die hele gemeenskap natuurlik nie ‘n aktiewe rol gespeel het nie. Giliomee (2004: xiv) let daarop dat party Afrikaanssprekendes hulself deesdae nie meer Afrikaners noem nie, omdat “hulle – foutief en ahistories – meen die term Afrikaner deur sy assosiasie met Afrikanernasionalisme en Apartheid fataal besmet is”. In Hunter Kennedy (Little en Domingues, 2009) se woorde: “[Afrikanerkultuur] is synonymous with Apartheid and hatred – even though it’s not – that’s the way we felt about it.”

Wilden (1987: 208) glo die geringskatting van die inheemse bevolking deur Europeërs tydens die koloniale era het ‘n daadwerklike impak gehad op hoe die inheemse bevolking hulself gesien het, want: “it is not enough for the colonizers alone to believe the myth of their God-given, ‘natural’, innate, and hereditary superiority; the colonized must be taught to believe it too, and just as fervently, if not more so”. Die Europese geringskatting van die inheemse bevolking in die kolonies is met verloop van tyd deur laasgenoemde geïnternaliseer (Wilden, 1987: 86), sodat hulle hulself lateraan as minderwaardig begin ag het. So ‘n internalisering van ‘n verlaagde identiteit wat van buite oopgelê word, het ook by die Afrikaner plaasgevind na die Anglo-Boereoorlog: *The Cape Times* het in 1907 geskryf dat Afrikaans ‘n “mongrel”, “degenerate” taal is wat bloot geskik is vir “peasants in up-country kraals” (Giliomee, 2004: 319), terwyl *The Star* Afrikaans in die twintigerjare “At best [...] a national disability and at worst

a national misfortune” (Giliomee, 2004: 353) genoem het. D.F. Malan het in 1917 pertinent opgemerk dat die Afrikaner homself minderwaardig begin ag het omdat dít die boodskappe was wat van buite opgelê is (Giliomee, 2004: 309).

Fokopolisiekar se lirieke stel dit gereeld dat hulle glo hulle word blameer vir die misdrywe van Apartheid. In “Sielswartgat” (*Lugsteuring*, 2004) beweer hulle: “die verlede sal ons altyd inhaal”, en in “Vasbeslote korporasie Deel 2” (*Swanesang*, 2006) verwys hulle ook na “inboorling of indringerspesie”. In “Tieneraksie einde” (*Brand Suid-Afrika*, 2006) wonder hulle om die beurt waar hulle inpas: “wit kinders van Afrika/ dankbaar wees dat jul nog leef/ wat maak jul hier/ en waar kom jul vandaan?” en in “Antibiotika” (*Antibiotika*, 2008) sing hulle: “ek’s net ’n toeris in my geboorteland/ gekwese dier in ’n hok/ op antibiotika”. In “Oop vir misinterpretasie” (*Monoloog in Stereo*, 2005) bepleit hulle hul onskuld: “my vriende se bediendes het hulle met liefde grootgemaak/ dis nie my skuld nie/ ek herinner myself aan my pa/ hulle moes grens toe gaan/ dis nie my skuld nie”. Hierdie skuld word geïnternaliseer in “Brand-Suid-Afrika” (*Brand Suid-Afrika*, 2006), waar hulle sing van: “landmyne van skuldgevoelens/ in ’n eenman-konsentrasiekamp.” Dit is dus duidelik dat die lirieke van Fokopolisiekar ’n persepsie bewoord dat hulle, wat geen aandeel aan Apartheid gehad het nie, ook skuldig geag word, en uitgesluit voel uit die nuwe Suid-Afrika.

Regstellende Aksie en Swart Ekonomiese Bemagtiging kan weliswaar gesien word as deel van die gevolg van Apartheid (regstellend), en aangesien die persepsie bestaan dat dít ’n direkte impak het op die jeug se vermoë om ’n betrekking te vind, kan dit gebeur dat vervreemding (en vyandigheid) teenoor hul eie kultuur intree omdat hulle voel dat hulle blameer word vir die optrede van Afrikaners in die geskiedenis. Alhoewel hy skryf oor vervreemding teenoor die huidige bedeling eerder as teenoor die Afrikanerkultuur, kan Hermann (2006: 49) se stelling hier in ag geneem word: “Indien ’n individu ontdek dat ’n sosiale struktuur verantwoordelik is vir die dwarsboming van sy ideale, sal hy gealieneer raak van hierdie sosiale struktuur en gevolglik gedrag van rebelsheid begin openbaar.” Indien Apartheid gesien word as ’n skepping van die Afrikaner wat nou lei tot Swart Ekonomiese Bemagtiging en Regstellende Aksie, dan is dit die Afrikanerkultuur wat indirek gesien kan word as verantwoordelik vir probleme wat die jeug ondervind in terme van loopbane en die algemene skuldas van Apartheid, en kan rebellie teen die Afrikanerkultuur (as sondebok) intree. Met ander woorde: die negatiewe beeld van die Afrikaner word geïnternaliseer, sodat ’n negatiewe beeld van die eie kultuur ontstaan.

3.1 Sosiale isolasie en die verwerping van ’n tradisionele Afrikaneridentiteit

’n Rebellie soos hier bo bespreek, veronderstel *sosiale isolasie*, wat in Seeman se vyf-aspek model behels: “assign[ing] low reward value to goals or beliefs that are typically highly valued in the given society” (Seeman, 1959: 788, sien ook Bomer, 1974: 15) – met ander woorde die marginalisering van die individu as *gevolg van* die onvermoë om met die heersende norme van die status quo te identifiseer. Mirowski en Ross (1986:

36) let byvoorbeeld op die skakel tussen normloosheid en sosiale isolasie wanneer hulle normloosheid beskryf as: “the rejection of the community as a source of standards”. Roberts (1987: 347) se aanduiders van kulturele vervreemding reflektereer ook “the failure to share common values and opinions with various groups”.

Heelwat van bogenoemde berus op die belangrikheid van waardes in die skepping van ’n gemeenskap of kultuur. Dit is byvoorbeeld deur ’n gedeelde opvatting van reg en verkeerd dat sosiale kohesie geskep word, sowel as deur gedeelde simbole (Schacht, 1996: 6, en Neal en Collas, 2000: 9). Die Nasionaal-Christelike uitkyk was deurslaggewend in die handhawing van ’n Afrikaner-identiteit tydens die Apartheidsjare; ’n faktor wat die Britse militêre historikus, John Keegan (2004: 224), glo die Afrikaner deur vele konflikte saamgebind het:

... the Boers may appear to have lacked cohesion, and they were and remain a stiff-necked and quarrelsome lot, but no one who has fought them doubts that, what their laws lack, the power of the Dutch Reformed Church supplies; they have a biblical, not political, cohesion.

Omdat geloof so ’n belangrike faset van Afrikanerdom is, word daar in Fokofpolisiekar se lirieke veral hierteen gerebelleer (Klopper, 2009: 122). Voorbeeld is volop: In “Hemel op die platteland” (*As jy met vuur speel sal jy brand*, 2003) – ’n lied wat “die uitdaag van die voorgehoue tradisionele Afrikaneridentiteit, geskoei op Christelike moraliteit, [...] tot ’n hoogtepunt [voer]” (Klopper, 2009: 142) – sing hulle: “Kan iemand dalk ’n god bel/ en vir hom sê ons het hom nie meer nodig nie.” In “Tiny Town” (*Lugsteuring*, 2004) sing hulle: “My wonde wonder waar genesing kom vandaan”, en in “Ek skyn (heilig)” (*Swanesang*, 2006): “genade onbeskryflik groot/ ek is die hel in/ bibber en beef die boerebedrieër/ die wêrld sal jou haat my seun/ as jy die waarheid praat gaan hulle jou wil doodmaak.” Let ook daarop dat hierdie liedjie in ’n intertekstuele gesprek met die bekende Christelike lied tree, naamlik “Genade onbeskryflik groot”. In “Die seksuele revolusie” (*Monoloog in Stereo*, 2005) sing hulle ook: “Ons kort ’n lyer (sic)/ ’n bedrieër om ons op te sweep/ om vir ons rigting te kan gee.” Ook kan die debakel rondom Wynand Myburgh se “Fok God”-uitlating genoem word (Klopper, 2009: 121), wat ’n beduidende media-storm ontketen het. De Vries (2011) vergelyk hierdie incident met die Sex Pistols se antikoningin uitlating in 1977 in die liedjie, “God Save the Queen” (“she ain’t no human being”), wat óók ’n aanval op ’n sentrale simbool van die dominante kultuur was (vir ’n bespreking van hierdie incident, sien Klopper, 2009: 183-187). Die bevraagtekening van spesifieke religieuse instellings as gesaghebbende bron van norme is egter ’n wêreldwyse tendens – ’n proses wat Halman (1998: 100) individualisering noem:

Individualization refers to the process by which increasingly the individual has attained freedom and autonomy. The individual not only has become more independent of the churches, but from other social institutions as well. The individual can make more personal choices in far more life situations than before.

In hierdie sin van die term *individualisering* is die punk DIY-benadering te bespeur: die individu skep sy eie norme eerder as om dit wat aan hom oorgedra is, sonder bevraagtekening te aanvaar. As punk-groep is Fokofpolisiekar nie bloot krities teenoor die Afrikaner se geloof nie, maar ook teenoor die Afrikanerkultuur oor die algemeen. In “Sporadies nomadies” (*Lugsteuring*, 2004) sing hulle: “Kleptomanies oor blink oë en suiwer taal”, en in “Hemel op die platteland” (*As jy met vuur speel sal jy brand*, 2003) sing hulle: “kan jy jou idee van normaal by jou gat opdruk?”. Soos die geval met ’n moderne plaasroman word die agrariese ruimte van die Afrikaner geteiken: “stuur my dan waarheen al die dose gaan/ stuur my hemel toe ek dink dis in die platteland.” Op die video van “Brand Suid-Afrika” soen twee mans in kakieklore mekaar ook. Die ‘heilige koeie’ van die Afrikaner – geloof, die plaas, manlikheid, die Taal – kom dus onder skoot.

3.2 Normloosheid en die verwerping van ’n nuwe Afrikaneridentiteit

Seeman lei die aspek van normloosheid af van Durkheim se anomie: “the situation in which the social norms regulating individual conduct have broken down or are no longer effective as rules for behaviour” (Seeman, 1959: 787). Simpson (1970: 1007) skryf dat normloosheid een van die produkte is van ’n samelewing wat in oorgang verkeer: “where behaviour outside of ‘loyalty’ groups may be poorly defined” (sien ook Neal en Collas, 2000: 122). Normloosheid ontstaan dus wanneer die individu twyfel of die riglyne wat deur die gemeenskap aan hom opgelê is, werklik tot sy voordeel strek, maar behels eerder ’n onsekerheid as ’n afwesigheid van rigtinggewende norme.

In Suid-Afrika is ’n oorgang te bespeur vanaf ’n nasionalistiese-kapitalistiese na ’n oorwegend kapitalistiese benadering in die negentigerjare (sien byvoorbeeld Hyslop, 2000, Peet, 2002, en Schuermans en Visser, 2005). Hierdie waardeverskuiwing word ook deur Fokofpolisiekar gemerk: In “Brand Suid-Afrika” (*Brand Suid-Afrika*, 2006) sing hulle van “bloed en yster/ bloed en grond/ bang en baie desperaat/ daar’s nijs nuuts onder die son nie/ en in die skaduwee/ brand Suid-Afrika.” Fokofpolisiekar se verwerping van die oppervlakkige betekenis wat binne die hedendaagse verbruikerskultuur gegenereer word, word duidelik gestel in “Vasbeslote Korporasie Deel 1” (*Swanesang*, 2006): “geld is god, prys alles, prys hom, here help ons”. In “Vasbeslote Korporasie Deel 2” (*Swanesang*, 2006) sing hulle ook: “Sonder voorbehoedmiddel/ penetreer die sade van gulsigheid/ multinasionale besigheid/ die nuwe oorsprong van waarheid.” Die religieuse konnotasies in beide liedjies is onmisbaar, soos Klopper (2009: 177) tereg opmerk. Die boodskap is dus dat die geldgierigheid van die kapitalistiese verbruikerskultuur religieuse sekerheid vervang het – ’n normlose toestand wat nie deur moraliteit gerig word nie – maar dat Fokofpolisiekar beide stelsels verwerp.

Fokofpolisiekar kan slegs vvreemd wees van die Afrikanerkultuur *mits hulle self deel*

uitmaak hiervan, aangesien vervreemding 'n vorm van spanning tussen *ingesloten* en *uitgesloten* wees veronderstel; Gergen (1996: 125) voer aan: "to experience a sense of alienation from a given group suggests that, to a significant degree, one has already incorporated the meanings or values of the group in question." Afgesien van die voor-die-hand-liggende gebruik van Afrikaans, word Fokofpolisiekar se verbintenis met die Afrikanerkultuur byvoorbeeld gemerk deur die vele intertekstuele verwysings na die Afrikaanse literêre kanon wat in hul lirieke voorkom, soos Klopper (2010) uitwys.

3.3 Betekenisloosheid

Die bevraagtekening van bestaande waardesisteme skakel met die postmodernistiese tendens om metanarratiewe te bevraagteken. Namate sekerhede ondermy word, ontstaan 'n gevoel van betekenisloosheid (Nederlands "zinloosheid" Bomer, 1974:15, 19), wat behels "the sense of incomprehensibility vs understanding of personal and social affairs" (Seeman, 1975: 93). Sowel die gebrek aan betroubare, bruikbare informasie as 'n oormaat informasie waardeur die individu moet soek vir bruikbare inligting, kan betekenisloosheid tot gevolg hê (Geyer, 1994: 21 en Senekal, 2009a: 58). Wanneer die individu nie sy leefwêreld effektiel kan begryp nie, is die gevolg van betekenisloosheid volgens Bomer (1974: 15): "dat het individu de konsequenties van zijn eigen handelen niet kan voorspellen of dat hij de betekenis van zijn daden niet begrijpt" (sien ook Hermann, 2006: 64). Beteenisloosheid is daarom geskakel met magteloosheid, aangesien die onvermoë om die gevolge van handeling te voorspel, 'n gevoel van beheer ondermy (Seeman, 1959: 786) – 'n stelling wat ook by Mirowsky en Ross (1986: 35) aangetref word en inderdaad deur die postmoderne wêreld se verlengde terugvoersiklus ("feedback loop") vererger word (Geyer, 1996b: xxiii).

Fokofpolisiekar se lirieke is só deurspek met die uitbeelding van betekenisloosheid dat uitsprake hier in tabelvorm weergegee word:

Liedjie	Album	Uitspraak
"Sielswartgat"	<i>Lugsteuring</i> (2004)	"Dit is nutteloos – daar is geen antwoorde daar buite nie – maar ek's nog lank nie klaar getwyfel nie"
"Sporadies nomadies"	<i>Lugsteuring</i> (2004)	"my vingers is al geel gekontempleer – geirriteerd met die gemak wat ek in twyfel kry"

“Tevrede”	<i>Lugsteuring</i> (2004)	“Die werklikheid is dat ek nie weet wie ek is nie”
“Angs aanval”	<i>Lugsteuring</i> (2004)	“My onselfsekerheid het die beter van my gekry”
“Tiny Town”	<i>Lugsteuring</i> (2004)	“Miskien is niks soos wat ek dink dit is nie”
“Vasbeslote Korporasie Deel 1”	<i>Swanesang</i> (2006)	“n mens sou hoop, dat die geskrywery kan een bring tot dieper insig, dieper water, stiller grond”
“Oop vir misinterpretasie”	<i>Monoloog in stereo</i> (2005)	“kunsmatig of nie/ dis my kennis, my vuur/ alhoewel mens nooit kan seker wees oor enige iets nie”
“Die seksuele revolusie”	<i>Monoloog in stereo</i> (2005)	“ek stap versigtig met ’n blinddoek op”
“Tieneraksie einde”	<i>Brand Suid-Afrika</i> (2006)	“al die leuens bly hier binne in ons/ kwaadaardige gewas”
“Klipgoot glashuis”	<i>Brand Suid-Afrika</i> (2006)	“drink ons op jou/ wat sy drome kan onthou”

Wat duidelik blyk uit so ’n oorsig van Fokofpolisiekar-lirieke, en ook uit die biografie sowel as die DVD dokumentêr, is dat die groep deurgaans op soek is na betekenis ná hulle bestaande waardes en opvattinge van die establishment bevraagteken het, maar herhaaldelik met onsekerheid gekonfronteer word.

3.4 Magteloosheid en bemagtiging

Party individue se onvermoë om betekenis in die hoofstroom-kultuur te vind, draaartoe by dat alternatiewe subkulture geskep word waar ’n kollektiewe betekenis tóg kan bestaan, soos juis die geval is met die punk-kultuur (Langman, 2008: 663). Deur die verwerping van die dominante norme en sieningswysses, word ’n alternatiewe subkultuur geskep wat tot ’n groot mate kohesie vind as gevolg van die verwerping

van die hoofstroomkultuur se norme; om anti-establishment te wees, is 'n sentrale identiteitsmerker. Musiek is 'n belangrike saambindende faktor in die skep van jeugsubkulture (Selfhout et al., 2008: 436), en Langman (2008: 663) skryf:

... youths become members of youth cultures or subcultures that can be seen as identity-granting communities of meaning. These communities give the person a sense of belonging, provide him or her with recognition of his/herself, provide a sense of empowerment and in general assuage the anxieties of life.

Die "empowerment" waaroer Langman dit het, is 'n teenvoeter vir magteloosheid, wat verwys na "the sense of low control vs mastery over events" (Seeman, 1975: 93). Vir hierdie aspek inkorporeer Seeman onder andere die insigte van Julian Rotter, wat 'n onderskeid maak tussen die persepsie van *interne beheer* versus *eksterne beheer*, waar laasgenoemde is: "a sense that others, fate, chance, or luck determine outcomes" (Mirowsky en Ross, 1990: 1516). In albei bogenoemde aanhalings val die klem egter op *subjektiwiteit*: Roberts (1987: 347) noem magteloosheid "a lack of a sense of personal efficacy, rather than the fact of being powerless". Mirowsky en Ross (1986: 26) herinner egter daaraan dat die persepsie van magteloosheid, hoewel subjektief, gegrond is in objektiewe, materiële toestande. Magteloosheid is dus 'n ervaring "dat [die individu se] eie gedrag nie die uitkoms wat hy verlang, kan oplewer nie" (Hermann, 2006: 304) – 'n aangeleerde interpretasie wat gegrond is op objektiewe toestande, maar steeds 'n subjektiewe ervaring is.

Fokofpolisiekar se lirieke wek soms die indruk dat hulle nie uitkomste kan identifiseer nie. In "Tonnelvisie" (*Lugsteuring*, 2004) sing hulle: "Ek teken vir my 'n kaart – en maak dit vol met doodloopstrate – ek het altyd geweet dat ek niemand sou wees". In "Die illusie van veiligheid" (*Monoloog in stereo*, 2005) sing hulle: "daar's geen pad vorentoe nie", en later merk hulle: "sonder rigting is dit moeilik om jouself te wees". In "Tieneraksie einde" (*Brand Suid-Afrika*, 2006) sing hulle: "tienerangs was 'n hoë muur om teen uit te klim/ net om weer vas te sit in die hakiesdraad." In "Van weelde en rykdom" (*Antibiotika*, 2008) laat hulle hoor: "ek word deur my begeertes beheer/ ek's net 'n leek wat selde uit sy foute uit leer [...] keer op keer/ is ek onbeskut teen stormweer." Belangrik is dat hulle tog gedeeltelik bemagtiging vind in die verwerpning van tradisionele norme en die DIY-benadering: "In wrede woede het ek die hand wat beheer gebyt [...] Dis nou ek wat die leiband lei" ("Tiny Town", *Lugsteuring*, 2004). Laasgenoemde aanhaling dui dus op 'n mate van interne beheer te midde van die ander uitsprake van magteloosheid: interessant veral omdat Bolton (1972: 553) se studie van sosiale bewegings huis bevind het dat magteloosheid afneem in radikale sosiale bewegings, terwyl hy 'n toename in die ander aanduiders van vervreemding gevind het. Dit strook ook met Langman (2008: 663) se bogenoemde stelling dat subkulture individue help bemagtig *deur* 'n alternatiewe betekenissisteem en kollektiewe identiteit te skep.

4. Slot

Hierdie artikel het die herdefiniëring van Afrikaneridentiteit binne Seeman se vervreemdingsmodel bespreek, soos dit verwoord word in die lirieke van Fokofpolisiekar. Daar is aangetoon hoe die verwerping van sowel tradisionele as moderne norme van die Afrikaner 'n breuk tussen Fokofpolisiekar en die breër gemeenskap bewerkstellig, soos verwoord in die lirieke. Verder is gewys op die krisis van betekenis asook die magteloosheid wat daaruit voortkom, asook op die betekenisgewende en bemagtigingsrol wat die skepping van 'n alternatiewe subkultuur moontlik maak. Soos Senekal (2009b: 113) skryf oor die karakters in Fanie Viljoen se *BreinBliksem*: "Hulle staan wel wars van die status quo, ja, maar as 'n 'gemeenskap van uitgeworpenes', as 'n subkultuur, bestaan daar norme en sosiale kohesie, bemagtiging en singewing."

Ten spyte daarvan dat Fokofpolisiekar vervreemding in soveel aspekte verwoord, bly hulle relatief positief: In "*Antibiotika*" (Antibiotika, 2008) sing hulle: "dit was 'n gelukskoot/ volksmoord vermy/ wie sê Afrikaans is dood?/ jammer meneer ek het my les geleer", en later: "donker Afrika is net donker vir die met oogklappe aan/ hy wat nie kan dink/ wie se harsings hard en stowwerig is." Nihilisties is Fokofpolisiekar dus geensins nie, maar wel beduidend krities in hul bevraagtekening van Afrikaneridentiteit.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnels

- Anoniem.** 2013. Die Fokof generasie. <http://www.facebook.com/pages/Die-Fokof-Generasie/354467512415?id=354467512415&sk=info>. Geraadpleeg op 15 April 2013.
- Basson, Lauren.** 2007. Punk identities in Post-apartheid South Africa. *South African Review of Sociology*, 38(1): 70-84.
- Bolton, Charles D.** 1972. Alienation and action: A study of peace-group members. *The American Journal of Sociology*, 78(3): 537-561.
- Bomer, Ike.** 1974. *Over vervreemding vanuit werk en werksituatie*. Eindhoven: Werkgroep Organisatie-Ontwikkeling en Gedragsverandering, Rapport nr. 9.
- Costas, Jana & Peter Fleming.** 2009. Beyond dis-identification: A discursive approach to self-alienation in contemporary organizations. *Human Relations*, 62(3): 353-378.
- Dahms, Harry F.** 2006. Does alienation have a future? Recapturing the core of critical theory. In: Langman, L. & Devorah Kalekin-Fishman (eds.). 2006. *The Evolution of Alienation: Trauma, Promise, and the Millennium*. Oxford: Rowman & Littlefield Publishers: 23-46.
- De Viljee, Jacques.** 2008. Vasbeslote korporasie (Deel 2) – Fokofpolisiekar. <http://jacquesdeviljee.wordpress.com/2008/02/11/vasbeslote-korporasie-deel-2-%E2%80%93-fokofpolisiekar/>. Geraadpleeg op 23 Februarie, 2010.

- De Vries, Fred.** 2011. Biografie van 'n bende: Fokof, we'll piss where we want. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=105164&cause_id=1270. Geraadpleeg op 15 April 2013.
- Dunn, K.C.** 2008. Never mind the bollocks: the punk rock politics of global communication. *Review of International Studies*, 34:193-210.
- Ekerwald, Hedvig.** 1998. Reflections on culture. In: Devorah Kalekin-Fishman (red.). 1998. *Designs for Alienation: Exploring Diverse Realities*. Finland: University of Jyväskylä: 15-30.
- Eyerman, Ron.** 2002. Music in movement: Cultural politics and old and new social movements. *Qualitative Sociology*, 25(3): 443-458.
- Fokofpolisiekar.** 2003. *As jy met vuur speel sal jy brand*. Rhythm Records/Punkskerm Records.
- Fokofpolisiekar.** 2004. *Lugsteuring*. Rhythm Records.
- Fokofpolisiekar.** 2005. *Monoloog in Stereo*. Rhythm Records.
- Fokofpolisiekar.** 2006. *Brand Suid-Afrika*. Rhythm Records.
- Fokofpolisiekar.** 2006. *Swanesang*. Rhythm Records.
- Fokofpolisiekar.** 2008. *Antibiotika*. Rhythm Records.
- Gergen, Kenneth G.** 1996. Postmodern culture and the revisioning of alienation. In: Geyer, F. (red.). 1996a. *Alienation, Ethnicity, and Postmodernism*. London: Greenwood Press: 117-126.
- Geyer, Felix.** 1994. Alienation, participation and increasing societal complexity. *Kybernetes*, 23(2): 10-34.
- Geyer, Felix.** 1996a. *Alienation, Ethnicity, and Postmodernism*. London: Greenwood Press.
- Geyer, Felix.** 1996b. Introduction. In: Geyer, F. (red.). 1996a. *Alienation, Ethnicity, and Postmodernism*. London: Greenwood Press: ix-xxviii.
- Geyer, Felix.** 2002. The march of self-reference. *Kybernetes*, 31(7/8): 1021-1042.
- Gilionee, Hermann.** 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Halman, Loek.** 1998. Family patterns in contemporary Europe: Results from the European Values Study 1990. In: Kalekin-Fishman, D. (red.). 1998. *Designs for Alienation: Exploring Diverse Realities*. Finland: University of Jyväskylä: 99-122.
- Hansen, Christine H. & Ranald D. Hansen.** 1991. Constructing personality and social reality through music: Individual differences among fans of punk and heavy metal music. *Journal of Broadcasting and Electronic Media*, 35(3): 335-350.
- Hermann, Dirk J.** 2006. Regstellende aksie, aliënasie en die nie-aangewese groep. Potchefstroom: Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.
- Hermann, Dirk.** 2009. *Transformasie en vervreemding*. Lesing gelewer tydens die Konferensie aangebied deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, getitel "SA Universiteite: Politieke brandpunte of sentrumse van uitnemendheid". Bloemfontein.
- Holt, Fabian.** 2007. Kreuzberg activists: Musical performance as social vehicle. *Popular Music and Society*, 30(4): 469-492.

- Hyslop, Jonathan.** 2000. Why did Apartheid's supporters capitulate? "Whiteness", class and consumption in urban South Africa, 1985-1995. *Society in Transition*, 31(1): 36-44.
- Kahn, Rebecca.** 2009. Oop Vir Interpretasie: An Examination of the South African Media's Take-Up and Representation of the Music of Fokofpolisiekars. Johannesburg: Ongepubliseerde MA Verhandeling, Wits.
- Kalekin-Fishman, Devorah** (red.). 1998. *Designs for Alienation: Exploring Diverse Realities*. Finland: University of Jyväskylä.
- Kalekin-Fishman, Devorah.** 2008. "False Consciousness": How "ideology" emerges from the encounter of body practices and hegemonic ideas. *Current Sociology*, 56(4): 535-553.
- Keegan, John.** 2004. *A History of Warfare*. London: Pimlico.
- Klopper, Annie E.** 2009. Die opkoms van Afrikaanse rock en die literêre status van lirieke, met spesifieke verwysing na Fokofpolisiekars. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Klopper, Annie.** 2010. "Hul woorde sal ons steeds onthou". *Rapport*, April 3, aanlyn: <http://www.rapport.co.za/Boeke/Nuus/Hul-woorde-sal-ons-steeds-onthou-20100402>.
- Klopper, Annie.** 2011. *Biografie van 'n bende*. Kaapstad: Protea Boekhuis.
- Krog, Antjie.** 2009. A new ancestor for our alienated Afrikaner youth. *Sunday Times*, November 7, aanlyn: <http://www.timeslive.co.za/sundaytimes/article183988.ece>.
- Laing, Aislinn.** 2011. South Africa youth leader says "criminal" whites stole land from blacks. *The Telegraph*, 9 Mei, aanlyn: <http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/southafrica/8503146/South-Africa-youth-leader-says-criminal-whites-stole-land-from-blacks.html>.
- Langman, Lauren.** 2006. Globalization, alienation, and identity: A critical approach. In: Langman, L & Kalekin-Fishman, D. (eds.). 2006. *The Evolution of Alienation: Trauma, Promise, and the Millennium*. Oxford: Rowman & Littlefield Publishers: 179-200.
- Langman, Lauren.** 2008. Punk, porn and resistance: Carnivalization and the body in popular culture. *Current Sociology*, 56(4): 657-677.
- Langman, Lauren & Devorah Kalekin-Fishman.** 2006. Introduction. In: Langman, L. & Kalekin-Fishman, D. 2006. (eds.). *The Evolution of Alienation: Trauma, Promise, and the Millennium*. Oxford: Rowman & Littlefield Publishers: 1-22.
- Langman, Lauren & Devorah Kalekin-Fishman** (eds.). 2006. *The Evolution of Alienation: Trauma, Promise, and the Millennium*. Oxford: Rowman & Littlefield Publishers.
- Langman, Lauren & Valerie Scatamburlo.** 1996. The Self Strikes Back: Identity Politics in the Postmodern Age. In: Geyer, F. (red.). 1996a. *Alienation, Ethnicity, and Postmodernism*. London: Greenwood Press: 127-138.
- Little, Bryan & Filipa Domingues.** 2009. *Fokofpolisiekars. Forgive them for they know not what they do*. Kaapstad: Fly On the Wall.

- Mirowsky, John & Catherine E. Ross.** 1986. Social pattern of distress. *Annual Review of Sociology*, 12: 23-45.
- Mirowsky, John & Catherine E. Ross.** 1990. The consolation-prize theory of alienation. *The American Journal of Sociology*, 95(6): 1505-1535.
- Misheva, Vessela.** 1997. Systems interpretation of the concept of alienation. *Kybernetes*, 26(6/7): 801-815.
- Mngxitama, Andile.** 2010. The face of white supremacy. *Mail and Guardian Online*, November 8, pp. <http://www.mg.co.za/article/2010-11-08-the-face-of-white-supremacy>.
- Neal, Arthur G. & Sara F. Collas.** 2000. *Intimacy and Alienation: Forms of Estrangement in Female/Male Relationships*. New York: Garland Publishing.
- Peet, Richard.** 2002. Ideology, discourse, and the geography of hegemony: from socialist to neoliberal development in postapartheid South Africa. *Antipode*, 34(1): 54-84.
- Prosono, Marvin.** 2006. The final indignity: The commodification of alienation. In: Langman, L. & Kalekin-Fishman, D. (eds.). 2006. *The Evolution of Alienation: Trauma, Promise, and the Millennium*. Oxford: Rowman & Littlefield Publishers: 227-242.
- Roberts, Bruce.** 1987. A confirmatory factor-analytic model of alienation. *Social Psychology Quarterly*, 50(4): 346-351.
- Schacht, Richard.** 1996. Alienation redux: from here to post-modernity. Geyer, F. 1996a. (red.). *Alienation, Ethnicity, and Postmodernism*. London: Greenwood Press.
- Schuermans, Nick & Gustav Visser.** 2005. On poor whites in post-apartheid cities: The case of Bloemfontein. *Urban Forum*, 16(4): 259-294.
- Seeman, Melvin.** 1959. On the meaning of alienation. *American Sociological Review*, 24(6): 783-791.
- Seeman, Melvin.** 1975. Alienation Studies. *Annual Review of Sociology*, 1: 91-123.
- Selfhout, Maarten H.W., Marc J.M.H. Delsing, Tom F.M. Ter Bogt, & Wim H.J. Meeus.** 2008. Heavy metal and hip-hop style preferences and externalizing problem behavior: A two-wave longitudinal study. *Youth Society*, 39(4): 435-452.
- Senekal, Burgert A.** 2009a. "Die lied van die nuwe jong Suid-Afrika": Die representasie van vervreemding in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 16(2): 53-67.
- Senekal, Burgert A.** 2009b. Vervreemding in Fanie Viljoen se *BreinBliksem. Stilet*, 21(1): 101-118.
- Senekal, Burgert A.** 2010. *Alienation in Contemporary British Fiction: A Discussion of Four Novels*. Saarbrücken: Lambert Academic Publishing.
- Senekal, Burgert A.** 2011. Vervreemding in die ekstreem: 'n Oorsig oor normloosheid en sosiale isolasie in Afrikaanse ekstreme metal. *LitNet Akademies*, 8(1): 76-101.
- Senekal, B.A. & Cilliers Van den Berg.** 2010. 'n Voorlopige verkennings van postapartheid Afrikaanse protesmusiek. *LitNet Akademies*, 7(2): 98-128.
- Simpson, Miles E.** 1970. Social mobility, normlessness and powerlessness in two cultural contexts. *American Sociological Review*, 35(6): 1002-1013.
- Taljaard, Jan.** 2010. Daai bittersoet ding. *Die Burger By*, Maart 26, aanlyn: <http://www>.

- dieburger.com/By/Nuus/Daai-Bittersoet-ding-20100326.
- Tsitsos, William.** 1999. Rules of rebellion: Slamdancing, moshing, and the American alternative scene. *Popular Music*, 18(3): 397-414.
- Ulvinen, Veli-Matti.** 1998. Prison life and alienation. In: Kalekin-Fishman, D. (red.). 1998. *Designs for Alienation: Exploring Diverse Realities*. Finland: University of Jyväskylä: 246-268.
- Wilden, Anthony.** 1987. *Man and Woman, War and Peace. The Strategist's Companion*. New York: Routledge & Kegan Paul.

Lucebert Engèle, die lelike, grense en die (on)volmaaktheid

Jacques van der Elst

Lucebert: Angels, the ugly, boundaries and (im)perfection

The use of paradox is a typical feature of Lucebert's poetry. This pertains to the fact that he is aware of a kind of perfection, personalised in, among others, angels as perfect creatures. Paradoxically, one also finds Lucebert's doctrine of ugliness or the disharmonious where the contradiction of ugliness and perfection leads to creative tension. The poem "de aflegging" depicts something of this contradiction and the resulting creative tension. The poem, however, takes the form of an elegy, a lament. One could speak of a derailment where the creative tension is lost because disharmony gains dominance over harmony. This leads to the loss of creative power which is mourned by the grieving angel, as argued in the article.

1. Algemeen inleidend

Lucebert (1924-1994) se naam is meer as enige moderne Nederlandse digter in die Nederlandse letterkunde verewig. Hy is onmiskenbaar die ikoon van die Nederlandse moderniteit. Waarskynlik sou die Vyftigers as groep sonder Lucebert nie die betekenisvolle identiteit gehad het wat hulle wel verwerf het nie. Met Lucebert as aanvoerder en Renaissancis van die moderne tyd is die literêr-historiese belangrikheid van die Vyftigers in die Nederlandse letterkunde onbetwisbaar. De Feijter (1994: 366) wys op Lucebert se internasionale profiel: "Door zijn werk aan de taal, zijn verwoording van het grote thema van de gave van de taal als een paradoxaal godsgeschenk, heeft hij zich verzekerd van een belangrijke positie op het toneel van de Europese poëzie van het midden van de twintigste eeuw."

Lucebert het tot die einde getrou gebly aan die Vyftigerideale wat per slot van rekening in sy werk en uitsprake gevestig was. Sy medestanders, onder meer sy belangrike tydgenoot Gerrit Kouwenaar, het egter geleidelik van die Vyftigerideale verwyderd geraak en 'n eie digterlike roete gevolg. Hy het êrens verwys na die Vyftiger-episode as 'n grimmige jeugidille. Dirk de Geest (2011: 98) sê dat "de legendarische Vijftigers al snel waren afgelost door een toegankelijk schrijvende generatie". Van Lucebert kan gesê word dat hy steeds die keiser van die Vyftigers gebly het, maar dat hy sy navolgers en onderdane verloor het.

In besprekings van die poësie van Lucebert word dikwels slegs 'n klein gedeelte van sy indrukwekkende oeuvre van meer as 600 gedigte gedek. Om sy werk te tipeer, word gewoonlik deur literatore en resensente gefokus op sleutelgedigte wat verband hou met sy poëтика, gedigte waaronder "ik tracht op poëtische wijze" 'n

gunsteling is. Daar word in inleidings tot sy digterskap ook verwysing na die teks of gelyksoortige poëtikale gedigte soos “school der poëzie” of “poëzie is kinderspel” of “het proefondervindelike gedicht”, almal gedigte uit ’n vroeë fase van Lucebert se digterskap. In die film wat Johan van der Keuken in 1994 van Lucebert se lewe en werk gemaak het, laat die regisseur die digter “ik tracht op poëtische wijze” (*VG*, 52)¹ voorlees waarmee hy bevestig dat hy dit ook as ’n belangrike voorbeeld van Lucebert se werk beskou. In die bespreking wat hier volg, sal ook ’n paar keer na hierdie sleutelgedigte verwys word.

Dit sal my origens ook nie verbaas nie as Nederlandse skoliere, wat uiteraard in hulle Nederlands-leerplanne met Lucebert se werk behoort kennis te maak, juis as inleiding met bogenoemde tekste gekonfronteer word en seker ook tereg omdat die bovermelde gedigte as sleutels tot sy oeuvre beskou kan word.

De Feijter se opmerking hierbo is in essensie ’n stereotipering van Lucebert se digterskap. Die beklemtoning van die gawe van die taal en die woord is inderdaad ’n konstante gegewe in sy digterskap en vorm ’n goue draad in sy oeuvre. Hy is “verbaal geboren” van hier tot in die hiernamaals (“zangers hemelvaart”, *VG*, 799):

verbaal geboren blijf je naamrover
terwyl je zingend de aarde verlaat

2. Die onveranderlike in Lucebert se digterskap

Met bostaande as inleiding word enkele tematiese aspekte van Lucebert se poësie bespreek wat betrekking het op ’n sekere konstantheid of onveranderlikheid (tot die einde toe) van sy digterskap. Hier word verwys na sekere religieuse motiewe en tendense. Die gedig “de aflegging”, as sleutelgedig, wat in sy postuum verskene bundel *van de maltentige losbol* (1994) verskyn het, word hierby betrek. Kenmerkend van Lucebert se digterlike praktyk is sy benutting van die paradox. Enersyds is daar sy bewustheid van ’n volmaaktheid wat verband hou met die beeld van die engele. Daarteenoor staan die onvolmaaktheid wat weer verwys na sy benutting van die lelike. Die spanning tussen die velde verskaf as ’t ware – van die begin tot die einde – die dryfkrag vir sy digkuns. My hipotese is dat die gedig “de aflegging” ’n soort sluitstuk in sy oeuvre is, ’n nookreet oor iets wat verlore gegaan het in sy digterlike praktyk. Dit beteken dat “de aflegging” ook die vorm van ’n treursang of elegie kan aanneem.

3. Die tematiek

Die tematiek van Lucebert se kuns is omvattend. In ’n onderhoud oor sy kuns met ’n anonieme skrywer het hy oor sy tematiek gesê (Anon, 1994: 4):

Alles wat me maar invalt schilder ik, ik teken en schilder van alles op alles, alle opvattingen waardeer ik gelijkelik, tussen motieven maak ik geen keuze en ik streef niet naar synthese, tegenstellingen blijven bij mij rustig aangesteld en terwyl ze elkaar weerstreven, pleeg ik geen verzet, blijf ik buiten schot en beleef de vrijheid die alleen zij mij aanreiken, mijn schilderijen, mijn gedichten, deze gelukkig makende speelplaatsen waar geen wippen schommels verdringen, waar in zandbakken Sahara's en grote oceanen samenvallen.

In aansluiting hierby vat Groenewegen (2009: 18) Lucebert se opvatting saam oor die taal waarin die tematiek verwoord word: "Al experimenterend vindt Lucebert zijn stem en ontwikkelt hij een nieuwe taal. In die taal heerst geen angst voor een overvloed aan betekenis. Ze is een inclusieve taal, de simpelheid voorbij. Ze sluit niets uit – hoog en laag, zuiver en vuil, zwart en wit, goed en kwaad, donker en licht, steen en water, brengen elkaar zonder hiërarchie in beweging." Die verwikkeldheid en oorvloed aan betekenis word verder verryk met die oorvloed aan metamorfoses wat 'n mens in sy poësie aantref en wat bydra tot die "dichte betekenisweefsel" (Groenewegen, 2009: 24) wat so eie is aan sy werk.

'n Essensie van Lucebert se kunstenaarskap is dat hy hom versoen met teëstellings: oseane en woestyne is albei "gelukkig makende speelplekke". Lucebert se poësie is wat betrekwoord en beeld, gekonstrueer uit teëstellings. Wat die beeld betrek, bevat die een pool van die teëstellings dikwels 'n esoteriese inhoud, 'n hemelse dikwels byna onbereikbare ideaal wat byvoorbeeld, in aansluiting by Groenewegen se voorbeeldie hierbo, verder gekonkretiseer word in dualiteit soos hemel en aarde, die demoon en adonaj,² engel en duivel, onvolmaaktheid en volmaaktheid, skoonheid en lelikheid. Hierdie dualiteit verskaf in feite die dinamiek of die stukrag vir sy hele digterlike en skilderkunstige oeuvre en is tot die einde toe herkenbaar en rigtinggewend vir 'n leesstrategie van sy werk.

3.1 Lucebert en die lelike

Die reëls "kloos/ je bent aesthetisch voos" (VG, 118) en "ik ben geen lieflijke dichter..." (VG, 18) het klassiek geword om die beweging van die Vyftigers te tipeer. Hulle wat verkondig het: "er is een lyriek die wij afschaffen" (1965: 7).

Wat Lucebert op jeugdige leeftyd van sy invalshoek by sy skilderwerk gesê het, is seker ook deurlopend waarvan sy digwerk. Oor sy skilderwerk van 1947 in die gang van die Franciskanessenklooster in Heemskerk siteer Broos (Schrijversprentenboek, 1967: 23) vir Lucebert:

"Ik begon met alles zo foelelijk te maken als maar mogelijk was. Het is trouwens altijd goed bij schilderen en dichten uit te gaan van wat ons afkeer inboezemt. Later kan men hier en daar wat verzoenende details aanbrengen omdat oog en oor ook wat willen".

Lucebert sluit hier eintlik aan by die tradisie van die anti-estetisme wat die Chileen Pablo Neruda in 1935 voorgestaan het met sy pleidooi vir “onsuiwer poësie”. Van de Pol (1999) wys op merkwaardige ooreenkoms tussen Neruda en Lucebert in sy artikel “De kosmische kaakslag – Over Luceberts Hispanofilie”. Neruda het gepleit vir “straatrumoer” in plaas van vorm soos Lucebert “omroeper van ooproer” (“school der poëzie”) wil wees in plaas van ’n lieflike digter. Van de Pol (1999: 289-290) meen dat Neruda se opvatting oor die anti-estetiese ’n ego vind by Lucebert:

Wat schoonheid heet, camoufleert nogal eens het duistere of wanordelijke, de onlosmakelijke keerzijde van het goede, lichte harmonieuze wat op sommige momenten misschien kwalijker is dan op het andere. Dat suggereerde beiden, ook Lucebert. Zie zijn beroemde regels “in deze tijd heeft wat men altijd noemde / schoonheid schoonheid haar gezicht verbrand…

Wanneer Lucebert in een van sy laaste gedigte besin oor sy aweregse digterskap/kunstenaarskap sê hy – in aansluiting by die neiging tot die lelike (*VG*, 807):

dan denk je rijkelijk veel heb ik verschoven
van licht naar mist van *bouwer naar sloper*
en terug terug en wederom en weer
en god weet nog een keer. [My kursivering – JvdE]

Jensen (2001: 195) skryf oor die belewing van die lelike in Lucebert se beeldende werk die volgende:

Bekijken we Luceberts beeldende werk als onvoorbereide beschouwer, dan kan er een schok door ons heengaan, omdat zijn getekende of geschilderde monsterlijkheden, die hun vraagtekens zetten bij alle overgeleverde wetmatigheden van schoonheid en harmonie, het beeld van de mens klarblíjk grondig hebben verminkt.

3.2 Die digter en die engel

Dat ’n soort hemelse inspirasie (’n engel as gevleuelde wese) ’n besondere plek beklee, word onder meer gesuggereer in die volgende teks (*VG*, 808):

als ik geen dichter was zou ik
uit honderden woordwonden bloeden
niets zou mij helpen geen gevleugeld
geen hemels woord zou bloeden stelpen

Slegs die digterlike status kan voorkom dat woerde wonde word en gevolglik onvolmaak funksioneer. Die digter verleen ’n hoë status aan die poësie as ’n middel met ’n helende

werking. Selfs 'n hemelse verbintenis sou die woord nie kon red nie. En tog, in die digterlike oeuvre, is daar 'n verwysing na 'n besondere band met 'n hemelse wese. In "ik tracht op poëtische wijze" (*VG*, 52) verwys die digterlike ek na sy voormalige status as 'n engel wat nie deur dood of ontbinding bedreig was nie:

maar ware ik die ik was
de stenen of vlocibare engel
geboorte en ontbinding hadden mij niet aangeraakt

Versekstern is seker die belangrikste verwysing na 'n buiteaardse of hemelse binding opgesluit in Lucebert se betoog (van 4 Julie 1953), sy ope brief aan Bertus Aafjes as repliek op ernstige kritiek wat Aafjes teen die werk van Lucebert en sy mede-Vyftigers gehad het. In sy repliek verwys Lucebert na die stem van die engel wat hedendaags so yl geword het "dat wij sterflijken, het lichaam van die stem niet meer kunnen waarnemen, dat de adem der engelen door ons heen is gaan waaien zonder ons nog te beleven en te bewegen" (Oegema, 1999: 312).

Die stem van engele is vir Lucebert die inspirasiebron vir poësie en gaan die stem van vernuf, die gesonde verstand, ver te bowe. Hy beskuldig Aafjes daarvan dat hy "met het botte ontleedmes van het gezond verstand [...] waarden en waarheden denkt te kunnen verminken. [...] Nog nooit heeft gezond verstand in dienst van een waarheid gestaan, wel heeft het steeds in dienst van leugen en bedrog, waarheden verdraaid waar het kon" (Oegema, 1999: 310). Altesame 41 jaar later, na die brief aan Aafjes, is daar nog steeds tekens van die engelestem in die gedig "les" waarin die digterlike ek in staat is om 'n verlepte blom tot onsterflikheid te ver-vers [my beklemtoning]: Hierdie bewustheid van die booardse strewe hou trouens verband met 'n verskeidenheid assosiatiewe begrippe – Groenewegen (2009: 78) verwys na die "thema van de gevleugelden": "Hij [die digter] onderzoekt al die fladderende, zwevende, vallende en opstijgende wezens [...] die op een of ander manier hun weg proberen te vinden naar de lichtbron daarboven: luchtmensen, dansenden, harpijen vlinders engelen, gevleugelde woorden, spoken."

de verlepte bloem met engeltong
ververs ik tot onsterflikheid (*VG*, 805)

Dis origens nie vreemd nie dat Lucebert in 1987 die muse as 'n engel in 'n tekening voorgestel het met Pegasus langsaan op mensevoete (Groenewegen, 2009: 29).

3.3 Lucebert en grense

In aansluiting by die digter se bewustheid van 'n engel en die stem van 'n engel wys Oegema ook op die steeds aanwesige liminaliteit in Lucebert se poësie. Hy verwys in sy brief aan Aafjes na die "stem van die engel" wat yl geword het, maar wat tog in sy

ylheid 'n stem is wat van 'n ander kant af kom, wat as 't ware om hoorbaar te wees, 'n grensoorskryding vereis na 'n ander bewussyn.

In hierdie verband onderskei Oegema oor die algemeen verskillende fases in Lucebert se digterlike belewing:

- die onthegting/losmaking van die realiteit en die hoor van stemme
- die ontmoeting met die sirene-engel
- die eenwording met daardie engel
- die val in die duister en die dood van die denkende ek
- die wedergeboorte van die sintuie in 'n onderaardse wêreld
- die ontwaking van die denkende ek deur 'n hernude of hernuwende taalbesef

Al hierdie fases, aldus Oegema (1999: 300), hou verband met bewussynstoestande waarby die skeidslyn tussen droom en wakker wees mocilik onderskeibaar is.

Op die narratiewe vlak lyk dit of die digterlike ek egter nooit uitgeskakel is nie. Die digter bevind hom in sy innerlike reis voortdurend in ander bewussynstoestande: "De innerlijke reis, het hoofonderwerp van zijn gedichten, is er inderdaad een van voortdurende overgangen, psychische transformaties, het passeren van tussengebieden..." (Oegema, 1999: 75), wat geïllustreer kan word met die reeds vermelde gedig "de aflegging" (VG, 797), een van die gedigte uit die laaste fase (bundel) en waaruit 'n mens kan aflei dat die digterlike procedures en strategieë 'n konstante aard vertoon, hoewel die slot van die gedig dalk, soos ek sal probeer aantoon, die aard van 'n elegie aanneem.

4. Die teks: 'n Toepassing

de aflegging

en toen kwam geluk hem overstroomen
en toen werd alles van hem afgenoem
dan wist hij in stilte van een ander te dromen
maar het waren praatgrage plaagzieke drogbeelden
chaotische moralisten vermomd als bedwelmende drogisten
die achter scheve kozijnen gerafelde gordijnen
pillen draaien die doen verdwijnen
en onder pijn weer het heelhuids verschijnen
al is de wereld weg alleen het woord is waar

één van hen maar met grotere zorgen en verbazen
uur na uur lost hij het op in zwarte glazen
vallen de kristallen uiteen als witgerokte
rookkolommen zijn zij webben van de bliksem



geworpen over de kammen en tanden van de bergen
 op zijn terras heeft hij scheel en bevend gekeken
 naar het klonteren van de spinnen op de muren
 en het wankel klauwen van de padden op het pad
 hij telde wat hij van gedroomd geluk nog over had
 nooit meer hopen nooit meer te mogen rekenen
 op de dialoog met de demon uit de vuilniszak
 adam vermengd met adonaj tot een mengelmoes
 van kijklust naar en afkeer van den droes

(VG, 797)

Hierdie teks kom voor in Lucebert se laaste bundel, *van de maltentige losbol* van 1994, wat postuum verskyn het en wat Lucebert aan sy vrou Tony en sy kinders opgedra het. Aanvanklik, in die eerste uitgawe van die bundel, het die teks verskyn langs 'n tekening³ van 'n biddende en knielende wanstaltige maar tipiese Lucebert-figuur wat op 'n skuinstreng sit en wat opkyk na 'n madonna met 'n stralekans en 'n kind in die arms. Die hande is opgehef en dit lyk asof tegnologiese middels soos lugdrade ingespan word om kontak te bewerkstellig. Die figuur se gesigsuitdrukking met 'n wyd oopgesperde mond weerspieël egter wanhoop: die aardse en hemelse (buiteaardse) kommunikasie kom nie tot stand nie, 'n nosie wat in essensie ook in die hierdie gedig ("de aflegging") aanwesig is. Ek kom weer hierop terug.

Die verleiding is groot om die tekening langs die gedig te gebruik om iets van bogenoemde gedig self te verklaar en dus te aanvaar dat die tekening en teks by mekaar hoort. Dat die tekening egter willekeurig geplaas is, word bevestig deur die feit dat die samesetters van die *verzamelde gedichten* (2002) hulle nie gestuur het aan die aanvanklike publikasie nie. Trouens, so word in die verantwoording van *verzamelde gedichten* (2002: 908) vermeld: "De weduwe van de kunstenaar [...] heeft voor deze uitgave een nieuwe keuze gemaakt uit de tekeningen van Lucebert. Alle 65 in dit boek opgenomen illustraties [...] worden hier voor het eerst gepubliceerd."

As 'n mens daarby in ag neem dat nie honderde maar duisende tekeninge in Lucebert se nalatenskap gesinjaleer is (Groenewegen, 2009), dan word die willekeurigheid van die plasing van die gedig langs die tekening in die bundel *van de maltentige losbol* nog meer geaksentueer. Dit beteken natuurlik nie dat daar oor die algemeen geen interaksie tussen gedig en tekening in Lucebert se oeuvre is nie: "Een thematische verwantschap tussen gedichten en tekeningen ligt uiteindelijk toch voor de hand omdat Lucebert in beide disciplines zijn producten met een enorm betekenispotential oplaat." (Groenewegen, 2009: 90). Laasgenoemde verwys in die verband ook na Jan Elburg se artikel "Begint de pen die krast ineens te zingen. Over de aanschouwelijkheid en uiting in Luceberts werk". Eweneens belangrik in hierdie verband is die publikasie van Jens Christian Jensen (vert. deur Lucas Hüsgen) van 2001, getiteld *Lucebert schilder*, waaruit reeds hierbo gesiteer is.

Die titel “de aflegging” bevat heelwat betekenis en kan verband hou met afstandneming, trouens met ’n moontlike verwysing na die dood – die finale wegbeweeg van die lewe. Daar is naamlik ook die proses van “aflegging”, die gered maak van die lyk vir die graf. Vervolgens is daar nog die nosie van ’n verbintenis – die aflegging van ’n eed. Tiperend van Lucebert, ’n ywerige woordeboekleser, se werkwyse was sy benutting van ’n veelvoud van betekenis wat in die woord “aflegging” opgesluit lê. Die gedig begin met drie episodiëse aanduidings wat die veelvoud van oorgange (van oorskryding van grense) beklemtoon en wat verband hou met die liminaliteit by die digter, ’n verskynsel waarna Oegema verwys het en wat ’n mens ook verder in die teks kan sinjaleer:

Versreël 1: “en toen”

Versreël 2: “en toen”

Versreël 3: “dan”

Iets moes voorafgegaan het wat die “en toen”-fase (eerste versreël) inlei. Daar word verwys na ’n euforiëse oomblik – ’n geluk wat die hy oorstrom. Die eerste episode word dadelik opgevolg met ’n ontnugtering, ’n tweede fase wat die teendeel van geluk vir die persoon inlei, terwyl die derde fase vir die persoon ’n droomfase, ’n gemeensaamheid, inlei wat hy “in de stilte” deel met ’n ander persoon.

Ook die gedeelde drome is nie wat hulle voorgee om te wees nie: Die drome ontaard naamlik in “... praatgrage plaagzieke drogbeelden ...”, verpersoonlik in “chaotische moralisten”, wat op hulle beurt weer bedrieglik vermom is as drogiste wat bedwelm, en wat die sinne (die sintuiglikheid?) bedrieg en bedreig. Die drogiste se omgewing is negatief gedefinieer met beklemtoning van die lelike: Hulle is agterbaks en maak (draai) bedwelmende pille in ’n onversorgde en verwaarloosde omgewing, agter skewe kosyne en gerafelde gordyne. Die pille as dwelmmiddels het die effek van “verdwyning” wat lei tot ’n “verskyning” waarin die werklikheid weg is. Wat egter bly staan as konklusie van die eerste strofe, is die woord, die digterlike woord: “[...] alleen het woord is waar”.

Die tweede strofe verwys na “een van hen”, wat betrekking moet hê op een van die personasies wat in die eerste strofe in meervoudsvorm vermeld word. Dit gaan waarskynlik om een van die “chaotische moraliste” wat hom vermom het as ’n bedwelmende drogis, maar wat met groter sorge en nuuskierigheid (“verbazen”) dieper delf en ’n ware hekseketal ontwikkel met swart glase waarin kristalle uiteenvall of oplos soos “witgerakte rookkolomme”.

Die aksie (’n chemiese eksperiment) van die drogis lei tot oorgang na en die sig op ’n onheilspellende landskap wat hy angstig en met vrees (“bevend”) en verwronge ongefokus (“scheel”) van sy terras af beskou: die rookkolomme is metafories verbind met ’n webwerk van bliksem teen die agtergrond van ’n bedreigende berglandskap: “... kammen en tanden van bergen ...”.

Die fokus op die *verte* (die berge) word vervolgens vervang met ’n ewe skrikwekkende

blik van *naby* op 'n onstabiele "landskap", verwring deur die skeel blik van die vreesbevange ("bevend") kyker. Hierdie landskap word "bevolk" deur "klonterende" spinnekoppe teen die mure en wankelrige klopende paddas op die pad. Hier het die paddas en spinnekoppe as laer vorm van lewe 'n assosiasie met gif en vergiftigheid. In die gedig "code" (VG, 325) praat die digter van "monsters en serpenten" wat hom nie pla nie, terwyl hy soos 'n "tibetaan" tee drink.

Hierdie belewing van 'n onheilspellende landskap van ver en *naby* lei vir die personasie tot 'n oomblik van besinning – 'n samevatting ('n optelsom) van sy posisie, 'n nuwe fase in die gedig wat aandui dat die "ek" nog steeds bewus is van 'n Nirvana van "gedroomd geluk", 'n hiernamaals:

hij telde wat hij van gedroomd geluk nog over had.

Dit lyk egter asof die "die optelsom" in 'n retoriiese vraag omvorm kan word. Is die uitkom van die optelsom maar nie nul nie?

Siklies verwys hierdie versreël na die aanhef van die gedig saam met die derde versreël van die eerste strofe. Daar word gesê dat die hoofpersonasie aanvanklik deur geluk oorspoel is. Die geluk is weggeneem, maar uiteindelik sou die ek geluk kon vind deur gemeensamheid, deur hom te verbind aan 'n ander en die ander se drome met hom of haar te deel.

Waarskynlik word 'n mens hier gekonfronteer met die digterlike wanhoop en vertwyfeling – die droom wat verlore is. Dit wat essensiell van Lucebert se oeuvre is, lê aan skerwe: die kreatiewe spanning van die paradoks is verlore, soos beklemtoon deur die woordjie *nooit* wat deur herhaling 'n fatalistiese siening weergee:

nooit meer hopen *nooit* meer te mogen rekenen ... (My kursivering – JvdE)

Daar is twee essensiële dubbelpare wat teenoor mekaar staan: Die demoon uit die vullissak en die mens (adam) en God ("adonaj"). Is die spel van teëstellings wat die dinamiek van die digterskap moet verskaf, verby? Hy praat van die *dialoog* waarop die digterlike ek nie meer kan reken nie, nie meer op kan hoop nie: 'n Enkelvoudige restant is die droes – die duiwel – wat met afkeur sowel as met kyklus benader kan word, terwyl die menslike (adam) en die goddelike as ander teenpool van die dialoog verlore gaan. Die titel "de aflegging" kry hier tog wel die dieper betekenis van 'n sterfte. "Afleggen" en die daad van "aflegging" het naamlik ook die betekenis van "het reinigen (van een lijk) en met een doodsgewaad bekleden, gewoonlijk tevens van het bed afnemen ... en in de kist leggen" (Van Dale, 94). Versterkende betekenis wat Van Dale hierby aangee, is "het aflegen" in die betekenis van sterwe en "aflegging" as afstand neem van "eigenschappen en gezindheden". Veral die laasgenoemde betekenis is by die interpretasie van die gedig van waarde.

Die gedig "de aflegging" is myns insiens 'n sleutelgedig van verbreking: Slegs die

verbinding met die bose (die “droes”) hou stand ten koste van die ander pool, die positiewe, die goddelike of by implikasie die engel. Die verryking met die ander pool, Adam en adonaj (die geestelike en verheffende) wat die dinamiek tot die digterskap moet verskaf, het verlore gegaan.

Sou “de aflegging” dan ’n soort sluitstuk kon wees, ’n teleurstelling oor die verlore gaan van die lewewegende, inspirerende krag van die teëstelling? Laasgenoemde sou volmaaktheid moet bewerkstellig. Die dinamiekverwekkende wisselwerking/kontraswerking tussen die engel en die duivel het ontspoor. Die gedig “de aflegging” bevat al die elemente van Lucebert se digterskap. Dit bevat egter in die slot ’n element van ontnugtering. So word “de aflegging” uiteindelik ’n soort elegie, ’n treurmare oor verlies.

Ten slotte: Sou die “treurende engel” van 1992 (Jensen, 2001:afb 63) ’n konkretisering van “de aflegging” se boodskap kon wees? Die engel, aansienlik verklein, as boodskapper van “adonaj”, die goddelike, sweef bo ’n groteske figuur met verwronge gelaatstrekke.

En sou die plasing van die pentekening langs die gedig in die eerste teksuitgawe van *van de maltentige losbol* regtig toevallig wees? Dalk tog nie! Die afstand is eweneens daar. Die figuur met sy oopgesperde mond bereik nie die heilige Madonna met die Christuskind nie. Die dialoog kom, ondanks beskikbare middele wat selfs die tegnologie insluit, nie tot stand nie of is verbreek.

Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Bronnels

- Anoniem.** 1994. Lucebert overleden. *Boekblad*, 20 mei.
- Broos, C.H.A.** 1967. Lucebert-tekenaar-dichter-schilder. *Ons Erfdeel*, 10(4), Junie.
- De Feijter, A.** 1994. *Apocrief/de analphabetische naam. Het historisch debuut van Lucebert*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- De Geert, D.** 2011. Levensbericht Wilfried Maria Gustaaf Adam. In: *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden, 2009-2010*. Leiden.
- Groenewegen, H.** 2009. *Het handschrift van Lucebert*. Groningen: Historische Uitgeverij.
- Groenewegen, H.** (red.). 1999. *Licht is de wind der duisternis. Over Lucebert*. Groningen: Historische Uitgeverij: 278-294.
- Jensen, Jens Christian.** 2001 [2002]. *Lucebert Schilder – wording en analyse van zijn schilderkunst*. (Vert. Lucas Hüsgen). Nijmegen: Sun.
- Lucebert.** 2002. *Verzamelde Gedichten*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Oegema, Jan.** 1999. *Lucebert, mysticus. Over de roepingsgedichten en de ‘Open brief aan Bertus Aafjes’*. Nijmegen: Vantilt.
- Schrijversrentenboek.** 1965. *De beweging van Vijftig*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Van de Pol, B.** 1999. De kosmische kaakslag. Over Luceberts Hispanofilie. In:

Groenewegen, H. (red.). *Licht is de wind der duisternis. Over Lucebert*. Groningen: Historische Uitgeverij: 278-294.

Van der Elst, J. 1994. Lucebert en die religie: Een oratorium. *Literator*, 15(2): 67-79.

Note

1. Alle gedigte en sitate uit gedigte van Lucebert is ontleen aan sy *Verzamelde Gedichten* wat postuum in 2002 verskyn het. Deurgaans word in die teks na VG verwys.
2. Adonaj – die Hebreeuse benaming vir God – in plaas van Jehowa.
3. Uitgeverij De Bezige Bij bv verleen toestemming, mede namens die erfgename van Lucebert, om hierdie afbeelding te plaas.

“Harlekijns in den bonten stoet”? ’n Herbesoek aan die vroeë komiese poësie in Afrikaans¹

Wium van Zyl

“Harlequins in a pied parade”? A revisit to early comic poetry in Afrikaans

Some South African newspapers and individuals considered the so-called “Patriot movement” or First Afrikaans Language Movement’s efforts to transform “the taal” into a literary medium a joke. Quite ironically, part of the movement’s cultural campaign was based on the production and encouragement of poetical jokes and light verse. This article firstly deals with the reception and evaluation of this corpus of humorous poems in the history of Afrikaans literature, secondly it explores the relations of this cultural manifestation with the context of 19th century European cultural nationalism and thirdly examines its connections with the broader Dutch and international literary landscape of the time.

1. Inleidend

“Zotter onderneming is, onzes inziens, wel bijna niet denkbaar.” So reageer die redakteur van die Cradockse *Afrikaan* op 24 November 1875 op die nuus dat iemand in die Paarl ’n Afrikaanstalige koerant wil uitgee (Van Niekerk, 1920: 9). Hierdie uiteindelik ingrypende stuk Suid-Afrikaanse taal- en literatuurgeskiedenis word dus met ’n lag begroet. Die Cradockse redakteur was trouens nie die enigste met so’n houding nie. *The Cape Argus* (13.9.1877) skryf enkele jare later (*Di Afrikaanse Patriot* verskyn op 15.1.1876): “The promoters of the Patriot [...] movement are laughed at and ridiculed by their sensible countrymen, but they stick to their joke” en definieer die beweging as “comic self-entertainment” (*Paging Through History*, 2007: 35). Wat W.A. de Klerk (1979: 32–46) meer as ’n eeu later as ’n skoolvoorbeeld van maatskaplike vernuwing sou uitwys, was indertyd uiteraard nog onherkenbaar.

Die Patriot-beweging of Eerste Afrikaanse Taalbeweging (van die Genootskap vir Regte Afrikaners) het dus op sigself vir heelwat Suid-Afrikaners na ’n geekskeerdery gelyk, maar deel van die beweging se aanslag bestaan ironies genoeg juis uit die produksie en aanmoediging van komiese of speelse² poësie. Daarop wil ek my in hierdie artikel toespits: allereers om hierdie gewaande narre se bewus komiese gedigte te plaas binne ’n waarderingskurwe, ten tweede om dit te verbind met die konteks van die negentiende-euse Europese kultuurnasionalisme en ten derde om die bande daarvan met die breër Nederlandse literêre landskap te ondersoek omdat ook hier daarvan uitgegaan kan word dat “volstrekte nieuwheid, ‘ondenkbaar’ is”.³

2. Waardering

Afrikaanse kritici se waardering vir poësie van vóór die sogenaamde Tweede Afrikaanse Taalbeweging⁴ is in die geheel nie hoog nie en was met tye soms baie negatief. Dit in teenstelling met wat die hardkoppige redaksie van die *Patriot* self tydens hul werksaamhede voorgehou het. Vergelyk die volgende in die voorwoord van hul *Eerste versameling Afrikaanse gedigte* uit 1878: “Wat kan ‘n mens meer verwag van snaakse en geestige gedigte as bijv. ‘Moeilikheid om Lietjies te maak op ‘n Boereplaas?’” (Van Niekerk, 1920: 20). Lydia van Niekerk besluit ‘n aantal dekades later in haar proefskerif, *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en letterkundige voortbrengselen* (Van Niekerk, 1920: 148), omtrent hul digkuns: “Men mist er de eigenschappen, die voor de grootste sieraden van de poëzie worden gehouden, als rijkdom en schoonheid van beeldspraak, volle klank en krachtige melodie, stoute verbeelding en dichterlijke voorstelling; daartegenover staat wèl eenvoud en waarheid, sobere kracht en pittige spot in menig politiek lied, ‘n gezonde zin voor ‘t komiese, rake, soms zelfs geestige tekening – kenmerken van ‘n echte en nationale, hoewel bescheiden kunst.” Sy plaas in haar waardering dus die klem op die spottende en komiese.

Dekker (1935), skrywer van die eerste omvattende Afrikaanse literatuurgeschiedenis, is egter slegs bereid om die term “poësie” vir hierdie werk te gebruik as dit in aanhalingsstekens geplaat word “omdat die grootste gedeelte van die gedigte blote rymelary en die naam van poësie onwaardig is”. Wat volgens hom kort, is “besieling”.⁵ Volkome sonder waardering is hy egter nie vir die komiese nie. Dit is naamlik volgens hom “ons spotperiode”, al word ook dit selde kuns. Veel meer resent verwys Ohlhoff (1999: 36) in sy oorsig van “Die poësie van voor 1900 tot 1960” na W.E.G. Louw se suggestie uit 1978 dat ‘n mens “gerus kan sê” die Afrikaanse poësie begin met die werk van Marais, Celliers, Totius en Leipoldt, dus met die Tweede Beweging.⁶ Sover wil Ohlhoff (1999: 38–39) self egter nie gaan nie om veral twee redes: hierdie eerste poësie verteenwoordig vir hom ‘n postkoloniale verset met daaraan verwant ‘n klem op identiteit. En ten tweede: dit sluit “ligter” poësie in. Laasgenoemde is iets wat eers weer deur ‘n figuur soos A.G. Visser in die jare twintig beoefen sou word. Ook vir hom is spesifiek die komiese gedigte dus belangrik. Kannemeyer (2005) beklemtoon dat die “geestige poësie voor 1900” oor die algemeen van hoër gehalte is as onder meer die “strydgedigte” (Kannemeyer, 2005: 52).

Dit daarom interessant om van Mathijssen (2004: 215) oor die situasie in Nederland te verneem: “Uit de rijmeeuw bij uitstek, de negentiende, is van vele genres poëzie slechts één soort in omloop gebleven: de humoristische. Serieuze poëzie uit die eeuw wordt nauwelijks meer gelezen.”⁷ Die Nederlandse poësie van die 19de eeu bestaan immers uit ‘n magtige biblioteek in vergelyking met die klein korpus Afrikaanse gedigte.

Mathijssen se bevinding bots in ‘n mate met die van Van Wyk Louw (1972: 111). In ‘n reeks oor “Geestigheid in die poësie” tydens sy Nederlandse verblyf in die jare vyftig van die vorige eeu wys Louw daarop dat daar “die afgeloep paar jaar minstens drie

versamelings sulke verse gepubliseer is”, maar voeg by, “terwyl vir die Nederlander die poësie tog so in hoofsaak iets is wat uit die Hoë Sfeer moet neerdaal, of altans uit die Diepste Afgrond van die Siel moet opstyg”. As ’n mens Louw se bewering saamvoeg met Mathijssen s’n sou jy kon aflei dat ernstige eietydse poësie in die 20ste eeu voorkeur kry, maar dat “geestige” werk ’n langer rakleeftyd het.⁸ Louw se uitspraak oor Nederland kom andersins ooreen met die van Daniel Hugo (1988: xi) omtrent die kanonisering in Afrikaanse bloemlesings, ten minste tot die laat jare twintig van die twintigste eeu: “Bestaande bloemlesings gee ’n oorwegend diepsinnige en swaarwigtige beeld van ons poësie, ondanks die standaardlysie ‘klassieke’ komiese gedigte wat gewoonlik ’n plekkie gegun word: ‘Klaas geswind en sy perd’ en ‘Die steweltjies van Sannie’ van F.W. Reitz, Pulvermacher se ‘Dopper Joris en sy seiltjie’, Pikkedel se ‘Op Hartebeesfontein’, C.W. Joubert se ‘Nuttige reseppe’, ’n keuse uit A.G. Visser.” Buiten Visser is die “klassieke” waarna Hugo verwys huis werk van voor 1900.

Hoe dan ook, die hoër waardering van Afrikaanse literatuurhistorici vir negentiende-eusee digkuns met ’n komiese strekking kom ooreen met wat Mathijssen bevind omtrent dit wat bevatlik is vir Nederlandse lesers in die laaste deel van die twintigste en die begin van een-en-twintigste eeu.⁹ Ook Komrij meld in die inleiding tot sy *De Nederlandse poëzie van die negentiende en twintigste eeuw in 1000 en enige gedichten* (eerste druk 1979) dat sy keuse meer “op de satire, de maskerade, de afstandelikheid dan op de dodelijke ernst, de eenduidigheid en het volle leven” gerig is (Komrij, 1996: 5).

Maar vir eers weer terug na die Afrikaanse situasie. Die beskikbare Afrikaanse korpus is hoofsaaklik beperk tot twee bloemlesings. Allereers is daar die genoemde *Eerste versameling Afrikaanse gedigte* (1878) uit die *Patriot* wat later – na verskeie tussenpublikasies – uitloop op ’n finale bloemlesing getitel *Afrikaanse gedigte, byeenfersameld uit wat in die laaste 30 jaar verskyn is 1876–1906* (1906), hierna die 1906-versameling genoem. Die naam van die samesteller ontbreek en dit is nog altyd ’n debatteerbare kwessie hoewel sowel G.S. Nienaber (1951: 41) as Kannemeyer (2005: 49) dit aan S.J. du Toit toeskryf.¹⁰ Dit bevat altesame tweehonderd-en-sestien gedigte geselekteer uit publikasies in die *Patriot* en die se suster-tydskrif *Ons Klyntji* buiten vir “enkele uitzonderingen” (Van Niekerk, 1920:39). Die tweede is F.W. Reitz se *Twee en Sestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte* (1909), hierna die Reitz-versameling genoem, wat eweneens ’n finale produk is ná vorige bloemlesings (1888, 1897) en slegs vyftien verse bevat wat nie uit die *Patriot* kom nie (Van Niekerk, 1920: 40). Hoewel daar oor ’n tydperk van meer as veertig jaar (Pheiffer, 1987: Inleiding) voor die Eerste Taalbeweging sporadies Afrikaanse tekste gepubliseer is, bestaan daar na my wete steeds nie ’n volledige lys van hierdie tekste nie. Deels oorvleuel die twee bloemlesings ook nog.¹¹ Onder hierdie gedigte is die komiese gedigte maar ’n beperkte minderheid. Die rubriek “Grappige gedigte” in die 1906-bloemlesing bestaan maar uit nege titels en Reitz se “Grappige stukkies” tel agtien. Onder die ander rubrike is daar egter ook gedigte met ’n komiese strekking.

Verskeie kritici het al beweer dat al hierdie werk beskou moet word as ’n produk van die gewone mens, dus as teken van kollektiewe genialiteit en min of meer vergelykbaar

met die folkloristiese ontdekings van Europese optekenaars soos die broers Grimm. Minstens een lid van die Eerste Taalbeweging, G.R. von Wielligh, het hom ook intensief besig gehou met die optekening van taaleie-elemente (*Ons Geselstaal*) sowel as die orale verhaalskat van die San (*Boesmanstories*) en die Khoikhoi (*Dierestories*) hoewel die meeste daarvan pas gepubliseer is in die 20ste eeu net soos die vondse deur latere folkloriste.¹² In hierdie lig kan die volgende uitnodiging vir komiese tekste van die redakteur in *Ons Klyntji* van Augustus 1896 gesien word: “Daar is feul droge humor, feul grapmakery en luimige skerts onder ons Afrikaners. Fan di soort wil ek hê, alles moet inheems wees.” (Opperman, 1959: 3) Jare later sal ’n uitgesproke Afrikaner-nasionalistiese letterkundige, E.C. Pienaar (1945: 6), in die voorwoord van sy bloemlesing *Patriot-digtters* ook beweer dat hierdie doel bereik is: “Dis die VOLK wat hier aan die woord is en wat vir die eerste maal in sy geskiedenis tot die byna verbysterende besef kom dat hy kan praat – op papier kan praat soos hy dit in die huis en op die plaaswerf en die wapad doen, sonder om langer ’n ander volk se taal te moetleen”. Hy gebruik ook die term “volksgeestigheid”. Pienaar se bloemlesing is daarop gemik om belangstelling gaande te maak vir die oprigting van ’n Afrikaanse taalmonument in die Paarl om die Eerste Beweging te gedenk, iets wat lank na sy dood wel sou gebeur (1975).

3. “Cultuurnationalisme”

’n Watter mate die aktiwiteitie van die Eerste Beweging, insluitend die soekie na die inheemse digpoggings uit die volk, inpas binne ’n groter konteks van nasionalistiese ontwikkelinge in Europa van die negentiende eeu, blyk as dit geplaas word teenoor Leerssen (2011: 15) se studie *De bronnen van het vaderland*: “Cultuurnationalisme manifesteert zich overal in Europa als een *cultivering van cultuur*. Die cultuur omvat diverse deelgebieden: de taal, het tekstuele erfgoed (de manuscripten, verhalen, literatuur, historische documenten en oorkonden), praktijken en gedragspatronen (folklore) en materieel erfgoed en artefacten, van hunebedden tot het Muiderslot. De cultivering daarvan kon de vorm aannemen van inventariserende beschrijving, creatieve navolging of propagandistische proclamaties. Het cultureel nationalisme omvat dan ook activiteiten zoals het samenstellen van woordenboeken, het opstellen van taalactivistische manifesten, het uitgeven van oude teksten, het houden van congressen en het oprichten van standbeelden.” Nagenoeg al hierdie elemente is terug te vind in die aktiwiteitie van die Eerste Beweging.¹³

’n Opvallende deel van die gedigte in die genoemde twee versamelings bestaan egter uit vertalings en verwerkings van Europese tekste. Dikwels word die bronne aangedui: Scott, Burns, La Fontaine, Goldsmith, Ramler, Byron, Toergenjef, Goethe. Vergelyk ook die volgende aanduiding deur Van Niekerk (1920: 94) oor ’n komiese gedig in die 1906-bloemlesing: “n Waarschuwing tegen kokette meisjes werd gegeven in ‘Kerels, pas op!’ door Du Toit vertaald naar Longfellow’s ‘Beware!’ dat zelf weer ’n vertaling is van ‘Hüt du dich’, ’n volksdichtje uit ‘Des Knaben Wunderhorn’”. Elders (Van Niekerk,

1920: 40) wys sy uit dat vyf van die nege gedigte in die eerste Reitz-versameling wat nie uit die *Patriot* kom nie bestaan uit vertalings. Uiteraard word daar ook uit Nederlands vertaal: onder meer Cats, Bilderdijk en Tollens. Van Niekerk (1920: 97) sê daaroor: “De overzetting in ‘t Afrikaans bestaat in de meeste gevallen slechts uit de weglatting van buigingsvormen, echter lang niet altijd op konsekwente en korrekte wijze.” Daar is egter ook gevalle van toeëiening wat moeilik agterhaalbaar is. Een so ’n voorbeeld waardeur heelwat letterkundiges waaronder Pienaar geflous is,¹⁴ onthul Nienaber (1951: 41–42). Dit gaan oor die dikwels gebloemleesde “Vanselewe en Teenswoordig” (die datums as titels dui die historiese mentaliteitsverskille aan) wat in 1906 selfs onder S.J. du Toit se voorletters verskyn, maar later aan ene Willem Malherbe toegeskryf is. Nienaber noem: “Behalwe dat die dogter die koei melk, doen die lied as oorspronklik Afrikaans aan en geld as ’n voorbeeld van die Afrikaner se gevatheid.” Dit is egter ’n verwerking van ’n Engelse vers wat in 1869 in *The George Advertiser* oorgedruk is uit die Britse *Family Herald*. Ek druk eers die Afrikaanse weergawe af en direk daarna die oorspronklike Engels:

1786

Boer ploeg hom moe;
Dogter melk di koe;
Frou is and’ spinne;
Seun ry gerwe binne;
Geld in di kas!

1886

Boer is op swier;
Dogter speul klafir;
Frou sit in satyn;
Seuntji leer Latyn;
Plaas is belas!

1776

Farmer at the plough,
Wife milking cow,
Daughter spinning yarn,
Son threshing in the barn,
All happy to a charm.

1869

Farmer gone to see the show,
Daughter at the piano,
Madame gaily dressed in satin,
All the boys learning Latin,
With a mortgage on the farm.

Dit gaan hier egter om iets wat nie vreemd was in die negentiende-eeuse literatuur van hierdie aard nie. Jongejan (1932: 511–519) wys in haar studie oor *De humor-‘cultus’ der romantiek in Nederland* (1932) telkens voorbeeld aan wat wissel van sigbare invloed tot direkte navolging soos ten opsigte van onder andere Byron en De Musset. In verskillende tydperke is verskillende voorbeelde ook meer gewild, iets wat ooreenkoms met onder meer die heelwat navolgings van die Skotse digter Robert Burns (1759–1796) in Afrikaans.

Dit is egter ’n verskynsel wat daarop dui dat ten minste ’n deel van die sogenaamde “volk” nie werklik literêr naïef en onkundig was nie. Pheiffer (1987: Inleiding)

konstateer dat die grootste bydraers tot die 1906-bloemlesing die volgende was: C.P. Hoogenhout, M.H. Neser, S.J. du Toit, A. Pannevis, F.W. Reitz en J.D. du Toit. Hoogenhout (onderwysersopleiding) en Pannevis (student “klassieke letteren”) het in Nederland opleiding ontvang (eersgenoemde het sy onderbroke studies later by laasgenoemde “voltooi”) (Hoogenhout, 1926: 98). S.J. du Toit was ’n afgestudeerde teoloog, Neser is net soos J.D. du Toit outodidak, maar beskik oor ’n uitgebreide eie boekery (Nienaber, 1942: VII). J.D. du Toit word hierna ’n suksesvolle joernalis en uiteindelik drukkerybestuurder. Reitz was ’n regsgelerde wat sy studies aan die Inner Temple in Londen voltooi het. Dit lyk trouens onwaarskynlik dat die meeste ander deelnemers se belangstelling in die opbou van ’n nuwe letterkunde in die volkstaal nie verband gehou het met ’n mate van geskooldheid en letterkundige belangstelling nie.

Veeleerder as wat jan en alleman hier aan die woord kom, het ons te make met skrywers wat die toon van die gewone plattelandse Afrikaanssprekende probeer naboots. Nie die skrywers nie, maar eerder die doelgroep onder die lesers bepaal die aard van die werk. Dit is dus ’n kombinasie van erns en spel, veral nog by die komiese poësie. Wanneer Hoogenhout sy deur die samesteller van die eerste *Patriot*-bloemlesing so hoog geprese “Moeilikheid om Lietjies te maak op ’n Boereplaas” publiseer (in 1876, onderteken as “BOER”!), is hy onderwyser, ’n beroep wat hy nog vir dekades sou beoefen.

Die aansprake tydens en ná die Eerste Beweging dat “die volk” aan die woord gekom het toe die volkstaal ineens beskikbaar gestel is, is seker nie volkome onwaar nie, maar moet veel eerder beskou word as ’n uiting van negentiede-eeuse kulturnasionalisme.

In die eerste kanoniseringsproses deur verskillende bloemlesers is dit ook eerder hierdie “geleerde” skrywers (saam met Jan Lion Cachet, Nederlandsopgeleide teoloog) se werk wat oorheers. Die voorkeur is trouens dan nog vir hul ernstige, veral patriotiese gedigte. Ook die kanoniseerder by uitstek vanaf 1951, D.J. Opperman met sy *Groot Verseboek*, kies veral verse deur hierdie digters, aangevul met enkele anonieme verse (meesal uit later opgetekende volkspoësie). By Opperman verskuif die klem byna uitsluitlik na die komiese. Hierdie situasie word in verskillende uitgawes van *Groot Verseboek* ’n bietjie gewysig, maar tot in die jongste uitgawe (die van 2008 onder redaksie van André P. Brink), bly dit wesenlik dieselfde. Alleen die anonieme volksverse opgeteken in die 20ste eeu word in die latere uitgawes aanmerklik uitgebrei.¹⁵

4. Humor-“kultus”

Iets wat ondersoekers na die negentiede-eeuse Afrikaanse poësie sover ek kon vasstel konsekwent nagelaat het, is om dit te meet aan wat Jongejan in haar studie (1932) die “Romantische Humor-‘Cultus’” noem. Hierteenoor staan Dekker (Dekker, 1935: 30) se verklaring: “Ons moet hierdie geskrifte dus nie gaan toets aan die norme van die ryk Europese letterkundes nie.” Hy skakel met sy klem op waarde-oordele ook die moontlikheid van komparatistiese studie uit. Ek wil vervolgens wel as eerste proef

nagaan in watter mate hierdie korpus nie tog verbande het met en selfs kontekstueel geplaas kan word binne hierdie "kultus" nie.¹⁶

Jongejan (1932: 1) definieer soos volg: "Onder den humor-'cultus' verstaat men gewoonlik de overdadige en vaak geforceerde toepassing van humoristische en daarmee verwante comische elementen in levenshouding en literatuur gedurende de Eerste en Tweede Romantiek." Met "kultus" bedoel sy "cultuur, opzettelijke aankwekking". Van die begrip "humor" gee sy geen eenduidige omskrywing nie, maar haar volgende uitspraak kom dig in die buurt daarvan: dit is "een levenskunst om het leven te leven met de houding als voor een spel en toch met het voortdurend innerlijk besef, dat er geen sprake is van spel, zooals velen juist in den tijd van de humor-'cultus' ten onrecht meenden" (Jongejan, 1932: 10).¹⁷ Ook die weergawe van die komiese sónder 'n aanduiding van 'n onderliggende erns is hierteenoor vir Jongejan deel van die "kultus".

Mathijssen (2004: 217) beskryf die belangrike posisie wat komiese literatuur in die negentiende eeu in Nederland ingeneem het. In die almanak-publikasies was dit 'n vanselfsprekende bestanddeel naas ernstiger werk. Van 1832 tot 1880 bestaan daar egter ook die *Almanak voor Hollandsche blijgeestigen* wat 'n tyd lank uitgedaag is deur *Tisiphoné: almanak aan humor en satire gewijd*. Humor is 'n gewone bestanddeel in tydskrifte terwyl sommige blaaise selfs daarin spesialiseer. Onder laasgenoemde tel die *Humoristisch album gewijd aan liefhebbers van een vrolijke luim* (1855–1894), *De humorist: Magazijn voor luimige verhalen* (1854–1857), *Erasmus: tijdschrift voor beschaafde lezers* (1853) en *Momus: tijdschrift voor lagchers* (1859–1860). Groot name was digters soos Goeverneur, Van Zeggelen en L. van den Broek wie se bundels verskeie herdrukke beleef. Laasgenoemde geld ook vir Van Zeggelen se bloemlesing *Keur van scherts en luim, uit onderscheidene Nederlandsche dichters* (1854). Binne hierdie konteks vind die beskeie debuut plaas van Gerrit van de Linde, De Schoolmeester, wie se komiese werk saam met die van Piet Paaltjens die tyd oorleef het.¹⁸

Volgens Jongejan (1932: 1) begin die "kultus" omstreeks 1770 en kom dit min of meer tot 'n einde wanneer die poëтика van die Tachtigers dominant word. Dit bereik 'n hoogtepunt tussen 1840 en 1850 (Jongejan, 1932: 505). Haar studie neem trouens 'n sterk komparatistiese aard aan en sy plaas deurgaans Nederlandse tekste teenoor Duitse, Franse, Engelse, Amerikaanse en Deense voorbeeld. Dat hierdie soort digkuns onbekend sou gewees het by die deelnemers aan die Eerste Beweging of aan diegene wat daarvóór reeds sporadies komiese poësie in Afrikaans probeer skryf het, is onwaarskynlik.

Mathijssen vind tereg Jongejan se gevolgtrekkings en indelings steeds bruikbaar. Ten opsigte van dié se onderskeid tussen humor op grond van die beskrywing van 'n komiese situasie of karakter en humor wat op taaltegniek gebaseer is, kies Mathijssen laasgenoemde as vergelykingsinstrument in haar poging om vas te stel waarom De Schoolmeester se werk die tand des tyds beter oorleef het as die res. Ek wil vervolgens 'n soortgelyke benadering volg om aan die hand van Jongejan in te gaan op aanduidings van die verwantskap tussen die negentiende-eeuse Afrikaanse (en semi-Afrikaanse) komiese poësie en die humor- "kultus".

Hoewel Jongejan se eerste stel kategorieë soos Mathijsen aandui inderdaad minder spesifiek literêr is, sal dit afbreuk doen aan die totale beeld as dit buite rekening gelaat word ten opsigte van die Afrikaanse korpus. Dit sluit in die uitdaging van die heersende moraal, komiese situasietekening en komiese karaktertekening (Jongejan, 1932: 128, 174, 249).

By die Afrikaanse gedigte is daar weinig te vindé van 'n (in vandag se terme weliswaar versigtige) uitdaging van die seksuele moraal soos in die Europese tekste waarna Jongejan verwys. Dit staan in teenstelling met Van Wyk Louw (1970: 42) se veel latere beskrywing van 'n deel van die "volkspoësie" wat hy in sy "Klipwerk" (1956) sou inkorporeer: "soms kru; vol seksuele verwysings en maskerings, obscene dinge", ensovoorts. Terwyl hierdie soort Afrikaanse verse sekerlik in die laat negentiendaande eeu reeds in orale vorm bestaan het, was daar waarskynlik sprake van sensuur by die deelnemers aan die Eerste Beweging. Dit is ook te verwagte met die streng en uitgesproke Christelikheid van die redaksielede. In die werk deur hulle gepubliseer, is daar veel eerder spore hiervan te vind by 'n ontluistering van 'n romantiese voorstelling van die liefde soos in "Di Eerste Fersoek fan Japi an syn vrou" (Pheiffer, 1987: 163) waar die bruid in die begin nog as "myn stilbeminde" aangespreek word, maar dit ten slotte blyk sy word eintlik geroep om die eggenoot se broeksknoop aan te werk. ('n Hedendaagse leser sou daaruit wel ook 'n erotiese grap kon aflees.) Of 'n spottende waarskuwing teen die knelling van die troubelofte in "Di Steweltjiis fan Sanni" (Pheiffer, 1987: 71):

Dit help nou wynig om te huil,

Al het ek spyf fan Sanni,

Kon ek di ou ding mar ferruil,

Dan sou ek – mar ek kan ni.

'n Herhaaldelik voorkomende geval van "comische situatietekening" is volgens Jongejan (1932: 130) die "ongeofende ruiter" omtrent wie dan 'n chaotiese rit beskryf word. Onder die ruiters wat Reitz in sy bloemlesing bekendstel, is "Jan Jurgens" (Burger, 1978: 64-73) so een. Hy is "n burgerman/Van ansien en van roem;/ 'n Vrederegter was hy oek/ Op die fontein van Bloem". Wanneer sy geleende ros op loop sit, blyk Jan se onvermoë:

'n Man, die tog gên ruiter is,

Moet an die maanhaar hou.

So gooi ou' Jan die lîsels weg,

Om an die pêrd te klau.

Nie een nie, maar tweé onbeheerde ritte volg oor plaasverwe, deur 'n tolhek terwyl langs die pad "die honde blaf, die kinders huil". Die verteller verhewig die situasie deur te eindig met 'n patriotiese uitroep: "Die Vrijstaat boo!"

Beide bloemlesings stel in "Hoe ek gaan fry het" (Pheiffer, 1987: 162-163) so 'n ruiterself aan die woord wat al in die tweede strofe erken dat "ek so maklik fal". Ook hy hou aan die maanhaar vas om bo te probeer bly. Omdat hy nie die buikgord behoorlik vasgemaak het nie, val hy met sy eerste rit na die meisie toe dat sy klere "as-faal fan stof" is, die bloed loop en hy drie maande tuis moet herstel. 'n Volgende poging verloop beter tot die perd skrik, hy in die water beland waar hy "rooi// En geel en groen en swart en blou/ En alle kleure gelyk" word "Totdat ek weer so spierwit word,/ Soos wasgoed op di blyk". Die rede hiervoor is dat die meisie self op die toneel opdaag. Einde ten raad probeer hy 'n "bicycle", maar as hy die meisie die ja-woord probeer vra, antwoord sy hom deur uit te bars van die lag:

En toe het ek 'n besluit geneem
Om nooit meer iits te ry;
En dis di oorsaak dat julnou
Fer my te foet hiir kry.

Die komiese karakter- en persoonsuitbeeldings wat Jongejan (1932: 135, ens.) aanvanklik beskryf, sluit aan by die "humoristische typen" wat sy in 'n latere hoofstuk²⁰ uitvoerig katalogiseer.

Onder die komiese boustof vir hierdie tipes noem Jongejan naamgewing, karikatuuragtige kleding, 'n eienaardige manier van praat en die inspan van verskillende kontraste. Wat eersgenoemde betref moes die gebruik van gewone Afrikaanse name (Oom Jan, Neef Tys) asook byname (Ou Trapsoetjies) in die poësie aanvanklik vir die Afrikaanse leser 'n komiese effek gehad het net soos die tipiese arbeidersname (Windfo'el). Dit dui immers onmiddellik al op 'n ongekunstelde, maar bekende sfeer. In die spotlied "Stellaland" (Burger, 1978: 46-47) oor die terugroep van die by die Transvalers ongewilde kommissaris John Mackenzie uit die Britse deel van Stellaland, maak die gekoggel van sy naam deur 'n herhaaldelike geluidsnabootsing ("John Mackenzie,/ Moe nie grêns nie!") die essensie uit van die poging tot spot.

Ten opsigte van die "typen" beklemtoon Jongejan die spot met verteenwoordigers van die gereg (Jongejan, 1932: 274), iets wat in die Afrikaanse korpus verteenwoordig word deur "'n Proses" (Pheiffer, 1987: 68-69): "fal jy in met 'n prokureur,/ Jy kom daaruit 'mar-klere' skeur." Nog direkter vind ons dit in "Die prokureur sij hond" (Burger, 1978: 99-100) waar die "boer" gefnuik word al lyk dit of hy 'n waterdigte saak het.²¹

Die Tipologie is in Suid-Afrika al eerder bekendgestel deur François Thomas Burgers (Van Zyl, 2009: 40, 48) wat in sy *Toneelen uit ons dorp* (1866-69) 'n verskeidenheid lagwekkende figure ten tonele voer wat 'n Onderveldse dorp sou bevolk. Burgers skroom nie om ook die "bekrompe ortodoksie en skynvroomheid" van kerkmense te hekel ooreenkomsdig met wat Jongejan (1932: 276) aandui nie. Laasgenoemde ontbreek egter onder diegene wat in die negentiende-eeuse Afrikaanse poësie moet deurloop.

Hierteenoor is daar in die Afrikaanse korpus wel 'n verskeidenheid komiese boerefikure terwyl ook botsende variante van 'n Suid-Afrikaanse patriot ten tonele gevoer word. Ds. G.R. Keet is (onder die skuilnaam "Achtermekaar") die skrywer van "Een Patriot. Wat is een Patriot, Oupa?" wat oorspronklik in die *Cape Argus* verskyn het (Burger, 1978: 103). Die gedig spot met die soort Afrikaners wat hulle assosieer met die *Patriot*. Laasgenoemde word verteenwoordig deur "Oom Tijs van Kwaggaplaat". Hy is verkrampt wat die godsdiens betref al is hy min of meer 'n alkoholis (en dus verdag as rolmodel) wat "sij sopie" drink terwyl hy oor godsdiens praat en ook nog by sy ontbyt sowel as met slapenstyd. Hy is 'n vyand van belasting, die spoorweg, die "rooinek" en die Engelse taal, die sending onder die "swartjies" asook medici. Deel van sy inkonsekwente moraal is sy leestof: "sij 'Paterjot' en 'Almanak'" (eweneens 'n publikasies van die Eerste Beweging). Hierop antwoord onder andere Reitz onder die pseudoniem "Uitmakaar" met die gedig "Geen Patriot. Wat is Geen Patriot?" (Burger, 1978: 103). Ook hy stel vir "Oupa" aan die woord. Nou word aangedui dat iemand wat geen patriot is nie 'n "Jimmy" (Jingo?) is wat uit selfgewaande beskaafheid neersien op die "ignorant Boers", oordrewe (karikatuuragtig) modern geklee gaan ("Met 'steek-op' boordjes om mij strot"), ensovoorts. Die slotstrofe laat geen twyfel van die bedoeling nie, ook nie dat dit 'n dwarsklap is na "Achtermekaar" nie:

Daar's veule Jimmy's in ons land
Met meer geleerdheid dan verstand,
Die sig verbeel: dis pragtig mooi
Jou ei'e ruite in te gooí,
Of dat die wereld saam sal lag
Als jij jou ei'e bloed verag,
So 'n mens – dit seg ik nou ten slot –
Die is geen ware Patriot.

Reitz vind kennelik sy antwoord 'n satiriese uitklophou. Vandaar dat hy ook die gedig waarop hy reageer in sy bloemlesing opneem. Vir die sekerheid voeg hy egter nog 'n anonieme reaksie, "Wat is 'n Patriot" (Burger, 1978: 103), by.

Direk uit die Britse blad *Punch* word "Die Windmaker Engelsman" (Burger, 1978: 144) gehaal. Dit is 'n vertaling deur dr. Carl Voigt onder die skuilnaam "Karel". Die oorspronklike titel is "The Jingo-Englishman". "Blufferij, geveinsdheid, heerszucht, eigenbaat en onverzadigbare landhonger worden hem daarin verweten." (Van Niekerk, 1920: 57)

Jongejan (1932: 296) wys daarop dat humor en satire "de menschelike beschaving op den voet" volg en dat elke fase in die kulturele en politieke ontwikkeling ook só weerspieël word. Dit sluit in sowel kritiek as ondersteuning vir nuwigheide. By die Romantiese humor-“kultus” is kritiek op bepaalde aspekte van die Verligting sterk. Sy noem onder meer die spot met "verfransing" in Nederland (Jongejan, 1932: 296), iets

wat sy pendant in Afrikaans het die veelvuldige spot- en versetsgedigte ten opsigte van verengelsing. Vergelyk maar “Frytater” (sic!) se “Verengelsde Afrikaners” of ene “C.L.” se “Di Engelse Afrikaners”, beide in die 1906-versameling (Pheiffer, 1987: 10, 13). Laasgenoemde meld: “Di rooies lag jul uit as gek/ (Omdat jul so hul foete lek).”

Nog 'n tipiese saak wat volgens Jongejan in Europa gehekel is, is die moderne opvoeding (Jongejan, 1932: 290) en “dwaze geleerdheid” (Jongejan, 1932: 298-300). In Afrikaans moet diegene deurloop wat die Kaapse Engelstalige meisieskole gaan bywoon, destyds 'n statussimbool. “Jan, wat versiis maak” (C.P. Hoogenhout) se provoserende “Di Nointjiis fan di Onderfeld” (laasgenoemde 'n naam vir streke ver van die spoorlyn en moderne ontwikkeling) wek 'n hele debat. Hy noem hulle “Bedorwe goedjies, slim (?) geleer,/ Met geel en rimpelig fel./ En koppis wat fan hoogmoed skud!” Een van sy mikpunte is hul moderne haarstyl, volgens Van Niekerk (1920: 74) die “ponnie-haardracht” van destyds wat hy “gordyntji kop” noem en só karikatuuragtig voorstel. In die 1906-versameling (Pheiffer, 1987: 77-78) word drie reaksies opgeneem waarin “Bolandse Nointjiis” hulle verweer asook twee replieke deur “Jan”. Deel van Hoogenhout se argument is inderdaad dat die nuwe geleerdheid tot niks lei nie buiten dat die geleerde meisies nie mans gaan kry nie. (“n Slimme vrou en domme man, / Dit breng nooit gen geluk”!).

Een van die hoogtepunte van die “geestige” aanvalle in Nederland op die agtiende-eeuse vooruitgangsidees, is volgens Jongejan (1920: 351-355) Hildebrand se opstel in *De Gids* (1837) getitel “Vooruitgang”, “tegen de triomf van de ratio en de beteekenisoverschatting van de resultaten der wetenschap”. Dit lyk waarskynlik dat “Jan wat versiis maak” se gedig “Fooruitgang” (Pheiffer, 1987: 11-12, Burger, 1978: 91) na Hildebrand verwys. Die klag teen verengelsing in die Afrikaanse gedig (“Engels! Engels! Alles Engels! Wat jy siin en hoor”) het inhoudelik weinig met Hildebrand se ironiserend-humoristiese stuk te make en kan opsigself ook nie komies genoem word nie. Dit sluit egter wel deeglik aan by die spel met etiese ongerymdheid wat Jongejan (1932: 162) elders as nog 'n kenmerkende tema aanstip. Vergelyk die slot van die gedig:

En wat Afrikaans of Hollans praat en as syn taal begeer,
Di is dwaas, 'n arme sukkel, freeslik dom en ongeleer?
En as hy fan reg durf prate, word eenvoudig dit geseg:
'Jou rumoer en oproermaker, weet jy dan nie MAG is REG'”

5. Talige technieken

Hoe is dit gestel met die twaalftal “talige technieken” wat Jongejan identifiseer en aan die hand waarvan Mathijssen die oorlewing van De Schoolmeester se poësie motiveer? Dit is belangrik vir die kontekstualisering dat Jongejan (1932: 193) 'n aantal tegnieke aanwys wat tydens die “kultus” ontstaan het. Dit sou ook as maatstaf

kan dien vir die mate waarin die Afrikaanse negentiende-eeuse komiese poësie deel uitmaak van die Romantiek.

Die eerste taaltegniek van Jongejan (1932: 175) is die “congruent-making van het incongruente”. Hoewel dit nie oorvloedig voorkom nie, is spore daarvan duidelik te vind in die woorde van “Di Wonderdokter” (1906: 121) wat by die begroeting van die publiek (“frinde” genoem!) al stel “Ek hoop jul’s ongesond”.²²

’n Tweede tegniek is “wonderlijke of dwaas-realistiche beeldspraak” (Jongejan, 1932: 79). As Afrikaanse voorbeeld kan geld die vergelyking waarmee ’n oorverfynde Engelsopgevoede meisie as ’n “Parlour ornament” afgemaak word (“Wat die jonkmans wil”, Pheiffer, 1987: 152-153) of “di rooi-treur”, ’n gesigsiekte wat sou ontstaan van te veel Engels praat (“Klaagliid fan di Jonkmans”, Pheiffer, 1987: 149). Wanneer die hierbo genoemde geïrriteerde Klaas verneem hoe Jan teenoor Sarie verklaar dat haar liefde hom aantrek, voeg hy sinies toe: “Net soos ’n droge uintji/ ’n Honger bobbejaan!!” (Pheiffer, 1987: 141) Wanneer die verteller in “Hoe dit met my gegaan het” (Pheiffer, 1987: 160-162) se ma haar skoen uitpluk om hom daarvan ’n pak slae te gee, voeg hy toe: “d’ Ou ding di lyk glad nes ’n skuit! Soms kom die “wonderlike” wel voort uit ’n onhandige soeke na ’n rymwoord soos in “n Nuwerwetse Spook”: “Jan di merk nou hoe die lug/ Dik met wolke word bevrug” (Pheiffer, 1987: 84).

As ’n voorbeeld van die “klank en woordspel” (Jongejan, 1932: 187) waarna Jongejan verwys, sou die volgende kon tel in die “n Saak het twé kante”. Klaas Afgesê (afgewys) reageer naamlik soos volg wanneer Jan Angeneem aan Sarie Takhaar meeel “hoe’k jou liif het/ kan woorde ni fertel - !”: “Ek wil dit liifs nie hoor ni!” (Pheiffer, 1987: 141)

’n Vername taaleksperiment van die Eerste Beweging is die radikaal fonetiese wyse waarop met spelling omgegaan word. Nagenoeg alle woorde wat met ’n opvallend Afrikaanse spelling geskryf is sou daarom – ten minste heel in die begin toe dit nog ongewoon was – geklassifiseer kon word onder die gebruik van “comische woorde” waarna (Jongejan, 1932: 188) verwys. Die lezerspubliek was in die beginstadium immers uitsluitlik gewoond aan die formele Nederlandse spelling.²³

’n Volgende tegniek, die “comische herhaling van klanken” (Jongejan, 1932: 192), kom ’n mens onder meer teen in die perde-gedig, “Antwoord fan di Perd hirop” (Pheiffer, 1987: 160) wat steun op volgehoue uitroep van “He! Hal’, ‘Ja! Ja!’, ‘Hé!, Hé!””, ensovoorts.

Onder die kenmerkende taaltegnieke van die “kultus” (wat volgens Jongejan dus eie is aan die Romantiek) tel “niets ter zake doende inlassching van kernspreuken en sententies, losse ideeën” (Jongejan, 1932: 193); “digressies – afwijkende uitwidings en subjektief komische verteltrant” (Jongejan, 1932: 194); “comische verstoring der werkelijkheidsillusie en quasi ernstig-gemeende inlichtingen aan of toespraak tot die lezers die hun werkelijkheidsillusie juist verstoren” (Jongejan, 1932: 207) en dan ook “spel met de Romantische Fictie betreffende de bron van dat verhaal” (Jongejan, 1932: 212).²⁴

Die inlas van spreuke en “waarhede” kom dikwels voor in die Afrikaanse gedigte, maar haas nooit sonder verband met die vertelde grappige verhaal of situasie nie. In “Jan Bantjiis” (Pheiffer, 1987: 59) is “oom Flip” se wysheid egter nie noodsaaklik vir die (in wese ernstige) vertelling nie, iets wat die verteller ook direk daarna benadruk:

“So ’n Hottentot is baing taai,
Syn kop is nes ’n klip,
Al fal hy ook dat hy so skuif.”
So seg laas ou oom Flip.

Dit, frinde sal jul ook wel weet;
Dus gaan ek mar weer an, –
Om jul di stori te ferhaal
Hoe of dit ging met Jan.

Wanneer Jongejan dit het oor “digressies” verwys sy na prosaverhale. In die poësie is so iets uiteraard korter en beperkte invoegsels deur die spreker/verteller wat die nadruk plaas op die komiese verteltrant is eerder te verwagte soos die refreinreël “Glo my, so waar as ek hir staan” in “Hoe dit met my gegaan het” (Pheiffer, 1987: 160-162). Pulvermacher se “Dopper Joris en syn seiltjie”²⁵ bestaan hoofsaaklik uit ’n inventaris van Joris se besittings wat hy aan sy beminde Spekie meegeel as aanloop tot ’n huweliksaanbod in die slot. Twee “onnodige” uitweidings verhoog die komiese kwaliteit. Allereers noem hy die “ring wat maatjie opgetel het” en voeg by “Toet paatjie siek was by die see” en later in dieselfde trant die Bybel “wat maatjie eens gekog het/ Van die smous Aaron Oepl Behn”.

Die sogenaamde raadgiving in “Fer Dopstekers” (Pheiffer, 1987: 157) sal as voorbeeld gesien kan word van “quasi ernstig-gemeende inlichtingen” wat die werklikheidsillusie huis verstoor: “Mijn liwe ou maat,/ Hoor nou na myn raad:/ Lat drank tog mar bly/ Jou famili moet ly”, ensovoorts. Dieselfde geld vir die toegevoegde raaisel oor die skrywer se identiteit in die slot:

A – is myn naam,
H – is my fan;
Raai dit as jy kan!

Die aanwysing aan die begin van “Ou Windfool” kan as voorbeeld gesien word van ’n spel betreffende die “gesaghebbende” bron van die verhaal:

Neef Piit! Het jy al ooit gehoor,
Fan d’ wonderlike perd?
Oom Sarel het dit my fertel,
Dit is die moeite werd.

Oom Sarel sou dit gehoor of dalk selfs die verbandhoudende episode meegemaak het volgens die tweede strofe. Dat die Engelse dokter “Dokter Faam” sou geheet het, is al verdag, maar nog nie so onwaarskynlik soos die Afrikaanse naam van die perd, “Ou Windfool”, nie! Dit is tekens wat vooruitloop op die grootligg storie van die beskonke perd wat uiteindelik tot sowel rydier as wolprodusent getransformeer is!

Ek wil na aanleiding van die “kultus”-kenmerke ten slotte die aandag vestig op enkele besondere voorbeelde waarin verskeie van Jongejan se kenmerke teruggevind kan word terwyl daar ook nog ’n spannende dubbelsinnigheid gehandhaaf word en die komiese beslis heelwat verder gaan as skerts.

6. Spotlied

Die “begin van die Afrikaanse letterkunde” is volgens Kannemeyer (1978: 34) die lied “Ter eere van de Swellendamsche en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muisenburg in dato 7 Aug. 1795”. Dit is nie deel van die twee versamelings nie. Die teks (waarskynlik geskryf kort na die voorval) is pas in 1920 in ’n Nederlandse argief opgespoor en daarna selde in publikasies opgeneem.²⁶ Afrikaans word daarin gebruik as deel van ’n poging om die agterlikheid van sy sprekers te onthul, iets wat daarna meerdere kere in die negentiende eeu sou gebeur. Die gedig stel ’n kunsgreep bekend wat oor die volgende twee eeue herhaaldelik ingespan sal word in Afrikaanse poësie oor oorlog. Dit is om bittere kritiek, selfs weersin, saam te voeg met ’n skynvrolikhed en liriese woordmusiek om op hierdie wyse ’n verhewigde satiriiese impak te maak.

Die lied speel enersyds in op die Nederlandse tradisie van heroïese straatliedere, maar bied ’n satiriiese omkering daarvan. Daarom kan dit verbind word met die humor-“kultus” en raak dit onder meer aan wat Jongejan (1932: 173) noem die “contras tusschen deftige schijn en dwaze werkelijkheid”. Ook die taaltegniek van ’n “comische herhaling van klanken” (Jongejan, 1932: 192) is opvallend in die refrein. Die bekende juigkreet uit die heroïese tekste, “hoezee” word ingekapsel tussen “o jee” en “o wee” om dan eintlik ’n omgekeerde waarde te kry.

Hier word trouens ’n saak opgeroep waarteen die ondersteuners van die Eerste Beweging telkens probeer ingaan, naamlik dié van beweerde minderwaardigheid van die Afrikaanssprekendes: in post-koloniale terme die wantroue daarin dat inwoners van ’n kolonie of gewese kolonie werklik kan kompeteer met verteenwoordigers van die koloniseerders en Europese sentrums. (Vergelyk maar die gedigte “Geen patriot” en “Dat is ’n Patriot” waarna hierbo verwys is.) Die lied is egter ook by name gerig teen Petrus Jacobus Delpert, een van die Swellendamse Patriotte wat hulself soos die agtende-eeuse Patriotte in Nederland ideologies vereenselwig het met die Franse revolucionêre Nasionale Konvensie.

Die lied is waarskynlik geskryf deur ’n gegriefde teenstander, moontlik ’n Swellendamse VOC-amptenaar. Delpert en sy makkies het immers hierdie amptenare met disrespek tydens ’n plaaslike staatsgreep uit hul ampte onthef. Die afwykings van

Nederlands is beperk (Nienaber, 1971: 4) tot spelling wat uitspraakafwykings aandui soos "haasepat" vir "hazepad", "ons" wat gebruik word vir "wij" en werkwoorde in die meervoud wat infinitief geword het: "Ons juig", ensovoorts.

Die spreker wat aan die woord gestel word, is sogenaamd een van die Swellendamse revolusionêre boere wat saam met 'n kordate, demokraties verkose kommandant Delpert optrek Kaap toe om die Engelse inval teen te staan. Hy is egter deurgaans op 'n satiriese dubbelsinnige wyse aan die praat. In die begin al word hul ideaal gestel om "te blijven altoos National" , iets wat sodra hulle gekonfronteer word met die Engelse kanongeskut, totaal onhaalbaar blyk. Ook die insig van die demokraties verkosenes in militêre sake blyk onvoldoende. Delpert se "krijgsverstand" is beperk tot die skiet van "een groote vette bonte bok" en "assegaay of pijl". Die kommandant se selfoorskattung blyk ook daaruit dat hy sommer die hele land wil beheer "van kaffers grens tot deese strand". As daar egter koeëls en bomme op hulle afkom, is dit uit met die selfvoldane pyrokery:

Kom, laat ons achter 't heuvel spring, O Wee!
Want dat is vrij die beste ding,
Om daar te bergen onze gat;
Ons kies dan straks het haasepat. Gaat mee!

Grobbelaar (2009: 79-80) wys daarop dat die werklikheid heelwat anders daar uitgesien het as wat die satirikus dit hier voorstel. Die Swellendammers het trouens, nadat daar deur die Nederlandse bevelvoerder, luitenant-kolonel C.M.W. de Lille oorhaastig bevel gegee is om terug te val, nog telkens die invallers in hul opmars van Muizenberg na Kaapstad met klein skermutselinge lastig gevval. Delpert het uiteindelik by sy beginsels gestaan en geweier om die eed van getrouheid aan die Britse kroon af te lê en is na Engeland en later na Nederland gedeponeer waar hy in ellende oorlede is.

Uit die lied kan aangelei word dat die humor-“kultus” reeds op 'n vroeë stadium neerslag gevind het aan die Kaap en in die Afrikaanse poësie.

7. Koloniale geskiedenisles

S.J. du Toit se "Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het" maak (in moderne spelling) deel uit van die kanon in die meeste bloemlesings wat 'n literêr-historiese oorsig probeer bied.

Dit gaan hier om 'n op die oog af komiese situasie, naamlik 'n eenvoudige en waarskynlik ongeletterde lid van die Griekwastam ('n Khoi-groep, dus "oorspronklike bewoners") wat aan die kinders van blanke boere sy eie weergawe van hul groep se geskiedenis weergee. Opperman (1974: 118) wys dit aan as die eerste "dramatiese alleenspraak" in Afrikaans. In die opsig is dit onder meer verwant aan Multatuli se veel skerper satiriese "Kruissprook". "Ou Danster" wat aan die woord gestel word, is

in Jongejan (1932: 233) se terme 'n "humoristische type". Die eienaardige spreekwyse (Jongejan, 1932: 146, 188, 192) gaan hier egter besonder ver. Die gedig is deel van die vroeë pogings om Afrikaans tot literêre taal te omvorm, maar eksperimenteer ook reeds met 'n taalvariant daarvan, Griekwa-Afrikaans.

'n Voorlopige "dwaze conclusie" (Jongejan, 1932: 153) blyk al uit die outokratiese besluit van die Griekwa-kaptein "Kiwit" dat die Nederlandse skip wat verskyn "n grote watergans" is. Ook in die slot volg 'n fatale verkeerde afleiding wanneer die Griekwas weens hebsugtigheid wat dié van die Hollanders ewenaar, direk in die vuurlinie van 'n kanon beland en so hul grondgebied verloor.

Die gedig is deurspek met komiese vergelykings wat pas by die optiek van iemand by wie alle kennis van die Europese tegnologie ontbreek en vir wie ook die "Duuusvolk" opsigself "naar en aardig" lyk. Die watergans-beeld word byvoorbeeld volgehou nadat die moderne leser en eintlik ook die Griekwas in die verhaal besef dat dit om iets anders gaan. Die skeepsbote word beskryf as "kleintjies" en die stryk van die seile as die opvou van "syn flerke". Die fatale kanonskoot noem hy "koper (wat) hoes". Dit kom ooreen met wat Jongejan (1932: 179) noem "wonderlijke of dwaas-realistische beeldspraak". Hiervan is die vergelyking in die eerste strofe, "So waar as waar di waarhyd is", reeds 'n voorbeeld.

Ou Danster het 'n eie verteltrant met vele komiese herhalings, digby wat Jongejan (1932: 192) as tipies in die humor-"*kultus*" aanwys. Bogenoemde waarheidsaanspraak vorm byvoorbeeld 'n refrein dwarsdeur die gedig, iets wat huis die waarheidsgehalte verdag maak.

Die verhaal word histories gesien vertel aan boere-kinders "hiir by di Grootriffir", 'n ander naam vir die Oranjerivier/Gariep. Die vestiging van blanke boere in hierdie gebied het eers nagenoeg anderhalwe eeu ná die vestiging van die VOC aan die Kaap plaasgevind. Dat Danster dus teenwoordig kon wees by die voorval wat hy beskryf, is onmoontlik. Ons het daarom hier te doen met wat Jongejan noem 'n "spel met de Romantische Fictie betreffende de bron van dat verhaal" (Jongejan, 1932: 212).

Hoewel 'n mens vandag beswaarlik oor die komiese aard kan twyfel, word dit in die 1906-bloemlesing waarby Du Toit baie waarskynlik seggenskap gehad het nie onder "Grappige Gedigte" nie, maar in die afdeling "Uit Ons Geskidenis" geplaas. Die aard van die spot in die gedig het uit 'n postkoloniale perspektief gesien 'n skerp satiriiese byt. Die kwessie van grondeienaarskap en die koloniale erflating is immers vandag opnuut deel van 'n heftige Suid-Afrikaanse debat. In die gedig word die Europeërs vanaf die begin al voorgestel as onetiese handelaars:

En ons wat Griekwas was breng fet,
Tamaai fet skaap en bok en bees:
Hul gé ons klyn stuk koper net,
Ons gé tamaai fet skaap en bees:
Ons was nog dom gewees.

Al gou wil die Europeërs ook grond koop met 'n misleidende transaksie. Die koloniseerders voorsien die toekomstige verset deur die bewoners. By hul terugkeer onderdruk hulle dit met geweld wat by implikasie digby genocide kom:

Di Koper hoes; – di derrems waai;
En in die lug die laaste man!
Wat leef di hardloop wat hy kan.

Onder komiese vermomming word dus die anti-kolonialistiese kritiek voortgesit wat Afrikaanse lesers op daardie stadium reeds by Multatuli (terselfdertyd volgens Jongejan (1932: 537) 'n "heksluiter van de humor-'cultus' in ons land"), maar ook Burgers (2007: 23-24), in die anonieme "Brief van 'n verdrukte Grikwa" (Nienaber, 1971: 47) en "Di Klaagliid fan di laaste Boesman" (opgeneem in die 1906-bloemlesing, Pheiffer, 1987: 21) sou kon teengekom het.

8. "Romantische onbeheerschtheid"

Hierteenoor staan die hilariële, die totale "nonsense verse" wat deur Opperman (pas in die tweede uitgawe van *Groot Verseboek*) opnuut 'n plek gebied is in die moderne kanon: C.W. Joubert se "Nuttige Reseppe" (Pheiffer, 1987: 163). Vergelyk maar die eerste van die reeks kwatryne:

Fer Hoofpyn.

Tinktikiis bloed en kraai se aptyd;
Fiir lepelis honde blaf;
Jakhals syn byt en wolf syn huid,
Ek ysterfark syn draf.

Dit kan geplaas word in die konteks van wat Jongejan (1932: 331-333) noem die "spot met medici en medicijne". 'n Nederlandse voorbeeld hiervan is Vosmaer se "Apologie der Geneeskunst" waarin hy die term "pharmacomanie" versin by sy beskrywing van hoe iedereen "zoordanig de behoefté (gevoelt) naar medicinale hulp, dat hij liever door haar sterven, dan zonder haar leven wil"! Andersins span Joubert die eerder genoemde "comisch mechaniek" in van "de zoogenaamde congruent-making van het incongruente", "het in één adem noemen van ongelijksoortige dingen om door de tegestelling van het bijeengevoegde ongelijke een comische effek te bewerken". Hoewel die tegniek al veel ouer is, word dit tydens die "Kultus" gereeld ingespan en is dit kenmerkend van "de romantische onbeheerschtheid en uitbundigheid en romantische zucht tot het abnormale en bizarre" (Jongejan, 1932: 175).

Joubert se "incongruente" gaan veel verder ten opsigte van die "bizarre" as enige van

die voorbeeld wat Jongejan aanwys en kan in die opsig sekerlik 'n literêre prestasie genoem word. Die geluids nabootsende voëlnaam "tinktinkie" en beskrywende "ysterfark" (Nederlands: stekelvarken) bevestig intussen die Afrikaansheid en benadruk 'n "klank en woordspel" (Jongejan, 1932: 186) wat in spanning staan met die dan nog dominante kultuurtaal, Nederlands.

9. "Romantische onbeheerschtheid"

Mathijssen (2004: 218) waarsku dat die "standaard komische situasies" nie beperk is tot letterkunde nie en Jongejan dui gereeld aan dat baie van die "talige technieken" eweneens nie uniek is aan die "humor-'cultus'" nie. Desondanks meen ek dat hierbo genoeg aanwysings gelewer is dat die Afrikaanse komiese poësie van die negentiende eeu as nou verwant met die "kultus" beskou moet word al het dit in verskillende opsigte 'n eie aksent. Ook hierdie Afrikaanse digters kan dus gesien word as "harlekijns in den bonten stoet van 'humoristen', die in de kleurigste en meest groteske vermommingen en met de wonderlingste bokkesprongen het carnaval der Romantiek medevieren" (Jongejan, 1932: 264).

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnellys

- Boshoff, S.P.E. & Du Plessis, L.J.** 1918. *"Piekniekliedjies" (ballade-poësie), woorde met wijsiemusiek*. Twee dele. Pretoria/Amsterdam/Kaapstad: H.A.U.M, Jacques Dusseau en J.H. de Bussy.
- Brink, André P.** 2008. *Groot verseboek*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Burger, C.J.S.C. (red.)**. 1978. *F.W. Reitz Outobiografie met sy twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Burgers, Thomas François.** 2007. *Tonele uit ons dorp*. Kaapstad: Africana Uitgewers.
- Davenport, T.R.H.** 1966. *The Afrikaner Bond, The History of a South African Political Party, 1880-1911*. Cape Town/London/New York: Oxford University Press.
- Dekker, G.D.** 1935. *Afrikaanse Literatuurgeschiedenis*. Kaapstad/Bloemfontein/Pretoria: Nasionale Pers.
- Dekker, G.D.** 1943. Inleiding. In: Anton Bergmann. *Ernest Staas*. Pretoria/Kaapstad: H.A.U.M, Jacques Dusseau en J.H. de Bussy.
- De Klerk, W.A.** 1979. *Tyd van vernuwing*. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Toit, S.J.** 1924. *Suid-Afrikaanse volkspoësie, bydrae tot die Suid-Afrikaanse Volkskunde*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Francken, E. en Renders, L.** 2005. *Skrywers in die strydperk. Krachtlignen in de Zuid-Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Giliomee, H.** 2003. *The Afrikaners: Biography of a People*. Cape Town: Tafelberg.

- Grobbelaar, Pieter W.** 2009. *Kinders van konings. Volksballades: tekste en bladmusiek*. Pretoria: Protea.
- Hoogenhout, P. Imker.** 1926. C.P. Hoogenhout. Persoonlike herinneringe uit sy lewe en werk. In: *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (1875-1925). Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond.
- Hugo, D.** 1988. *Speelse verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Jongejan, E.** 1932. *De humor-'cultus' der romantiek in Nederland*. Zutphen: W.J. Thieme & Cie.
- Kannemeyer, J.C.** 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur 1*. Kaapstad/Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-2004*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Komrij, G.** 1996. *De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuw in duizend en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Komrij, G.** 1999. *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Leerssen, J.** 2011. *De bronnen van het vaderland. Taal, literatuur en de afbakening van Nederland 1806-1890*. Tweede druk. Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1954. "Klipwerk". In: *Nuwe verse*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1972. *Opstelle oor ons ouer digters*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Liebrechts, P., Praamstra, O. en Van Zyl, W.** 2013. *Zo ver & zo dichtbij, literaire betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.
- Malherbe, F.E.J.** 1924. *Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse Letterkunde*. Tweede, hersiene en vermeerderde druk. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Mathijssen, M.** 2004. *Nederlandse literatuur in de romantiek 1820-1880*. Amsterdam: Uitgeverij Vantilt.
- Nienaber, G.S.** 1951. Die Eerste Letterkundige Pogings in Afrikaans. In: PJ. Nienaber (red.). *Perspektief en profiel: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, G.S.** 1971. *Afrikaans in die vroeër jare*. Tweede verbeterde en uitgebreide uitgawe. (Patriot-vereniging vir Afrikaanse Teksuitgawes, nuwe reeks no.4.). Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Nienaber, PJ.** "Die taalmonument". In: J.J. van Tonder, *Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika*. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg 1961: Nasionale Boekhandel.
- Ohlhoff, H.** 1999. Perspektief op die Afrikaanse poësie: die poësie van voor 1900 tot 1960. In: H.P. van Coller (red.). *Perspektief & profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis*, deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Opperman, D.J.** 1951. *Groot verseeboek: 'n Bloemslesing uit die Afrikaanse poësie*. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Opperman, D.J.** 1959. *Wiggelstok*. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg: Nasionale Boekhandel.

- Opperman, D.J.** 1964. *Groot verseboek*. Tweede uitgawe, sesde druk. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Opperman, D.J.** 1974. *Naaldekoker*. Kaapstad/Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers.
- Paging through history, 150 years with the Cape Argus.** 2007. Johannesburg/Kaapstad: Jonathan Ball Publishers.
- Pheiffer, R.H.** (red.). 1987. *Afrikaanse gedigte byeenfersameld uit wat in di laaste 30 jaar ferskyn is 1876-1906*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.
- Pienaar, E.C.** (red.). 1945. *Patriot-digters, bloemlesing uit die dig- en rymwerk van die Patriot-tydperk (1875-1905)*. Kaapstad/Pretoria: H.A.U.M, Jacques Dusseau en J.H. de Bussy.
- Sötemann, A.L.** 1985. *Over poetica en poëzie*. Groningen: Wolters Noordhoff.
- Van Niekerk, L.** 1920. *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en letterkundige voortbrengselen*. Tweede druk. Kaapstad/Bloemfontein/Pietermaritzburg: De Nationale Pers.
- Van Zyl, W.J.** 2009. Thomas François Burgers en die Nederlands/Afrikaanse dorpsverhaal. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 16(1): 29-48.
- Von Wielligh, G.R.** 1958. *Dierestories*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 1925. *Ons geselstaal: 'n Oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 2009/2010. *Versamelde Boesmanstories 1, 2*. Pretoria: Protea.

Note

1. Hierdie artikel is 'n uitgebreide weergawe van 'n opstel wat onder dieselfde titel verskyn het in Liebregts, P. e.a. (red.) se *Zo ver & zo dichtbij* (2013). My dank aan dr. Eep Francken vir etlike wenke wat ook hier verwerk is.
2. Dit is die term wat Daniel Hugo verkies in sy bloemlesing *Speelse Poësie* (1988). "Komiese" is myns insiens 'n helder, betreklik eenvoudige en omvattende term, anders as die verwikkeldere begrip "humor" soos in die ondersoek van Malherbe (1924) en Jongejan (1932). Ook Jongejan weerhou haar in die praktyk van 'n eng definisie en betrek uiteindelik 'n breë skala as die korpus wat sy bestudeer.
3. Ek verwys hier na 'n uitspraak deur Sötemann (1985: 40) wat ek as uitgangspunt neem.
4. 'n Belangrike datum vir hierdie nuwe impuls is die publikasie van Eugène Marais se gedig "Winterdag" in 1906. Dit gaan vir my in hierdie artikel om poësie wat oorspronklik in die negentiende eeu gepubliseer is.
5. Dekker (1935: 3). 'n Mens kan hierin Willem Kloos se eis vir die "allerindividueelste expressie van de allerindividueelste emotie" herken. Elders (1940: 10) noem hy "kuns is die noodwendige uiting van die ontroerde kunstenaarsgemoed".
6. Ook Francken en Renders (2005: 48) handhaaf hierdie standpunt oor die "echte" Afrikaanse poësie.
7. Mathijssen verwys na die tydperk voor 1880 en dus die Tachtigers.
8. Louw, wat as digter in die jare dertig die "hoë, koue paaie" verkies, is op hierdie stadium besig om ruimte te beding vir sy eie "Klipwerk"-verse wat sterk, soms platvloerse komiese elemente insluit. As 'n ernstige uitspraak oor die Nederlandse letterkunde moet sy woorde dus nie beskou word nie.
9. Haar artikel is oorspronklik in 1985 gepubliseer.

10. Du Toit is op daardie stadium so in onguns by die potensiële Afrikaanse lezerspubliek oor sy anti-republikeinse standpunte tydens die Anglo-Boereoorlog dat dit geen goeie verkoopstrategie sou gewees het om sy naam op die omslag te plaas nie. So 'n strategie sou nie vir hom vreemd gewees het nie want as redakteur van die *Patriot* moes hy heel in die begin eweneens sy rol verswyg omdat hy domineer was in 'n gemeente waar die kerkraad teen die publikasie gekant was soos Van Niekerk (1920: 22) vermeld.
11. Ek gebruik moderne uitgawes van hierdie bloemlesings: Pheiffer (1987) s'n van die 1906-versameling en Burger (1978) s'n van die Reitz-versameling.
12. Vergelyk onder meer Boshoff en Du Plessis se *Piekniekliedjies* (1918, 1921) waaruit enkeles wel in poësiebloemlesings teregkom en S.J. du Toit se *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (1924).
13. Dit sluit in die plasing van 'n gedenksteen op Burgersdorp in 1882 vir die toelating van Nederlands as debatstaal tot die Kaapse Parlement naas Engels na 'n veldtog waarby die *Patriot* 'n groot rol gespeel het. Onder gedeeltelike aanvoering deur een van die Eerste Beweging se leiers, S.J. du Toit, is daar vervolgens op 17 Januarie 1893 'n taalfees op die dorp gehou waarby 'n ingevoerde lewensgroot vrouebeeld onthul is om "moedertaal" te versinnebeeld met 'n gedenkplaat in haar hand waarop geskrywe staan "Vryheid voor de Hollandse taal". Selfs 'n groot boerekommando ruk op vir die geleentheid! Vergelyk Nienaber (1961:64-69). Oor kultuurnasionalisme as onderdeel van 'n politieke nasionalisme, vergelyk ook Davenport (1966), veral hoofstuk 3 (28-53) en Giliomee (2003, o.m. 218-219).
14. Ook Komrij (1999: 170) neem die gedig op in sy Afrikaanse bloemlesing.
15. In hierdie opsig is daar wel 'n duidelike wysiging by Gerrit Komrij (1999) wat in "de grootste bloemlezing die ooit uit die Afrikaanse poëzie werd gemaakt", sy *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten*, deurgaans aan komiese werk ongeveer ewevel gewig toeken as aan die ernstige. Sy versameling vroeë poësie sluit ook Nederlandse Kaapse verse in en stel skrywers van vroeë Afrikaanse humorgedigte soos G.M.A. Hahnekom, "alias Oom Knoppies" van Morreesburg die eerste maal in die 20ste (en 21ste) eeu bekend.
16. Wanneer Dekker (1943:28) oor die Nederlandse Letterkunde skryf, toon hy hom bewus van hierdie stroming, maar beperk hom tot 'n oordrewe eng definisie. Dit is vir hom naamlik "die teenstelling tussen die lagwekkende en smartlike", dus 'n bepaalde literêre spanning waarna gestreef word
17. "Humor" word dus beskou, soos F.E.J. Malherbe (1932: 6), na wie sy instemmend verwys, dit stel, as 'n "samegestelde gevoel", 'n dubbelsinnig toestand. Malherbe bespreek wel die negentiende-euse Afrikaanse werk, vind humor daarin "baie skaars"(178), en verwys nooit na verbande met die "kultus" nie.
18. Mathijssen (2004: 273) vertel in 'n ander artikel dat toe Van der Linde in 1834 na Engeland moes vlug nadat sy verhouding met 'n professor se jong vrou ontdek is, hy 'n Leidse musikantdogter swanger gemaak het en die domineer met wie se dogter hy verloof was hom wou dwing tot 'n huwelik terwyl ook woedende skuldeisers op sy spoor was, van sy vriende voorgestel het dat hy na die Kaap de Goede Hoop moes emigreer. Die bevragting wat dit vir Afrikaans sou kon inhoud, het helaas nie plaasgevind nie omdat hy nie hiervoor kans gesien het nie.
19. Dit is 'n vertaling van Cooper se "John Gilpin" deur Reitz self volgens Van Niekerk (1920: 40).
20. Jongejan (1932), hoofstuk 4.
21. Ook hierdie gedig is in werkelikhed direk uit die Europese humor-'kultus' gehaal want volgens Van Niekerk (1920: 91) is dit 'n vertaling van Fritz Reuter se "Die Rechnung ahn Wirt".

22. Verwant hieraan, maar nie soseer berustend op taal spel nie, is die geval met "Ou Windfool" (Burger 1978, 62-63), die perd wat nadat hy afgeslag omdat hy doodgewaan is nie slegs 'n vel-oorplanting met die huide van skape kry nie. Die leser verneem naamlik uiteindelik: "Al jare lewer hy syn wol/ Geregeld kan hul skeer!/ Dan is hy nog ryperd bo'n op".
23. Jongejan (1932: 146) plaas 'n verwante taalaspek reeds onder situasietekeninge, naamlik 'n "eigenaardige manier van spreken".
24. Die res gaan om 'n spel met die "grafische laag" van die gedrukte teks, iets wat nie haalbaar was by die eenvoudige drukwerk van die Paarliese nie. Beide versamelings word wel opgeluister met tekeninge.
25. Hierdie "klassieke" gedig (soos Hugo dit kwalifiseer) uit 1873 is merkwaardig genoeg nie in een van die twee versamelings opgeneem nie, maar het danksy Opperman se *Groot verseboek* gekanoniseer geraak.
26. Grobbelaar 2009, 77 – 80 neem dit gelukkig (buitensy vir enkele strofes) op in sy *Kinders van koning, volksballades: tekste en bladmusiek*. 'n Volledige teks is te vind in Komrij (1999: 41-42) en Nienaber (1942: 1-2).

Skryf- en tikriglyne

Taal

- Afrikaans of Nederlands/Vlaams. Gebruik die geldende spelling van hierdie tale.

Titel

- Titel links bo, outeur regs onder titel (vetdruk). Die outeur se affiliasie verskyn in kursief (nie vetdruk) onder die artikel, bokant die bronnelys.

Samevatting

- Vir opname in *TN&A* word daar 'n samevatting in Engels van maksimaal 150 woorde benodig. Dit verskyn ná die titel en outeursnaam. Daar moet nie 'n hofje "Abstract" of "Opsomming" wees nie. Vertaal asb. ook die titel van u bydrae na Engels.
- Die samevatting verskyn in kursief. Indien daar na boektitels verwys word in die samevatting, word dit nie gekursiveer nie, maar verskyn dit in gewone skrif.

Font en paragrafering

- Vir keuring: 12 punt, spasiëring 1,5.
- Vir setter: 12 punt, enkelspasiëring.
- Nie oop reëls tussen paragrawe nie, behalwe voor en na 'n blokparagraaf en voor 'n hofje.
- Die eerste paragraaf onder 'n afdelingstitel kom teenaan die kantlyn. Opvolgende paragrawe moet asseblief ingekeep word.

Afdelingnommers

- Gebruik asseblief die stelsel van 1, 1.1, 1.2, 2, 2.1, 2.2 ensovoorts.

Aanhalings

- By aanhalings word gekrulde dubbele aanhalingstekens gebruik, met gekrulde enkelaanhalingstekens vir 'n aanhaling binne 'n aanhaling. Voorbeeld:
- Hutcheon (1985: 74) skryf as volg: "Note that he said 'temporary' 'suspension' and not permanent destruction of 'prevailing norms'."
- By aanhalings val die leesteken slegs binne die aanhalingstekens wanneer dit deel vorm van die aanhaling. Indien slegs 'n gedeelte uit 'n sin aangehaal word, hoef daar nie 'n leesteken te kom voor die sluit-aanhalingstekens nie.
- Langaanhalings (meer as 40 woorde) word in 'n blokparagraaf (belyn/gejusteer) geplaas, met 1 cm aan weerskante oop. Onderskei hierdie blokparagrawe deur middel van witreëls van die res van die teks. Geen aanhalingstekens word in

sulke gevalle gebruik nie, wel waar die aanhaling deel van die ingekeepte teksblok vorm. Gebruik in so 'n geval enkelaanhalingstekens. Die paragraaf wat op 'n blokparagraaf volg, word nie ingekeep nie.

Ander riglyne

- Gebruik vierkanthakies vir “[sic]” en kursiveer “sic”.
- Gebruik vierkanthakies indien u kommentaar wil lewer, byvoorbeeld: [kursivering deur my].
- Gebruik vierkanthakies en drie stippels indien u woorde uitgelaat het uit 'n aanhaling.
- Moenie afkortings gebruik nie (skryf “onder meer” en nie “o.m.” nie).

Verwysingsmetode

- Maak gebruik van die Harvard-sisteem van titelbeskrywing en verwysing.
- Verwysings in die teks word as volg aangedui: die naam (name) van die outeur(s), komma, jaar van publikasie, spasie en bladsynommers tussen hakies.

Voorbeeld:

(Lijphart-Bezuidenhout, 1984: 40-42). Andersins: Lijphart-Bezuidenhout (1984: 40-42) beweer dat [...]. Let op: spasie na dubbelpunt.

Bronnelys

- Die bronnellys verskyn onder die artikel, onder die outeursaffiliasie en bokant die endnote.
- Die hofje “**Bronnelys**” kom in vetdruk, nie belyn/gejusteer (die term “Bibliografie” word nie in Afrikaans gebruik nie); “References” in Engels; Nederlandse outeurs verkies term “Bibliografie”.
- Alle publikasies waarna in die artikel verwys word, verskyn agteraan in die bronnellys.
- Bronnellys: Gebruik die outeur se van soos wat dit op die titelblad van die bron staan. Indien die voornaam daar voorkom, moet dit nie in die bronnellys afgekort word nie.
- Bronnellys: Van en naam/voorletters in vetdruk, links uitgehef (hangparagraaf, 1cm)
- Artikeltitels word nie gekursiveer nie en ook nie in die bronnellys tussen aanhalingstekens geplaas nie.

Voorbeelde:

Groeneboer, Kees. 1993. *Weg tot het Westen. Het Nederlands voor Indië: een taalpolitiese geschiedenis*. Leiden: KITLV.

Foster, Ronel. 2004. Poësie as herskrywing van die geskiedenis. Pirow Bekker se historiografiese metagedig “Apollo Smintheus”. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 11(2): 99-126.

- By Engelse bronne word soortname met hoofletters geskryf.
- Redaksionele kommentaar (vertaler, samesteller, ingelei deur, seisoenname in tydskrifnommers) in taal van artikel.
- Plekname in taal van artikel.
- Daar hoef nie aangedui te word welke druk/uitgawe u geraadpleeg het nie, maar dit sal waardeer word indien u die oorspronklike verskyningsdatum tussen hakies kan plaas.

Voorbeeld:

Bakhtin, Mikhail. 1988 (1940). From the Prehistory of Novelistic Discourse. In: Lodge, David (Ed.). *Modern Criticism and Theory. A Reader*. London & New York: Longman. P. 124-156.

Note

- Daar word van 'n stelsel van endnote gebruik gemaak; hulle verskyn onder die hofie “**Note/n**” onder die bronnelys. Links en regs belyn/gejusteer.
- Verwys in teks na endnote deur Arabiese syfers in boskrif: ^{1,2,3,4}.



Titel:	Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
---------------	--------------	------------	------------	-------------	-------------	------------

Voorletters en van: -----

Adres: -----

----- **Kode:** -----

Tel. (W): ----- **(H):** ----- **(Faks):** -----

Sel: ----- **E-pos:** -----

Besonderhede vir inbetaling:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

SAVN

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingnommer: U van en voorletters

- Faks, e-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,
Dr Nerina Bosman, by die onderstaande adres:

Faksnommer: 012 4202349

E-posadres: nerina.bosman@up.ac.za of kogie.dekamper@gmail.com

Posadres: Departement Afrikaans, GW 15-9, Universiteit van Pretoria, 0002 Pretoria.

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

Kantoorgebruik

Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansiennr.	Faktuurnr.